


**TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE**

JAARGANG 4 NOMMER 1



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

Tydskrif
vir Letterkunde

KWARTAALBLAD VAN
DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

Redakteur:

C. M. VAN DEN HEEVER

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees

F. J. Eybers en W. A. de Klerk.

JOHANNESBURG

1954

MAART 1954

JAARGANG 4 : NOMMER 1

INTEKENGELD: 15/- (posvry)

Los nommer in die handel: 5/- per eksemplaar

Uitgegee deur

Die Afrikaanse Skrywerskring

Administrasie:

Professor Abel Coetzee, Posbus 1176, Johannesburg

Inhoud

	Bladsy
DR. P. C. SCHOONEES: SY STANDPUNT HET GESEËVIER, P. J. Nienaber	5
GEDIG, W. van Heerden	11
GESIGSPUNTE OOR DIE PROBLEEM — KULTUURVER- VLAKKING, V. C. Wood	13
GEDIGTE, G. Jezelijn	21
DIE BANTOE EN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE, Abel Coetzee	22
DIE DIGTERSKAP VAN ERNST VAN HEERDEN, S. J. Pretorius	26
GEDIGTE, Elizabeth C. M. du Toit	31
DOLL, P. D. Swart	34
GEDIG, J. Nel van der Merwe	44
'N VLAAMSE DIGTER VEROWER BERLYN, Marcel R. Breyne	46
GEDIG, Adèle Naudé	58
POND VIR 'N PERSKE, Dirk Richard	59
GEDIG, Vincent van der Westhuizen	73
DIE JONG SKRYWER, C. M. van den Heever	75
VERTWYFELING, W. A. Hickey	81
BOEKBESPREKING	87
UIT DIE TYDSKRIFTE	92
NUWE AFRIKAANSE BOEKE, P. J. Nienaber	94

Afdrukke: P. C. SCHOONEES
ERNST VAN HEERDEN

Dr. P. C. Schoonees: Sy Standpunt het Geseëvier

P. J. NIENABER

Die Afrikaanse letterkundige kritiek hou verband met die opkoms van die Afrikaanse letterkunde. Voor 1900 verskyn daar 'n paar bloemlesing-digbundels, 'n historiese roman en enkele nouvelles.

Waarskynlik die eerste poging tot „literêre kritiek” is afkomstig van die redaksie van *Die Afrikaanse Patriot* na aanleiding van A. J. Herholdt se *Afrikaanse Lietjie* (15 Maart 1876): „Ons wens dat Meneer Herholdt vir ons meer gedigte wil stuur. Ons het nog geen gedig gekry wat so deur-en-deur Afrikaans is in taal en gees nie. Net mar, ons stem nog nie met hom same, dat die Hollans nou met die skuit moet weggestuur worde na Holland toe nie. Ons het Hollans vereers nog nodig.”

Haas al die boeke word bespreek, maar van letterkundige kritiek kan daar nouliks sprake wees; die waarde van die gedigte word hopeloos oorskat; estetiese maatstawwe is daar nie. Dien 'n geskrif die nasionale saak, maak dit propaganda vir Afrikaans, word dit hoog gestel — wat vreemd is aan die Afrikaanse gedagte, word onvoorwaardelik verdoem; die „kritikus” (altyd naamloos) word dan heftig, fel persoonlik. Dit was reklame-kritiek vir die volksaak, en het met letterkunde weinig gemeen gehad.

Hierdie vertroeteling van die Afrikaanse boek word na 1900 'n tydlank voortgesit deur die redakteur van *De Goede Hoop*, adv. J. H. H. de Waal. Hy as taalstryder het in die verskyning van elke Afrikaanse boek 'n nuwe bydrae tot die erkenning van Afrikaans gesien, en daarom is die boek aangeprys, veral as dit baie spanning bevat het — na skoonheidswaardes is nie gesoek nie.

Ons eerste letterkundige kritikus is G. S. Preller. Hy het by die Tagtigers in die leer gegaan, hulle kunsopvattinge sy eie gemaak en dit toegepas op die Afrikaanse letter-

kunde. Hy skryf nie meer net boekaankondigings nie, maar studies in essayvorm. Hy het dit as sy taak gestel om ook lerend op te tree en letterkundige begrippe te verduidelik, die tegniek van die poësie, die wese van die roman. Hy is tuis in die kunsterminologie en soek na estetiese waardes. Sy opvattinge kon hy toepas op goeie letterkundige werk, soos die poësie van Jan Celliers en Totius. Kritiek was vir Preller iets persoonliks.

Hoe groot Preller se invloed was, is moeilik te bepaal. Sy kritieke het aanvanklik in *De Volkstem* verskyn, later in *Die Brandwag* (1910-1922). In hierdie tydskrif kom nou ander kritici na vore, soos prof. J. Kamp, Eugène Marais, en D. B. Bosman. In 1916 word *Die Huisgenoot* opgerig, en daarin verskyn nou ook boekbesprekings.

Daar was egter nog geen bepaalde rigting in die Afrikaanse literêre kritiek nie, en tot ongeveer 1920 is elke nuwe Afrikaanse boek met gejuig binne gehaal, is dit geprys en sterk aanbeveel by die lesers. Die taalstryders het geen ongunstige kritiek op 'n boek verdra nie, want dit het afbreuk gedoen aan die taalsaak, was niks anders as nasionale verraad nie.

Maar in 1920 verskyn daar 'n jong Turk op die toneel wat in hierdie toestand verandering gaan bring, en die haat van baie skrywers en selfs letterkundiges vir hom op die hals haal: P. C. Schoonees. Ek noem die jaartal 1920, hoewel die letterkundige oorlog eers in 1922 met die verskyning van sy Amsterdamse proefskrif (*Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging*) losgebars het. Tog het hy reeds in 1920 in 'n artikel wat hy as student in Amsterdam geskryf het: *Gedagtes oor ons Letterkunde (Die Huisgenoot, Junie 1920)* die stryd aangebind teen, wat hy genoem het, die „vertroeteling” van ons letterkunde. „In die laaste paar jaar,” skryf hy, „het daar 'n oorweldigende aantal boeke in Afrikaans verskyn; en omdat in die taalstryd juis die wapens so uiters belangrik was, kon die kritiek dikwels nie onvoorwaardelik veroordeel nie. Maar nou begint die tyd verby te gaan waarin ons 'n boek gaan aanbeveel eenvoudig omdat dit in Afrikaans geskryf is. Vir ons jong skrywers is daar nou g'n aanleiding meer vir dié oorhaasting waardeur in die verlede veel middelmatig op die pers gekom het... Nasionale eersug het nog nooit 'n letterkunde van blywende waarde gefabriseer nie, eenvoudig

omdat dit iets is wat nie gefabriseer kan word nie. Gun die kunstenaar die tyd om met rustige toegewydheid sy taak te troetel en te streef totdat hy daarin die fynste roersele van sy siel kan uit, die teerste opwellings kan verklank. Laat die koorsagtige strydstemming van die laaste tyd ons hoofde nie op hol bring nie."

Hierdie artikel het onopgemerk verbygegaan, maar dit was die eerste skote wat Schoonees afgeskiet het. Twee jaar later verskyn sy proefskrif, en daarin verklaar hy: „Nou dat die taalstryd feitlik afgeloop is, word dit tyd om vas te stel wat ons dusverre bereik het; om te waardeer wat skoon is, om te laak wat gebrekkig is. Tyd om die voortbrengele van ons kuns te meet aan die meesterstukke van die buiteland." (bl. 26).

Hier is die kern van sy standpunt, en hieroor sal daar nou 'n hewige stryd gevoer word in die Afrikaanse letterkundige wêreld.

Ons moet dadelik daarop wys dat dr. Schoonees nie 'n dankbare taak gehad het nie. Tot 1922 het daar nog geen enkele Afrikaanse prosawerk van groot letterkundige betekenis verskyn nie, met die uitsondering van *Uit Oerwoud en Vlakte* van Sangiro. Die werklike opbloeï van ons prosa begin eers in 1924.

Dr. Schoonees het homself 'n drieledige taak gestel met sy proefskrif. In die eerste plek wil hy 'n volledige beeld gee van die stand van ons prosa destyds. Daarom bespreek hy ook *Prosa uit die Tydskrifte* en *Historiese Prosa*, wat eintlik buite sy veld lê.

In die tweede plek wil hy prys of „laak." As hy prys, is hy gulhartig, waarderend. „Hoe dankbaar moet ons nie wees," sê hy na aanleiding van *Uit Oerwoud en Vlakte*, „dat daar kunstenaars soos Sangiro is, wat ons nader aan die natuur bring, wat ons iets laat begryp van die intieme lewe van die diere." Maar as hy laak, is hy skerp, dikwels sarkasties, vernietigend in sy spot. Onder sy striemende houe moes deurloop skrywers soos Slyphsteen, De Waal, J. H. Malan en veral G. R. von Wielligh.

Derdens wil dr. Schoonees ons prosawerke „meet aan die meesterstukke van die buiteland"; hy reken dat die tyd verby is om alles aan te prys, net eenvoudig omdat dit 'n boek in ons „dierbare" Afrikaans is; dit lei tot self-oorskating. „Nou wil hy sy volk 'n diens bewys en hulle

wakker skud uit hulle soet droompies van letterkundige grootheid. Alleen met die hoogste kunseise gaan hy genoeg neem en sy volk toon hoe agterlik hulle nog is. Die kultuur-historiese gaan hy ondergeskik maak aan die estetiese maatstaf, en wil as boetprofeet van die veronregte skoonheid optree." (G. S. Nienaber: *Afrikaanse Letterkundige Kritiek*, bl. 87.)

Die verskyning van dr. Schoonees se proefskrif het die land geskud; dit was 'n „ruwe nasionale skok"; hy het niks minder as volksverraad gepleeg nie! Skrywers het in opstand gekom, en ook kritici, soos prof. J. Kamp en F. E. J. Malherbe, het na die pen gegryp. Die boek het aanleiding gegee tot 'n ernstige (die eerste?) letterkundige polemieks in Afrikaans.

Eintlik pateties is die brief van G. R. von Wielligh (*Die Huisgenoot*, Januarie 1923): „Waarom moet dr. Schoonees die gebreke van die meeste skrywers op hoflike wyse neerskrywe, en waarom moet hy met adv. J. H. H. de Waal, met andere en met my die *spot* drywe deur ons voortbrengsels met bespotlike voorwerpe te vergelyk?"

F. E. J. Malherbe, toe nog student in Amsterdam, tree in 'n bespreking van die boek (*Die Huisgenoot*, Febr. en Maart 1923) in die bresse vir Von Wielligh en Langenhoven, en oefen sterk kritiek uit op dr. Schoonees se werkmethode. 'n Besonder deeglike studie verskyn van prof. J. Kamp in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (1923-24) waarin hy o.a. sê:

„Onder ons is de kritiek tot dusver nog niet met Filistijne geweldadigheid opgetreden. De eer (en de blaam die natuurlikerwijze daarby hoort) van dit 't eerste gedaan te hebben, komt toe aan de Schrijver van bovengenoemde dissertatie. Dit boek is 'n boek van kritiek zonder aanzien des persoons. De gevolgen van zijn publikatie zijn dan ook niet uitgebleven; het Filistijns geweld door hem gepleegd, is al aanstonds teruggeworpen op zijn kop, blijkbaar om die tot Afrikaanse bezinning te brengen. En dat is goed; maar intussen kan toch gekonstateerd worden, dat dit boek van veel energieke arbeid; dit boek met z'n elementen van groot gelijk en groot ongelijk, 'n plaats van blijvende betekenis veroveren zal in ons literaire wereld."

Die tyd het geleer dat hierdie voorspelling bewaarheid is.

Dr. Schoonees het 'n hewige polemieks gevoer met C. J.

Langenhoven — hulle standpunte was onversoenbaar: Schoonees die dienaar van die skoonheid, en Langenhoven die dienaar van die volk.

In sy repliek (*Aan my Resensente: „Die Huisgenoot,”* Mei 1923) stel dr. Schoonees nogeens sy standpunt: „Want net soos die Afrikaner in 'n tiental jare op taalgebied 'n omwenteling deurgemaak het wat onder normale omstandighede ander volke 'n paar eeue geneem het, so behoort ook op literatuurgebied die patriargale tydperk, waarin die volk tevrede was met die prulrympies, kinderromantiek en soetsappige sedesprakies, al feitlik tot die verlede. Die kunstenaar wat as leier van Jong Suid-Afrika wil optree, moet *modern* wees.”

Hiermee was die storm nog nie verby nie. By die verskyning van die tweede uitgawe van *Die Prosa* wy dr. F. E. J. Malherbe vier artikels in *Die Huisgenoot* (20 Mei-29 Junie 1928) aan die boek waarin hy beduie dat hy verantwoordelik is vir dr. Schoonees se „frontverandering,” en dat dr. S. o.a. van hom die idee gekry het van 'n ontwikkelingsgang in Jochem van Bruggen se kuns. Hierdie artikelreeks lei tot een van die heftigste polemieke wat ons nog ooit in Afrikaans gehad het en waarin dr. Schoonees sonder twyfel as oorwinnaar uit die kryt tree.

In die voorwoord tot die tweede druk het dr. Schoonees self verklaar: „In my jeugdige ywer vir 'n goeie saak het ek in die eerste druk verskillende skrywers, wat hoewel geen woordkunstenaars nie, tog uitstekende dienste bewys in die opbou van ons Afrikaanse kultuur, te ongenadig uit die sinagoge gewerp. Dit was vir my 'n voorreg om hierdie onreg te herstel, hoewel my kritiese gewete my sekere beperkings opgelê het.”

In die tweede (1927) en derde (1939) druk is dr. Schoonees veel meer besadig en nie meer so skerp in sy oordeel nie, maar hy het toe reeds die stryd gewen — sy standpunt het, ten spyte van die heftige teenstand, tog geseëvier; hy het ons letterkunde 'n groot diens bewys; hy het 'n nasionale daad van betekenis verrig, en daarmee sy naam vir goed in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde gevestig. Sy standpunt het geseëvier, omdat dit gesond en suiwer was — vandag dink almal soos hy. Dit pas ons om hulde te bring vir die pionierswerk wat hy verrig het.

As ons sy werk noukeurig bestudeer, blyk dit duidelik dat hy sy hele lewe deur 'n ewewigtige kritikus was, 'n betroubare gids. Hy het natuurlikerwyse soms sy opinie omtrent 'n bepaalde werk gewysig, maar aan flagrante mistastings het hy homself nooit skuldig gemaak nie. Daar kan kritiek op sy werk uitgeoefen word, bv. dat die historiese lyn in ons prosa nie altyd skerp uitstaan nie, dat hy te veel let op taal- en stylfoute, dat hy volgens 'n te vaste patroon beoordeel, maar daarteenoor staan dat sy boek nog steeds die volledigste geskiedenis van ons prosa is; dit is 'n vraagbaak oor skrywers en hulle werke wat jou selde teleurstel. Die derde druk (1939) het hy aangevul, met sy *Tien Jaar Prosa* (1950), waarin die vernaamste skrywers van die tydperk 1937-1947 bespreek word. In hierdie bundel kom ook sy belangrike opstel voor oor *Ons Mooiste Prosa*.

Volledigheidshalwe vermeld ons nog o.a. die volgende boeke deur hom: *Jannie* (1926); 'n verhaal, en verder drie bundels opstelle: *Kleingoed* (1929); *Dink vir Jouself* (1940), en *Verskeidenhede* (1948). In 1947 is hy aangestel as hoofredakteur van *Die Afrikaanse Woordeboek*, waarvan die eerste deel reeds verskyn het.

Alhoewel hy nou sy aandag toespits op woordeboekwerk, bly sy belangstelling in die letterkunde, en veral die kritiek, nog net so onverminderd soos altyd. Daarvan getuig die gedeë, deurdagte kritieke van hom wat nog steeds in tydskrifte verskyn.

W. van Heerden

AANDENKING

(vir Dirk en Yvonne)

St.
Vincent.

Stippel op die kaart.

'n Naam wat bekoor
in die lied van die water.

Eiland-teen-die-Wind
met 'n legende oor
die meer wat opgevang is in sy krater.

.

Die kruin van 'n vulkaan,
'n klein smarag,
groen edelsteen,
sal opspits uit die oseaan
en groei totdat die skip sy vaart
verminder om tot rus te kom
vlak teen
dit aan.

Dan sal die eiland daar lê soos 'n droom,
vars in die vroeë dag,
soom
van geskulpte strande om
dit heen,
en geil beklee
met die verdiese bos van die trope.

Karibiese blom
ope
aan môrelug en skitterende see.

Die huisies, roos en bottergeel gekleur,
skuil tussen boorde palms slank en hoog;
oor alles rus die vrede en 'n geur
van speserye wat in sonlig droog.

Meer as verwagting, mooier as die mees
ewokatiewe woorde
oort kan wees.

.

St. Lucia is sigbaar na die noorde.
Suidwaarts strek
die honderd Grenadines tot by
Grenada en die Draak-se-Bek.

'n Eiland-ketting bo
'n blou
so diep en klaar
dat niemand dit sou glo.

Juwele van 'n snoer
wat die Mar de las Antillas afgeskei
van al die wyer waters hou
waarop die skepe vaar
wat na die vertes van die aarde voer.

Die argipel waar altyd somer is,
en 'n passaat-wind uit die oos-kwadrant;
gebied waar eers ons wense heen verlang
en later, na ontmoeting, heugenis
keer na die soepel kurwes van 'n strand
waar hoë palms oor die water hang.

Gesigspunte oor die Probleem — Kultuurvervlakking

V. C. WOOD

„Daar is baie duisende denkende ouers in ons land wat diep besorgd voel oor die skrikwekkende invloed wat op hul kinders uitgeoefen word deur die oppervlakkigheid en geestelike barbarisme van die jukebox- en blêrfliëkkultuur, die kultusse van vroulike eksibisionisme en oulik-gekruide seks- en liefdesverhaaltjies, die moord en doodslag, geweldpleging en lewensvervalsing wat daagliks deur ons eie perse en ander propagandakanale versprei word.”

Aldus het 'n tydskrif onlangs die geestelike vervlakking van ons tyd treffend saamgevat. Graag wil ek enkele gedagtes uitspreek oor hierdie onderwerp, veral na aanleiding van die twyfelagtige leesstof waarna verwys word.

Omdat ek daagliks onder „kultuurmense” groot meningsverskil oor dié aangeleentheid teëkom — sommige praat dit goed, ander verdoem dit — wil ek liefs my gedagtes in die vorm van 'n streng persoonlike standpunt of credo inruim. My enigste bedoeling is om diesulkes wat van dié euwel bewus is, dog oppervlakkig daaroor nadink, tot ernstiger bepeinsing te prikkel en moontlik tot nuwe insigte te voer; allermens om teenargumente uit te lok of in 'n polemiekie gewikkel te raak.

Ek glo dat:

As ons eendersyds die huidige toestand op kultuurgebied teen die milieu van ons Christelik-Westerse kultuurbesit — 'n erfenis van meer as 2,500 jaar — stel en andersyds teen die agtergrond van die Afrikaner se ontwikkeling op kultuurgebied, sê die afgelope 80 jaar, en by laasgenoemde veral in ag neem die fenomenale opbloeie op letterkundige gebied in die twintiger-dertiger jare, moet ons tot die slot-som kom, as ons eerlik wil wees, dat daar die afgelope ses jaar of meer ernstige tekens van kulturele verval te bespeur is. Daar is tans beslis 'n banale, volksvreemde stroom wat naas ons tradisionele kultuur vloei en deur progressiewe

insypeling en besoedeling dreig om dit te verwoes. Vir my is hierdie stroom niks anders nie as die slyk van 'n kultuur wat elders afgewater is en gedegenerer het. Dat honderd-duisende Afrikaners reeds op hierdie „swynedraf” teer, is 'n gedagte wat mens met siddering en die allergrootste besorgdheid vervul.

Hoewel hierdie stroom langs verskillende kanale vloei — mens dink in dié verband onwillekeurig ook aan die goedkoop sensasiefilm — glo ek dat die hoofkanaal tans die twyfelagtige lektuur is wat tydskrif- of boekklubgewys daaglik meer en meer Afrikaanse lesers meesleur.

Ek hoef u nouliks te herinner aan wat met dié soort lektuur bedoel word. Die hooftema is steeds op die primêre en so geredelik vatbare menslike drif — seks — gerig en om hierdie tema word verdigsels verweef wat met moord, geweldpleging, bedrog, rampokkery, buite-egtelike liefdesverhoudings, seksuele omgang onder ongehudes en dergelike banaliteite saamhang. Die tegniek ken u maar té goed — die suggestief-geklede, soms halfnaakte vrouefiguur, een of meer pornografies-gekreude klimaxgrepe, die sinneprikkelende by- en opskrif en die sensasionele omslag.

Hierdie soort leesstof met sy verwronge waardes, valse heroïsme en skewe lewensbeeld moet noodwendig sosiologies sy nadelige invloed hê en wel om die intensiewe wyse waarop verslaafde lesers die vervalste situasies beleef en hulle met die doen en late van die karakters vereenselwig. Dis bekend dat dergelike *ego-identifisering*, net soos in die geval van die goedkoop sensasiefilm, maklik in gewoonte-handeling oorgaan en uiteindelik die gedragspatroon van die verslaafde word. Wat as verdigting bedoel is, word dus as norm aanvaar. Ek is daar oortuig van dat baie vorms van losbandigheid en wangedrag, selfs wetsoortredings, na die inwerking van dié soort leesstof teruggevoer kan word. 'n Bekende sosioloog sê in dié verband: „The pornographic approach is unreal — no one can live in a permanent state of titillation — and therefore gives the young a false outlook on life; such a false outlook necessarily brings maladjustment with subsequent psychological and social illnesses.”

Die woorde wat 'n Engelse regter onlangs ontval het toe hy twee pornografie-belhamels met 'n gevangenisstraf van ses maande en 'n boete van £6,000 bestraf het, is betekenis-

vol. Hy het verklaar: „One can only hope this trial will mean a step towards the realm of pure and exhilarating literature and not this kind of debasing stuff, which, sooner or later will drag the whole public into a veritable pool of depravity . . . The books must have brought vividly to our minds the abyss of filth to which the nation is drifting.”

Op kulturele gebied beteken dit iets veel erger: bedorwenheid en verwrongenheid van smaak, asmede die vernietiging van juis daardie geestelike waardes waarsonder gesonde kultuurgroei nie kan gedy nie.

Aan diegene wat nog daaraan twyfel of dié soort leesstof nadelig op die smaak van die lesende Afrikaner inwerk, wil ek die volgende vrae stel:

- (i) Waarom voer ons kultuurblaaië al hoe meer 'n wankelbestaan en word hulle stryd om aan die lewe te bly, al hoe heftiger?
- (ii) Waarom het sommige van hulle reeds die stryd gewonne gegee?
- (iii) Waarom het ou, gevestigde tydskrifte wat so 'n belangrike rol in die kulturele ontwikkeling van die Afrikaner gespeel het, hulle ou standarde moes prysgee en hulle by die nuwe stroom moes aanpas?
- (iv) Waarom vind ou gevestigde koerante dit nodig om dié soort leesstof in bylaagvorm op te dis?
- (v) Waarom is dit dat die uitgewer tans nouliks die finansiële risiko kan neem om 'n werk van letterkundige gehalte die lig te laat sien of van die ouer werke wat uit druk is en mens byna klassiek kan noem, te laat herdruk?
- (vi) Waarom doen so baie van ons erkende skrywers onder skuilname aan dié lektuur mee?
- (vii) Waarom vind taalonderwysers reeds die prototipe van dié soort stof in senior leerlinge se opstelle?

Die antwoord lê voor die hand.

Die hele aangeleentheid hang ten nouste saam met die behoud van ons Westerse kultuurbesit, veel nouer as wat ons wil besef. Dis te betwyfel of die uitdaging wat Afrika tot sy handjievul blankes rig, ons 'n ander keuse laat as om steeds as waardige draers en handhawers van ons kultuurerfenis op te tree; trouens, die uitdaging is reeds so groot en sal mettertyd so oorweldigend word dat ons noodgedwonge steeds 'n hoër beskawingspeil sal móét na-

streef. Neem ons hierby die vurige aspirasie van die nie-blanke in ag om die Westerse beskawingsvorm te assimileer, rus die verantwoordelikheid des te duurder op ons om kultureel die toon aan te gee. Dis m.i. ligsinnig om in ons verwysing na die rasseprobleem slegs die natuurlike- of kleurlingprobleem te noem. Dit het reeds ook 'n blanke-probleem geword. Een ding is seker: 'n uiteindelijke algehele verslapping van ons Westerse waardes hier te lande — en dit is die rigting waarin sake ontwikkel — sal moontlik die kragtigste faktor word wat die skeidsmuur tussen blank en nie-blank sal laat intuïmel, watter fisiese maatreëls ook al toegepas mag word om dit te verhoed.

Diegene wat die saak goedpraat, en daar is selfs van ons volksleiers wat hiertoe geneig is, verwar m.i. twee sake: gesonde ontspanningslektuur waarteen niemand ooit beswaar kan hê nie en pornografies-gekruide lektuur. Die een verfris die gees, is trouens onontbeerlik nes liggaamlike ontspanning; die ander woeker met die bees in die mens en verwring algaande sy sin vir waardes.

Ek spreek my nie voor of teen die instelling van 'n sensorraad uit soos dié wat die kerke by die Ministerie van Binnelandse Sake bepleit het en in die vooruitsig stel nie; nog minder ten opsigte van die aanbeveling dat die euwel bekamp moet word deur ons landswette te verskerp. Billikheidshalwe is so 'n oordeel alleen moontlik indien mens insae kon hê in die voorgestelde werking van so 'n sensorraad of die omskrewe vorm wat die betrokke landswette sal aanneem. Albei bly vir my in wese negatiewe middels. Ek is egter vas oortuig dat hoe skerper die wette, hoe meer sal die behendigheid toeneem om binne hul grense te manevreer, m.a.w. hoe subtieler sal die tegniek van suggestie beoefen word. En dis nou eenmaal 'n sielkundige feit dat inwerking by wyse van suggestie, veel kragtiger is as prikkels in hul naakte vorm.

Op die vraag wat so dikwels aan my gestel word: „Hoe moet die euwel dan bestry word?” is my antwoord: „Langs positiewe weë, m.a.w. die openbare smaak moet heropgevoed word.” Ek besef dit is 'n ontsettende taak, maar nie 'n onmoontlike nie.

Ek vereenselwig my heelhartig met hoofrabbi prof. I Abrahams se onlangse opmerking in dié verband: „Education, not force, should be the primary instrument used for



P. C. SCHOONEES

raising a people to a higher plane of thinking and living.*
Ek glo met my hele hart dat opvoeding die sleutel bied en
wel om die volgende redes:

- (i) Vermelde soort leesstof het aanvanklik nie so gere-
delik inslag by die Afrikaner gevind nie. Veral ten
opsigte van sekere boekklubs moes geweldige bedrae
eers aan reklame bestee word. Aan die begin was
dergelike ondernemings selfs geldelike waagstukke.
Hierdie geskrifte is eers skelmpies gelees, as 't ware
onder die kussing, maar, omdat daar uit haas geen
bron leiding gegee of gewaarsku is nie, het minder
opgevoedes en later selfs beter opgevoedes dit maar
as norm gaan aanvaar, nes hulle sulke dinge soos
kommersiële advertensies maar goedertrou aanvaar
het. In so 'n mate het die norm egter verbreed dat
mens die geskrifte vandag selfs in die huise van
welopgevoedes opmerk. Ek weet selfs van een pas-
torie waar Mevrouw gretiglik aan die mode meedoen!

Die geskiedenis leer ons maar te duidelik dat ons
verkeerde norms in die samelewing kan wysig deur
die openbare mening op te voed. Die meeste maat-
skaplike hervormings het immers langs dié weg
geskied. Slawerny was eenmaal 'n aanvaarde norm,
maar hervormers soos Wilberforce het die openbare
mening sodanig omgevorm dat dit afgeskaf is.

- (ii) Die drang tot selfverbetering is elke mens ingebore.
Die sosiologie en die sielkunde leer ons baie duidelik
dat laaggesonkenes uit die slyk opgehef kan word,
mits die regte remediale middels toegepas word. Die
vernaamste middel is en bly steeds opvoeding en
nogmaals opvoeding.

*Facile descensus Averno, sed regressus, hocopus,
hic labor est.*

- (iii) As dit moontlik is om die openbare mening ten
opsigte van sulke aangeleenthede soos padveiligheid
op te voed, moet opvoeding in die voorgestelde rig-
ting ook tog moontlik wees.

Hoe moet dié opleiding geskied? Dit sal m.i. moet
uitgaan van 'n organisasie, liefs 'n vrywillige, wat op
langtermyn-grondslag die nodige voorligtings en opvoe-
dingstaak onderneem, sowel deur die geskrewe as die

* *Standpunte*, Jg. VIII, Nr. 2, bl. 1.

gesproke woord, en ten nouste saamwerk met daardie gevestigde instellings in die samelewing wat normalerwys sedelik-godsdienstige vorming bevorder — die huis, die skool, die kulturele en maatskaplike vereniging en die kerk.

In elke samelewing is daar diesulkes wat uit die aard van hul opvoedingspeil, hetsy hoërskool- of universiteitstandaard, daartoe in staat is om kultureel die toon aan te gee. Ek wil my verstout deur te sê dat die opvoedingsproses nog kragtiger op dié groep gerig sal moet wees as op die breëre volkslae. So 'n bewering klink moontlik paradoksaal. Ek het egter die afgelope paar maande die probleem met talle „geestelike leiers” bespreek en tot my ontsteltenis ontdek hoe onverskillig hulle oor die algemeen jeens die saak staan en hoe oppervlakkig hulle daaroor nadenk. Vergun my om enkele menings wat ek opgeteken het, weer te gee:

Vooraanstaande volkekundige: „Jy beskou die saak in 'n té ernstige lig. Het jy dan nie geweet dat daar in die samelewing steeds nuwe norms ontwikkel nie?”

Opmerking: Asof ek dit nie geweet het nie! Toe ek die kwessie van goeie en slegte norms aanraak, het hy verskonend weggestap.

Vooraanstaande sosioloog: „Ag, man, dis maar 'n tydelike verskynsel. Dit hang natuurlik saam met ons materialistiese tydgees, en, wat die Afrikaner betref, met sy moeilike aanpassing in die verstedelikingsproses.”

Opmerking: 'n Tipiese „geleerde” omseiling van 'n probleem, toegewikkel in woorde, sonder om die vinger op die kwaad self te lê.

Skryfster van naam: „Neem jy my kwalik dat ek onder 'n skuilnaam vir dié blaaië skryf? Hoe sou ek, die huidige mark in ag geneem, anders 'n heenkome vind?”

Opmerking: Hoe maklik verkoop ons ons geboortereg vir 'n pot lensiesop!

Bekende leraar: „Dis 'n gruwelike euwel en word op byna elke sinode druk bespreek . . . Nee, persoonlik het ek die goed nog nie gelees nie. Dit betaam nie my amp nie, net so min as dit my sou betaam om by 'n danssaal of 'n kroeg in te loer. Natuurlik, ek verwag daar sal spoedig 'n einde aan dié dinge kom. Soos jy weet, het die kerke, by wyse van 'n afvaardiging, die Minister van Buitelandse Sake oor die saak gespreek en 'n sensorraad aan die hand

gedoen. Hy het hulle, na ek verneem, baie simpatiek ontvang en selfs 'n kommissie van ondersoek beloof. Jy het seker ook in die pers gelees dat die saak in die parlement te berde gebring is. Nee wat, broer, jy moet jou nie té veel oor die saak kwel nie."

Opmerking: Praat oor euwels, maar ondersoek nie self nie; bly dus selfvoldaan of, soos die Engelsman sou sê, „smug”; die euwel moet weg, maar niks hoef in die plek daarvan gestel word nie.

Vooraanstaande politikus: „Nee, ek glo die dinge nou eenmaal nie. Ek dink jy vergroot. My volk is kerngesond. Hoe verklaar jy dan die politieke seëviering van die Afrikaner as hy nie van binne kerngesond is nie?”

Opmerking: Tipiese gedagteverwarring van die chauvinis. Politiek en kultuur bly vir hom sinoniem.

Bejaarde professor: „Ek dink jy is preuts. Kyk, die ouer geslag verdoem maar altyd die doen en late van die jonger geslag . . . Persoonlik is ek te besig om dié soort geskifte te lees. Om die waarheid te sê, dis die eerste keer dat ek verneem dat sulke blaaië bestaan.”

Opmerking: Die gewone dwaasheid wat as wysheid verkondig word deur diegene wat hulle in ivoortorings opsluit en nie met hul voete vierkantig in die lewe staan nie.

Welgestelde sakeman: „Kyk, ou kêrel, mense werk deesdae so hard dat hulle nie tyd het om kulturele blaaië te lees nie. Hulle soek ontspanning en het prikkeling nodig.”

Opmerking: Tipiese uitkyk van die materialis.

Maar genoeg. Indien dit ons erns* is om die oppervlak-kige stroom te keer, sal elke landsburger, maar hoofsaaklik diegene wat deur hul opvoedingspeil bevoeg of bevoorreg is om die toon te kan aangee, die hand diep in die boesem moet steek. Dis 'n saak wat van binne af, van binne onself, skoon gemaak moet word. Ons sal alle selfvoldaanheid van ons moet afskud. Ook ons opvoedkundige inrigtings, veral ons universiteite, sal die hand in eie boesem moet steek en moet kies tussen opvoeding tot volwaardige Westerse mense of barbaarse spesialiteite. Aan letterkundedosente, veral aan die hoërskool, rig ek dié wyse raad: alleen hy wat die letterkunde self hartstogtelik lief het, is daartoe in staat

* Hierdie woord „erns” herinner onwillekeurig aan die weskroep van wyle dr. Gustav Preller aan die begin van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging tot die jansalies gerig: „Laat 't ons toch ernst wezen!”

om waardering by ander oor te plant. Letterkunde is 'n kultuurvak; dus 'n gevoelsvak, en hy wat dit doseer asof dit 'n intellektuele vak is soos matesis, en daarby die betekenislose en holklinkende cliché besig, is 'n moordenaar van die skoonheid en onwetend die agent van die porno-graaf.

Ek sluit met die woorde van daardie groot moderne denker, Ortega y Gasset: „Civilization has had to await the beginning of the twentieth century to see the astounding spectacle of how brutal, how stupid, and yet how aggressive is the man learned in one thing and fundamentally ignorant in all else. Professionalism, and specialism, through insufficient counterbalancing, have smashed the European man in pieces . . . The engineer possesses engineering; but that is just one piece, one dimension of the European man: the whole man is not to be found in this fragment called engineer. And so in the rest of the cases . . . Indeed, the crumbling away of Europe which we are witnessing is the result of the invisible fragmentation that the European man has progressively undergone . . . What we must achieve is that every individual or at least many individuals, should succeed in constituting the type of the whole man in its entirety.”

G. Jezelijn

HET GEVECHT

Hij mint de scherpte van een steile wand
of sluipt mijn weg voorbij naar hinderlagen.
Mijn vreugde is versneden door zijn jagen
en wijkend vind ik hem aan elke kant.

Ik grijp de schim met zijn gekromde hand
en werp mij in het eindeloze wagen
En als zijn krachten krimpemde versagen
denk ik de strijd ten einde uitgebrand.

Geen vijand heb ik zo in haat geslagen,
geen vrouw bemind ten dode aangedaan,
geen leed zo bitter en met lust gedragen.

Maar als hij zegevierend heengegaan
of zijn geweld is door mij weggeslagen:
zie ik hem peinzend in mijn spiegel staan.

DE DANSER

Ik dans mijn cirkels tot spiralen
en klim uit ketenen van lood.
Mijn kringen worden wereldgroot
en vuur gloeit in mijn ademhalen.

Ik duizel weg uit deze dalen
en zink in ster-omspannen schoot
en zweef, der lichten jongste loot,
met zon en maan door milde zalen.

O leven, uitgeput ten dood,
Waar God drijft door Zijn stille nachten
mij trekkend naar Zijn ranke boot!

De cirkels starren in hun trachten
te breken door mijn laatste nood.
Ik stort terug en heb geen krachten.

Die Bantoe en die Afrikaanse Letterkunde

ABEL COETZEE

Ek het opgegroeï in 'n gebied, op die rand van Bantoegebiede langs, waar die geslag van my grootouers aan weerskante nog gewikkel was in botsings op die slagveld met Bantoes. Aan weerskante was dit 'n stryd, nie om grondgebied nie, maar om die blote liggaamlike voortbestaan. Menige verhaal van my grootouers, en lede van hulle geslag, het my laat besef hoe genadeloos die stryd gewoed het en hoe ontsettend wreed soms opgetree was aan albei kante. Dit was 'n stryd om te bestaan . . .

Een van die gewone veiligheidsmaatreëls aan Boerekant was om te verhoed dat die Bantoe 'n kennis kon opdoen van Afrikaans. Want deur 'n kennis van jou taal kan jou teenparty jou planne ontdek en dit verydel. Aan Boerekant het dit die praktiese noodsaak meegebring om die Bantoe-taal van hulle omgewing vlot te beheers. Lede van dáárdie geslag het dan ook haas almal voldoende kennis van 'n Bantoe-taal besit om gesprekke daarin te voer, en selfs om dit te skryf. In my prilste jeug kon ek self al redelik goed my gedagtes uitdruk in Tswana.

Sedertdien het 'n hele leeftyd verloop en in die maatskaplike en ekonomiese geskiedenis van die Afrikaner — en van die Bantoe — het 'n geweldige omwenteling plaasgevind. Die Afrikaner het in toenemende getalle sy landelike bestaan ontoereikend gevind en dit laat vaar om in die stede 'n tydlang bykans ontwortel te raak in sy stryd om 'n staanplek in die nywerheids- en handelslewe van die land. Ons lewe is anders gerig en die Bantoe het ons feitlik uit die oog verloor.

Ondertussen het die Bantoe die Afrikaner op die hakke gevolg — stad toe! En dáár het hy, stap vir stap, maar altyd net twee of drie stadiums later, dieselfde aanpassings-

en veroweringstryd as die Afrikaner gestry, met dié verskil: die Afrikaner het maar één groep gehad om teen te wedywer, terwyl die Bantoe teen twee groepe moes wedywer.

Middelerwyl was dit nie meer nodig om 'n kennis van Afrikaans aan die Bantoe te weerhou nie. Trouens 'n Bantoe sonder 'n kennis van Afrikaans was eintlik 'n blok aan die been. Dit het uitgeloop op 'n geringer kennis van die Bantoe en sy taal by die Afrikaner. Inderdaad het die Afrikaner in die stad so intens opgegaan in sy poging om 'n staanplekkie, dat die werklike bestaansvorm van die Bantoe vir ons 'n geheim geword het, so seer dat dit ons weinig kon skeel wat met hulle gebeur. Op die plase het daardie ou intiemer verhouding van „na die vrede” nog bly voortbestaan, maar in die stede staan dié twee groepe tans hoofsaaklik onverskillig teenoor mekaar. En tans is dit die Bantoe wat die Afrikaner se taal aanleer.

Wat is die Bantoe se aanpassingsprobleme in die grootstad? Hoe slaag hy daarin om siel en liggaam byeen te hou? Het hy ideale vir sy groep as aparte soort mens? Hoe is hy gestem teenoor die verval van sy ou stamgebruike? Waarheen moet die hele gekke sameloop van allerlei faktore die Bantoe voer volgens sy eie insig?

Dis almal sake waaroor die gewone Afrikaner hom nooit rekenskap gegee het nie, en sy houding in sulke gevalle kom gewoonlik neer op volslae onverskilligheid.

Al hierdie oorwegings waar deur 'n mens se gees nadat jy die eerste Afrikaanse roman van 'n Bantoe-skrywer enduit gelees het, t.w. *Jôhannie Giet Die Beeld*, deur Arthur Fula. En laat my maar dadelik erken: hierdie sosio-ekonomiese gedagtes is die eerste by my opgewek, en eers veel later het ek te staan gekom voor oorwegings van suiwer letterkundige aard.

En as jy eers so ver gevorder het om te erken dat die ontwikkeling van die Afrikaanse nasionalisme die voorloper en wegbereider was van die Bantoe-nasionalisme, dan word jy tot die doodnugtere gevolgtrekking gedwing dat juis die Afrikaner, deur sy verlede hier in die land, by uitstek dié persoon is wat die ideale van die Bantoe moet kan begryp en rig, m.a.w. die Bantoe se natuurlikste bondgenoot in sy groei tot 'n voller, bewuste nasionalisme, moet die Afrikaner wees. Dat dit ongelukkig nie altyd die geval was

nie, is te wyte aan faktore wat in 'n ander soort tydskrif bespreek moet word en by ander geleenthede.

Maar juis om bostaande oorwegings verwelkom ek besonderlik die feit dat ons hier 'n gevormde Bantoe het, wat na rype oorleg besluit het om sy verhaal juis in Afrikaans te skryf. Deur daardie bewuste keuse van medium het Fula hom gerig, nie tot die buiteland waar tans 'n soort sentimentele belangstelling in rasseverhoudings botgevier word nie, en ook nie tot dié deel van sy eie stam wat nog in die stamgebiede woon en nie die probleme en die vreemde taal ken nie, maar regstreeks tot alle Afrikaanssprekendes. Maatskaplik is dit 'n oorweging van die grootste betekenis: 'n Bantoe wat hom oor sy eie volk wend tot die Afrikaner.

Aanvaar ons nou die redenasie so, dan is die volgende vraag: Hoe sien Fula die Bantoe-gemeenskap in die Goudstad? Fula as geregsdienaar moet noodwendig elke dag omgang hê met sy eie mense wat onklaar getrap het. As denkende mens moet dit hom geweldig kwel om dag vir dag te aanskou wat gaande is. Dit wek sy idealisme op. Wat hy sien, is nie menswaardig nie. Hy vind dit nie goed nie, en ander soos hy vind dit ook nie goed nie. En daarmee sluit hy en 'n groot Bantoe-gemeenskap hulle onmiddellik aan by Afrikaners wat ook nie tevrede is met die toestand van verval nie. Sodoende slaan Fula 'n brug tussen die Bantoe en die Afrikaner, wat moet lei tot wedersydse begrip, 'en dit moet voer na groter medewerking om wedersydse ideale te verweselik. Om hierdie rede is *Jôhannie Giet Die Beeld* 'n boek wat verwelkom moet word as deel van die Afrikaanse letterkunde wat nog te seer verwaarloos is.

Plaas ons dan die roman binne die raamwerk van die Afrikaanse romankuns, waar dit tuishoort, dan vind dit sy eweknie onder dié romans wat meer as 'n geslagtydperk gelede geskryf is met die boodskap: Terug plaas toe! In die stad lê verval! En ons dink aan die werk van J. J. Lub en G. R. von Wielligh. Die verskil is egter dat ons hier te doen kry met 'n goed gevormde Afrikaans en 'n mensbeelding waar die didaktiese nie so swaar opgeplak is nie.

Daarby moet egter gesê word dat Fula romantegnies met voordeel in die leer kan gaan by sy Afrikaanse tydgenote, en dat sy Afrikaans, as beeldende stylmiddel, nog heelwat aan soepelheid mis in vergelyking met byvoorbeeld die

taalaanwending van P. J. Schoeman en G. H. Franz — almal punte wat egter in 'n tweede en derde en volgende roman bygewerk kan word.

Hoofsaak is hier dat ons 'n roman het waarvan die Afrikaans keurig versorg is, en wat ons 'n goeie insig gee in die maatskaplike probleme van 'n groep tyd- en landgenote waaraan ons ons gewoonlik heel weinig steur. Dat Fula ons oë oopgemaak het vir hierdie probleem, is ongetwyfeld die grootste verdienste van sy werk.

Die Digterskap van Ernst van Heerden

(na aanleiding van *Die Bevryding en Reisiger*)

S. J. PRETORIUS

I

Om aan die woord die belangrikste plek in die digkuns toe te ken, lyk my histories en wesenlik onjuis. As die woord nie slegs die kind van gevoel en verbeelding is nie, hoe kan die digter dan taalskeppend optree, of selfs 'n vernuwing teweeg bring?

Shelley se „Poetry expresses language” het dan mos vir ons geen betekenis nie. Dat daarmee die vorm nie noodwendig verwaarloos hoef te word nie, volg omdat alle sterk en suiwer impulse 'n ritmiese deining aanneem, sodat die gevoel hom met die vorm vereenselwig. Dan word vorm en inhoud een. So is poësie ook vormgewing en niks anders nie. Die lewe agter of in die woord bly hoofsaak.

Vir die skoolse opvatting is dit natuurlik die maklikste om die tou om die sigbare en hoorbare woord te gooi. Dogma en vormdiens was nog altyd die onderdak van die verlorenes.

II

Die spanningsmoment in die digkuns van Ernst van Heerden is geleë tussen twee pole: trots en krag enersyds en weerloosheid en magteloosheid andersyds. Tussen hulle is 'n oorsaaklike verband soos tussen lig en skaduwee of dood en lewe in die sin waarin Sokrates dit bedoel het.

Die wyser slaan dikwels op na die ekstatiëse moment maar daal daarna (by wyse van voorstelling) deur die skemer en sak in die diepte van nag en ontreddeing, waaruit die digter dan met 'n wilsaksie wil ontsnap en dit terugdwing na die ekstatiëse.

In die hoogste moment skryf hy sy heerlike natuurpoësie en sy sterk „objektiewe” verse soos „Fusillade” en

„Vlaamse Stad” en met die daling van die wyser, deur verskillende wisselinge en grade, sy weemoedig innigrui-sende half-lig, half-donker gedigte wat versprei lê in sy bundels, soos byvoorbeeld die laaste gedig in *Verklaarde Nag*, waarin ’n misterieuse donkerte reeds skemer, ’n huiweringwekkende voorgevoel. Die digter sê wel dat hy rus vind in die skemer dal maar weet reeds dat die wyser hom na die donker voer. In die laaste stadium slaan die nag toe en daarin kry ons alles verward in die onderbewuste wêreld, die baaierd, die chaos. Om uit dié toestand te ontsnap maak Van Heerden dan die bewuste „duiselingwekkende dodesprong” na die ekstatiiese, maar hy spring te kort en tuimel terug in die dieptes van die nag. In *Die Bevryding* het hy ons die treffende beeld gegee van ’n brug wat halfpad in die hemel hunker na die oorkant. Dis tegelyk sy glorie en sy ondergang. Soos oral in die lewe en kuns is sy krag ook sy swakheid. Hy moet hom red uit die chaos, hy moet die sprong waag . . . die koning moet die see in, uit die donker land waar sy koninkryk aan die genade van die vyand afgegee is.

In hierdie duisternis gaan die heelal aan die digter in blinde brokstukke verby. Hy probeer ’n houvas daarop kry en sy weerlose naaktheid bedek. Dit is *dan* dat ons hom sien in die camouflagede van sy „modernistiese” gedigte. Hy soek „geskubde veiligheid” en maak van alles waarop hy die hand kan lê gebruik, van brokstukke van die moderne tegniek, tot navolging van ander se poësie, enige beeld wat hard en sterk genoeg voel om op te staan om die sprong na die lig te waag. Om dié rede is daar reeds gesê dat Van Heerden se digterskap „afgelei” is. Dit is natuurlik nie so nie.

III

In *Die Bevryding* bereik die stemming sy hoogtepunt. Die objektiewe gedaante is baie ver van objektief af en verberg ’n uiters subjektiewe houding. Hier probeer die digter eens en vir altyd om soos uit ’n Archimedespunt die chaos in sy gees van buite uit te betrag terwyl hy terselfder tyd in die branding staan. Daarom dat ons die verbasende self- en oorbewustheid van reëls soos: „sy hart se spraak weerklink uitdagend in sy eie oor” en sy „blik keer na

homself" teëkom wat mens aan fisiese disintegrasië herinner.

Die subjektiewe spook staan op alle konkrete dinge afgeprent. In die kontoere van die objek roer die gepynigde gesig van die digter telkens. Die spontane en rustige identifikasie wat die voorwerp van binne uit transformeer, ontbreek en ons sien slegs die projeksie van die digterlike bewussyn op die lyne van die voorwerp of ding, sodat ons soms snytpunte maar gewoonlik 'n skuiwende dubbelbeeld met verwarde indrukke oorhou.

Formeel het dit geen gelukkige resultaat in Van Heerden se poësie nie, maar is, soos ek probeer bewys het, tog 'n noodsaaklike fase en element in sy digterskap, dis die doringkroon van glorie en die kritiek moet versigtig wees om nie te hard te slaan waar reeds rou is of om die wond te probeer toestop waar die poësie uit stroom nie.

Die wese van die chaos dring hier die poësie binne en die mees in die oog lopende kenmerke daarvan is: dooie enjambemente en woorde wat met koppeltekens oorstort in die verse, verboë adjektiewe — iets wat in Afrikaans baie spaarsaam gebruik moet word, (indien ooit) kombinasies terwille van maat of rym wat sonder gevoelslading is, soos bv. „hy het die wagte aangesê om *fier*-gereed te wees.” „Fier” is hier 'n stoplap. Toutologiese of feitlik toutologiese begrippe word dikwels ingestring, soos waar die koning „onfeilbaar, doelbewus en seker” deur die ruigtes breek. Frases in parentese wat feitlik op elke bladsy voorkom vertraag die gang en verkleur dikwels helder voorafgaande beelde. Dit is origins egter een van die kenmerkendste bewyse van die „camoufleer”-poging.

Die digter boor hom in sy uiterste weerloosheid vas in materiële dinge waar die gevoel uit is in 'n poging om hom uit die ondergang van alles om hom heen te red, en soos reeds gesê, om 'n springplank te vind. Omdat die gedig as „objektief” maskereer maar inderdaad in weerlose en subjektiewe stemming gekonsipieer is, vind ons dat swaar weerbare woorde hulle dinamiek en swaartekrag verloor. „Forse” en „magtige” word in die gedig amper teatrale gebare.

Die digter openbaar in die gedig 'n verontrustende geestestoestand, daar is 'n ontredering en versplintering van innerlike eenheid soos onbekend in Afrikaans. Hy

poseer nie maar probeer magteloos om in menslikswakke kragstomstering die brokstukke van die heelal om hom tot 'n toring op te bou vanwaar hy die lig kan sien.

Dit sal interessant wees om te sien wat daar nog uit die toestand gaan kom; die Faustiaanse toneel van die Koning in die stormnag langs die see is reeds vir ons 'n aanduiding van wat ons te wagte kan wees.

IV

In die jongste bundel *Reisiger* lees 'n mens gedigte soos *Vlaandere*, *Vlaamse Stad*, *Winternag* en *Afskeid*, (waarvan die slot nog lank om die skoonheid en waarheid daarvan in mens nasing) met vreugde, soos wat jy op 'n helder dag na 'n week van storms, skepties met blink seile op die ondeurgrondelike dieptes van die see sien. Uit al die onrus en stryd, wat wen die hart?

„Die riete ruis by hierdie donker oewer
— die leed is lank, die vreugde kort —
Ek swyg . . . en weet slegs dat die aarde
kleiner en ryker met die jare word.”

In die ekstatiiese trant het ons die gedig *Vlaandere* waarvan die slotstrofe soos volg lui:

Hoe kon ek wanhoop? Want ons stille smart
of vreug voltrek hom ongemerk en beide
in jou Belforts, vlasland, nuwe heide,
die boereplaas en suikerbosse van my hart!

Dit herinner mens aan die Bolandse siklus en veral die onvolprese *Suidoos* in *Verklaarde Nag* wat een van die mooiste natuurgedigte in Afrikaans is, ten spyte van (of is ek nou vitterig?) die enkele vers: „die waterringe hot, en haar jaag,” wat cliché-agtig voorkom tussen die ander. Selfs vergelyk die gedig gunstig met Van Wyk Louw se Bolandse sonnette, hoewel lossier van bou. Ook die ander Bolandse verse in *Verklaarde Nag* is vol brandende songloed, aardehitte, stemminge en tonele waarin die gees van die landstreek vir ons waaragtig lewe, en van heerlike natuurbeleving getuig.

In dieselfde kader wat ek gemakshalwe die positiewe pool van Van Heerden se talent sal noem, val ook *Vlaamse Stad*, wat van die sewende vers af sterk loop, gedra op 'n stuwende gevoelstroom. M.i. moes die gedig begin het by: „Die blaasorkes maak hierdie steeg/bomvol geluid...”

Dit sal egter waarskynlik nog as een van ons mooi gedigte beskou word.

In *Reisiger* is daar origens 'n stiller, dieper inkeer, 'n rustiger peinsende afskou in die dieper wese van die lewe en leed en dit is myns insiens die belofte wat dit inhou. Uit die skemerland kom gedigte soos *Musiek* en *Op die Stoep*, *Die Vreemdeling* en die hoërop genoemde groep, met 'n verstilde ruising. Van Heerden het van die begin af geboei wanneer hy sy sagte innige stem laat hoor. Dan het hy ons aangegryp soos 'n J. C. Bloem of Van Nylen, Totius of C. M. van den Heever. In gedigte soos *Amsterdam* uit *Weerlose Uur*, waarin hy 'n intieme herfsstemming vertolk of soos *Rusoord* waarin hy daarin slaag om na die verskrikkinge van sy ver pad deur die barre jeugland in te keer tot weemoedige en ryper rus, lê 'n groot deel van Van Heerden se krag. „Hoe kleiner en ryker” die wêreld word, hoe meer gaan die hart oop.

V

Net ten slotte: die limbo waarin Van Heerden se digterskap tans verkeer moet m.i. toegeskryf word, in eerste instansie aan die ongelykwaardigheid van sy gepubliseerde werk en tweedens die feit dat 'n kritiek wat dikwels té negatief oordeel, die baba in hierdie geval so te sê met die badwater uitgegooi het.

Elizabeth C. M. du Toit

PAAIBOELIEMAN

Stil maar kindjie, stil maar dan!
In die berg loop Paaiboelieman.
Is my kindjie vir hom bang?
Wil Paaiboelie vir hom vang?
Paaiboelie sal sy beentjies breek,
sal hom in sy streepsak steek . . .
Stil maar kindjie, stil maar dan!
Buite wag Paaiboelieman.

Dié een wat Paaiboelie roof,
voer hy na sy donker kloof;
daarso, langs 'n donker boom
val 'n donker waterstroom,
na 'n kolk van duisterheid—
daar gooi hy jou sterflikheid!
Hy, die kwaai Paaiboelieman,
wat die moeës onder vang!

Staan hy om die draai en wag?
Vrees jy daardie oog, die lag?
Deur die bome—hoor ek hom?
Sou hy dalk van agter kom?
Dag, lief hartjies, laat ek gaan;
dalkies kom hy agter aan!
Dag, soet skapies, laat ek ry;
dalkies wag hy voor vir my.

Waar die dowwe wapad gaan,
stoot ons op ons mank stryk aan,
also op die winterblare,
want ons is al op ons jare.
Skewe spore hier en daar,
met ons vingers inmekaar—
stoot maar aan, en kyk nie om
of Paaiboelie agter kom.
Laat ek na my kindjie kyk!
Weet hy hoe Paaiboelie lyk?

Laat ons haastig, haastig gly
langs die tranedal verby!
Soos 'n tier bo uit die kloof,
loer hy al om een te roof!
Laat ons haastig, haastig gly,
langs die tranedal verby!

Stil my kindjie, stil maar dan!
Net nou kom Paaiboelieman;
saggies om my kind te vang:
word my kindjie vir hom bang?
Gaan Paaiboelie vir hom gryp?
Weet hy hoe Paaiboelie lyk?
Stil maar kindjie, stil maar dan;
saggies kom Paaiboelieman!

DIE FABRIEK

Onmerkbaar kruip
die daeraad
roosrooi oor die
agterbuurt-straat,
en gillende fluit
die fabriek se trein
wat van agter die mynhoop
snel oor die lyn!
Dit stort 'n frag
van mense uit,
waaroor die fabriek
sy bek gaan sluit.
Dis seuns en meisies
bleek van gelaat,
wie se flou gesigte
van noodsaak praat.
Hul skamele kleding
dui armoed aan,
waarbinne lewens-
hoop vergaan.
Daar leun ene
in vae droom,
teen die tralies
om 'n boom;
een die neurie,
een die lag,



ERNST VAN HEERDEN

een kyk fronsende
uit op die dag.
Dis jeug vol vuur
wat kwyn in nood,
jeug wat worstel
vir karige brood!
Maar hoor! Die swart
fabriek begin fluit,
die vuige skoorsteen
braak rookwolke uit
in die slegte
loodgrys lug
waardeur voël nog
sonstraal vlug!
„Kom nader! Kom!
„Maak gou, maak gou!
„Of armoed gryp jul
„In sy klou!
„Kom werk, kom werk!
„Vir jul slawe brood!
„Anders spot ek
„Julle nood! . . . ”
En hulle glo
wat dit so gil—
daardie groot
masjinale wil!
Binne die maalkolk
word hul gesluk,
om oor monster-
masjiene te buk:
wiele die fluister
en draai om hul rond,
wiele die lug vol,
en op die grond.
Gedagtes en drome
draai in die lug
soos stof om die snorrende
wiele se vlug,
en die fluite gil
oor hul hoofde heen,
soos 'n spook oor sy siel se
verlorenheid ween.

Doll

P. D. SWART

Omtrent veertig myl uit Zeerust draai 'n dowwe paadjie uit die grootpad wat lei na Derdepoort en Betsjoeanaland. Kort duskant 'n turfspruitjie draai hierdie paadjie uit, kronkel tussen die wit steekgras deur, by twee blinkblaar-wag-'n-bietjies verby en loop uiteindelik dood teen 'n reusagtige kameelboom.

Onder hierdie boom staan die platdakhuisie waar Doll du Toit gebore is en grootgeword het. Die bynaam „Doll” het sy gekry toe haar vader haar baie jare gelede een aand op sy knie getel het, en aangehelp deur 'n oormaat perske-brandewyn in sy beperkte Engelse woordeskat gedelf het. Hy het haar toe sy „doll” genoem en hierdie bynaam het sy bly behou.

Dit was ongelukkig, want daar was weinig aan haar wat aan 'n pop herinner het. 'n Klein koppie op 'n uitermate lang nek wat seningrig bokant twee krom skouers uitgesteek het, 'n plat bors en 'n paar heupe wat veels te breed uitgestaan het . . . dit was Doll.

Op skool het die ander kinders haar lewe vergal. Omdat haar kop so klein was teenoor die res van haar liggaam het hulle haar „Speldkoppie” genoem. Omdat haar sleutelbene so ver uitgestaan het, het hulle haar later weer „Handvatsels” genoem. Maar hierdie dinge het ook verbygegaan want uiteindelik het sy die ou witgekalkte laerskoolgeboutjie vergoed vaarwel gesê.

Sy het nou die ou platdakhuisie baie selde verlaat en 'n taamlieke eensame tydperk het gevolg met haar suster Bettie en haar ouers, as die enigste geselskap. Uiteindelik is haar suster ook getroud en het Doll nou alleen by haar ouers gebly. Besoekers wat daar nog gekom het, was altyd vir haar ouers en nooit vir die onaantreklike meisie nie. Aan hierdie toedrag van sake het sy so gewoon geword dat sy haar uiteindelik daarmee versoen het, en die idee by haar posgevat het dat dit maar so moes wees.

Toe het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek en Doll se swaer het spoedig aangesluit. Haar suster is toe ook weer

terug na die ouerhuisie toe, maar dit was geen geheim dat sake tussen haar en haar man nie reg was nie. Sy afwesigheid op militêre diens het geensins gehelp om 'n verbetering in hulle verhouding te bring nie, en die verwydering het steeds groter geword.

* * *

Dit was 'n koue aand in 1944 toe Doll se swaer by die huisie aangekom het. Sy het alleen by die tafel gesit en naaldwerk doen toe hy die deur oopstoot en groot en grof daar staan in sy militêre uniform. Onder sy netjiese snortjie was sy mond nors en sy stem was uiters onvriendelik.

„Naand Doll. Waar's Bettie?”

„Sy is Mafeking toe om te gaan kuier, Ouboet. Naand Ouboet. Enne Ma en Pa is na Oom Biel toe in die Protektooraat. Hy's baie siek.” Sy voeg haastig en ongevraag die laaste deel by. Vir hierdie man was sy nog steeds bangerig en om 'n gesprek met hom te voer, vereis die grootste inspanning.

Wat op aarde sou haar suster tog besiel om agter daardie maer ventjie op Mafeking aan te hardloop? Hier het sy tog 'n groot, sterk man, maar met al die getwis is die verwydering tussen hulle nou al so groot dat hulle feitlik nog net moet skei. Ja-nee, sy wat Doll is en nog nooit 'n man gehad het wat aandag aan haar bestee het nie, kan hierdie gedrag van haar suster nie begryp nie.

Eienaardige vroumens hierdie met haar lelike gesig, dink Ben Rossouw. Sou sy nie bang wees om alleen hier te bly nie? Maar hy vra haar egter nie. Hy staan en wonder wat hom nou te doen staan. Nadat hy die middag op Zeerust in die kroeg deurgebring het, het hy die hele ent pad daarvandaan met 'n huurmotor gekom. Die was natuurlik nou al myle ver weg. Buite was dit vervlaks koud, en hoe moes hy nou weer hier weg?

„Nou wat se rondritsery het sy as ek op verlof hiernatoe kom? Wat de swernoot moet ek nou aanvang?” Ten spyte van die feit dat sy vrou hom geensins wil sien nie, laat die oormaat van drank hom voel dat sy saak reg is, en 'n vloed van verontwaardiging styg in hom op.

Doll antwoord nie. Dan roer Ben en hy voel hoe die brandewynbottel in sy jassak teen sy been druk. Hy trek

die bottel uit en sit dit op die tafel neer. Dan stap hy 'n bietjie onvas na die skinkbord op die klein tafeltjie toe en haal daar 'n glas uit. Hy sit dit op die groot tafel neer en stap kombuis toe. Daar is nie 'n lig nie, en vloekend struikel hy oor die drumpel. Hy voel in sy sak en trek 'n vuurhoutjie. Hy sien 'n beker langs die groot kleipot, maar toe hy dit nader, brand die vlammetjie reeds sy vingers en hy laat dit vinnig val. Toe hy weer 'n vuurhoutjie wil trek, laat hy die dosie uit sy hand val en in die donker kan hy dit nie weer vind nie.

„Doll, bring hier daardie verd... kers!” roep hy ongeduldig.

Doll, wat met groot ronde oë bewegingloos langs die tafel gestaan het, skarrel nou vinnig daaromheen na die kombuis toe.

Hulle kom terug, Ben met die water voor en Doll kort op sy hakke met die kers in die lug bokant haar skouer. Ben skink vir hom 'n stywe paar vingers brandewyn in en plons dan 'n teelepel of so water in die middel daarvan. Hy bring die glas na sy mond toe, gooi sy kop agteroor en sluk dit vinnig weg. Dan lek hy sy lippe af en sit die glas op die tafel neer. Hy steek sy hand uit na die bottel en gooi vir hom weer 'n sopie in.

Hy drink dit egter nie dadelik nie, maar sit vir 'n minuut of wat na die oorkantse muur en kyk. Daar is 'n portret van Doll se oupa van moederskant. Hy kan dit nie mooi onderskei nie, deels omdat die kerslig so flou is en deels omdat sy oë dwing om elkeen sy eie pad te wil volg. Maar hy weet presies hoe die oukêrel daarop lyk. Woeste baard, ruie ooghare, donker, skerp oë en 'n bleskop. „Vervlakste ou olieoetang,” mompel hy nors, en alhoewel Doll dadelik haar ore bereidwilliglik spits, kan sy die woorde nie presies hoor nie.

Dan bring hy die glas na sy mond toe en sy kan reeds sy mooi wit tande sien toe iets hom skielik byval en hy die glas weer neersit. Min mense hou daarvan om alleen te drink, en 'n dronk man veral sal naarstiglik daarop aandring dat iemand saam met hom moet drink. Daarom sê Ben: „Jy drink saam, nè Doll?”

Half-onseker en skamerig lag sy en sê dan: „Haai, nee dankie, Ouboet.” In haar lewe het sy nog nooit iets gedrink nie en Ben se versoek is vir haar byna vermaaklik.

Maar Ben Rossouw het nou net genoeg gehad van vrou-

mense wat hom dwarsboom. Hy is nie in 'n luim vir mooi-praat of oorreed nie. Insteede daarvan spring hy op sodat sy stoel agteroor val, en terwyl hy met sy vuus op die tafel slaan, skreeu hy: „Jy sal dit drink! Ek sal jou wys! Jy sal!”

Dan loop hy sonder om na haar te kyk en gaan haal 'n glas uit die skinkbord. Hy gooi dit oorhalf met drank en voeg water by. Toe hy die glas na haar toe skuif en sê: „Dé,” kyk hy weer vir die eerste maal na haar. Haar gesig is skeef getrek en haar onderlip bewe, haar oë is groot en vol vrees. Sy skyn op die punt te wees om te huil. Haar bors wys hoe vinnig sy asemhaal. Dan steek sy huiwerig haar maer en onversorgde vingers uit na die glas en bring dit na haar lippe toe. Vir geen oomblik verlaat Ben se oë haar gesig nie. Dit voel vir haar asof hulle in haar inboor! Sy sluk en byna proes sy die onaangename drank weer uit, maar haar nekspiere verstyf en sy byt op haar tande soos sy dit in haar keel afdwing. Dan sluk sy die ander af met haar oë pot-toe soos sy altyd gehoorsamig haar kasterolie gedrink het toe sy 'n klein dogtertjie was. Haar oë word vol tranes van die brandende vog en sy hyg rillend na haar asem.

Ben drink sy glasier ook vinnig leeg. Sy gesig word nou meer goedig. Doll het gedoen wat hy gesê het en het saam met hom gedrink. Met die veranderlikheid van iemand wat baie gedrink het, voel hy nou sommer meer vriendelik jeens haar. Buitendien begin die drank hom nou weer opnuut aantast en dit laat hom ontspaan in 'n meer gemoedelike bui.

„Dis die gees, ou Doll,” sê hy, en sy stem is nou weer gladder en makliker. „Dis die ding, jong. Niks lekkerder as dop en damwater nie!”

Dan leun hy meer agteroor en begin saggies te sing. Dis 'n Engelse liedjie wat Doll nog nooit gehoor het nie. Hy doen dit in 'n oordrewe Cockney-aksent:

„She was poor, but she was honest,
Victim of the rich man's goile.
It's the rich wot gets the pleasure,
It's the poor wot gets the bloim.
It's the sime the whole world over,
Ain't it all a bleedin' shoime?”

Doll sit penregop. Sy het 'n warm gevoel van haar keel af tot in haar maag. Dit voel vir haar of haar kopvel die

ene hoendervleis is en haar hare penregop staan. Haar bene en arms voel so lam asof hulle verweg van haar af is, nie haar eie is nie.

Ben praat weer. „Wie dink sy is sy, Doll? Ja wie? Hulle is nie geplant nie, ou Doll, hulle is gesaai. Laat sy maar loop Mafeking toe. Laat sy maar loop. Agter elke bossie kan 'n mens een uitskop, sê ek. O ja!” Hy frons sy voorkop en probeer weer wyle oom Frans Ras se gelaatstrekke onderskei.

Ben vat die bottel raak. Hy praat een stryk deur terwyl hy in elke glas 'n sopie brandewyn gooi. Dan skuif hy Doll s'n na haar toe.

„Ja-nee, ou Doll, ek het hulle gesien, honderde en duisende. Van die Kaap af tot in Egipte! Mooies! Party mooi soos blomme. Ja, van die Kaap af tot die Franse stukke in Kairoe. Vra maar vir hierdie seun. Nee jong, vir vroumense skrik ek nie en Duitsers ook nie. Bettie! Gmm! Ben Rossouw is nie verleë nie; laat sy maar trap. Wat sê jy, ou Doll?”

Doll vee met die agterkant van haar hand die trane uit haar oë. Sy voel so snaaks lighoofdig, so of sy nie omgee nie. Haar ore voel vuurwarm. 'n Ongewone gevoel, maar nie meer onaangenaam nie. Sy kyk na Ben. Alles voel vir haar so onwerklik. Hy praat met haar, vriendelik, asof hy elke dag met haar praat. Sy voel nader aan hom.

„Ja, Ouboet,” sê sy en voel asof sy werklik iets gewigtigs kwytgeraak het.

Toe sy sien hy vat sy glas, neem sy hare ook en drink dit, nog teësinig, maar makliker leeg.

Dit is asof daar 'n gevoel van helderheid deur Doll gaan, asof sy seker van haarself is en bewus word van haar eie belangrikheid as persoon. Sy voel lig, verlig, vry en vol ongekende selfvertroue. Alles lyk so helder en duidelik, iets is so, of dit is nie. Die ou teruggetrokkenheid en minderwaardigheid wat vir soveel jare botoon gevoer het, het nou heeltemaal op die agtergrond geraak. Doll is bewus van haar eie persoonlikheid, haar eie menslike warmte. So sterk is die gevoel om haarself te laat geld, dat sy nou selfs vir Ben eerste aanspreek.

„Was julle regtig nie bang vir die Duitsers nie, Ouboet?” vra sy op 'n half vleiende toon, en sy kyk hom vir die eerste maal vandat sy hom ken, vol vrymoedigheid aan.

„Nee wat, ou Sus,” en Ben sprei sy arms wyd, „ons het

hulle sommer so weggee. Die Springbokke was te warm vir hulle. Ons het te veel biltong en mieliepap gevreet in ons tyd. Een van ons was genoeg vir drie, nee vyf . . . nee tien Jerries!" Ben tel woes op sy vingers en stamp sy glas van die tafel af. Hy tel dit van die misvloer af op en voer weer 'n lang relaas verder terwyl hy sy woorde telkens beklemtoon deur 'n swaaiende arm, stampende voet of met 'n hamerende vuus op die tafelblad. Doll se oë verlaat sy gesig vir geen oomblik nie en sy drink elke woord in.

As hy dan ophou praat, kyk Doll na die oorkantse grondmuur. Sy verbaas haar omdat sy alles so helder kan sien. Die syfers en wysters van die groot staanhorlosie, 'n erfstuk uit Voortrekkerdae, die vergroting van oorle Ouma du Toit, die plat langbeenspinnekop links van die portret teen die muur. Sy kan duidelik sien waar Ouma se wit hare van haar gesig af weggekam is, ja selfs die moesie op haar ken.

Maar Ben skink al weer, en toe Doll weereens vinnig saam met hom drink, begin sy binne 'n paar minute 'n nuwe gevoel te ondervind. Alles wil nou so onwerklik word, so asof sy dit nie mooi kan raak vat met haar begrip nie. Sy kan nie mooi sien hoe laat dit is op die horlosie nie, want die wysters en syfers skyn taamlik vinnig rond te beweeg. En sy kan ook nie onderskei waar Ouma du Toit se wit hare begin nie, en die spinnekop het 'n deurmekaar warreling van bene.

„Ou Doll!" roep Ben, en hy is nou die ene opgeruimdheid, „Speel vir ons 'n bietjie gremafoun, jong!"

Die stap na die planktafeltjie toe waar die grammofoon is, is vir Doll 'n eenaardige sensasie. Maar sy is vasbeslote om so min as moontlik te laat merk. Sy maak die grammofoon oop en wen dit op. Dan vroetel sy in die plate rond. Die boonste een wil sy lees maar die letters dans so dat sy die poging laat vaar. Sy sit die plaat maar op en soek-soek kry sy die naald uiteindelik op die groefies. Voordat sy by die tafel terug is, weergalm Chris Blignaut se stem deur die klein voorkamertjie:

„Een aand op die trein na Pretoria;

Die weer was bitterlik koud . . ."

„Halt! Stop! Dis te treurig, ou Doll jong. Sit 'n ander een op!"

Doll draai om en spoedig sleur die slepende tone van „Die

Kalfiewals" deur die vertrek. Ben hou tyd met swaaiende bolyf, kop en arms en sing luidkeels saam:

„My ma se melk in die boer se glas

En die oorskiet moes ek kry . . .”

Doll hou self tyd met haar kop en haar voet en vind verligting in die fisiese inspanning.

Toe sy 'n volgende plaat opsit, spring Ben op en begin op die vloer ronddans.

„Kom, ou Sus!” skreeu hy en stap na haar toe met sy arms uitgestrek terwyl hy met sy voete op die vloer stamp. Doll lag opeens hard en kom gewilliglik na hom toe. Hy slaan die regterarm om haar middellyf en sy linkerhand se vingers vleg deur haar regterhand s'n. Hulle begin dan dans met die twee arms hoog in die lug gehou.

Blikkerig blêr 'n stem uit die ou grammofoon terwyl die twee vinnig deur die kamer dans:

„Miesies Tipperêrie . . .

Baai, baai, Kardoesie na jou maai! . . .”

Die liggaamlike beweging pas Doll goed. Sy is nou weer vol selfvertroue en haar lang maer liggaam beweeg met aansienlike vaardigheid. Ben se oë is soms toe en hy draai met groot heftigheid in die rondte. 'n Stofdamp begin uit die misvloer opslaan en in die vertrek hang. Dit maak die kerslig dowwer en die glase en brandewynbottel lyk onwerklik in die flouerige lig. Byna spookagtig val hulle skaduwees teen die gebarste muur en nou en dan skop een van hulle vas teen maroelapitte wat vassit in die ongelyke grondvloer. Die sanger van die lawaaiërige plaat doen sy bes en skel klink sy stem deur die vertrekkie:

„Ek spring oor die hek en ek breek my nek, o Pamela.”

Toe hulle op die musiek van die volgende plaat dans, druk Ben vir Doll vaster en vaster teen hom. Hy merk nou nie meer die onaantreklike gesig en liggaam nie, maar deur die drank aangevuur is hy net bewus van haar vroulikheid. En Doll, die droë, skaam en lelike Doll, warm van die ongewone drank en opgewondenheid, laat haar dit welgeval. Toe hy dan skielik gaan staan en haar hartstogtelik soen, gee sy haar geheel en al onvoorwaardelik aan hom oor . . .

* * *

Streng volgens gewoonte het Doll die volgende more vroeg opgestaan. Ten spyte van die invloed wat die drank van die

vorige aand op haar gehad het, is sy tog opgeruimd. Ben slaap nog en sy is besig om vir hom koffie te maak. Vir haar Ben! Want nou is hy hare en sy is syne. Hulle behoort nou vergoed aan mekaar, daaraan twyfel sy nie. Dit het hy ook aan haar gesê toe hy haar in sy arms gehou het. Sy voel 'n groot blydskap in haar oplaai en byna onbewus stoot sy haar hand deur haar dun hare. Die gedagte dat sy iemand so geheel en al besit, en ook dat sy haar so geheel en al oorgegee het aan Ben, vervul haar met 'n gevoel van belangrikheid, wis die ou minderwaardigheid uit, want sy is nou ook soos ander vroue.

Terwyl sy oor die drumpel van die slaapkamer loop, neurie sy 'n wysie. Die koffie op die skinkbord is kokend warm. So hou Ben daarvan! Sy het die groot koppie met „Vader” in vergulde letters en blommetjies daarop volgeskink. 'n Verrassinkie vir hom!

Ben is nog aan die slaap op die dubbelbed. Haar oë rus op die kussing anderkant hom, waarin daar 'n diep duik is. Haar eie kop het daardie duik gemaak, en sy bloos bloed-rooi by die gedagte daaraan.

Hy lê daar op die naat van sy rug, sy swart krulhare deurmekaar, sy mond oop en sy ken vol baardstoppels. Vir Doll is hy wonderlik mooi. Sy hou die skinkbord in haar een hand en met die ander een trek sy hom aan die skouer. „Hier is jou koffie, Ben,” fluister sy byna. Nou is dit Ben, nie meer Ouboet nie!

Hy roer sy skouer maar word nie wakker nie. Sy is eers besluiteloos, maar aangespoor deur die wete van haar nuwe belangrikheid trek sy hom nou heelwat harder.

Hy roer, gaap luid en vee met sy vuiste sy oë uit. Dan knip-knip hy sy oë in 'n poging om sy blik helder op iets gevestig te kry. Sy voorkop is vol plooie.

Daar staan Doll met 'n glimlaggie van selfversekerdheid. Sy probeer koketterig glimlag, hom aanlok asof sy wil sê: „Hier is jou Doll!”

Hy staar haar vir 'n oomblik aan en dan dring die besef van die vorige nag se gebeure tot hom deur. Dit is asof dit soos 'n pyn deur sy kop skiet. Sy oë neem haar in 'n oomblik op, die belaglik klein gesiggie, die lang nek, die hangskouers, die plat bors en breë heupe. Daar staan sy met 'n veelkleurige bont rok aan en dik katoenkouse, met

die verspotte glimlaggie om haar mond. Wat op aarde het hom besiel!

„Koffie, Ben,” kom die stem sleperig-soet van die kant van die bed af.

Hy maak weer sy oë oop. Sy is nou vlak by hom. Sy kyk vas in sy oë en die uitdrukking van woede en veragting wat sy daar sien, laat haar verstar.

„Trap!” snou hy haar toe. „Trap hier uit!”

Doll staan daar asof sy haar ore nie kan glo nie. Dan verlaat die bloed haar gesig en dit word asvaal. Onnosel bly sy voor haar staar, haar oë stokstyf in haar kop.

Dan word haar ore skielik bloedrooi en sy begin bewe. Haar onderlip bewe, haar hande bewe, haar kop, haar hele onaantreklike liggaam lyk of dit bewe. Vir 'n oomblik kry sy haar hande egter onder beheer en smyt die skinkbord met vuurwarm koffie in Ben se gesig. Terwyl hy gil en vloek van die pyn draai sy om en hardloop deur die voorkamer, deur die kombuis en by die agterdeur uit.

Blindelings hardloop sy aan, by die houtplek verby, by die smidswinkeltjie verby en feitlik nog in volle vaart kruip sy deur die doringdraadheining. Stukke van haar rok bly aan die draad agter, die een katoenkous word afgeruk sodat dit op haar skoen lê. 'n Diep sny lê oor haar kuit en die helder rooi bloed begin daaruit druppel.

Sy hardloop aan en aan tot by die turfspruitjie waar haar voet agter 'n soetdoringwortel vashaak en sy onder in die blouerige dryfsand op die bodem beland. Daar bly sy lê en nou begin sy te snik. Sy huil sodat haar maer skouers op en af ruk. Sy lê met haar gesig op haar arm en die trane rol uit haar oë en drup daarvandaan op die sand waar dit vinnig wegsypel. Haar gesig is vertrek en sy sluk aanhoudend. Die dun vaal hare lê vooroor oor haar arm en in die sand.

Toe die trane nie meer kan kom nie, ruk die liggaam nog lank van die droë snikke. Uiteindelik hou dit ook op en sy lê maar sommer so doodstil met haar gesig op haar arm.

Dit is eers asof haar brein tot stilstand gekom het, asof sy glad nie kan dink nie. Later begin dit werk. Wat moet ek doen, moet ek doen, moet ek doen! maal dit deur haar kop. Moet sy haarself ophang. Sy kan dit doen aan die kameelboom vlak voor die huis, of miskien nog aan die een waar die kaffers altyd rieme brei. So kan sy dan die

wêreld uit. Of miskien gif drink. Sy weet van iemand wat Lysol gedrink het en dood is. Pa se ou haelgeweer. Sou daar patrone wees? En wat sal almal sê as sy dood is?

'n Groen onwelriekende sprinkaan kom sit op haar been, maar sy is nie bewus daarvan nie. Die son skyn warm en haar gedagtes begin te dwaal. Hulle sou kon getrou het, sy en Ben. Hulle sou kon saam gebly het, net hulle twee. Ja, hulle is nou so goed as getroud, maar hy wil haar nie hê nie!

Sy lê met haar lang vingers in die lou sand en krap. Dan hou sy skielik op. 'n Gedagte flits deur haar brein. Sy lig haar kop effens op. Ja, dit kan niemand betwis nie! Gisteraand was hy hare, geheel en al hare. Dit kan niemand betwis nie, dit kan niemand *ooit* van haar af wegneem nie. Gisteraand het sy hom besit. Sy, die lelike Doll wat vantevore geen man gehad het wat in haar belangstel nie. Sy, die onaantreklike Doll wat nooit weer 'n man se liefde sou hê nie. Sy het hom geheel en al besit! Is dit nie beter as wat haar lewe anders sou verloop nie?

Sy lig haar regop. Sy vee met haar arm oor haar gesig en voel die laaste natheid van die trane en die speeksel wat uit haar oop mond oor haar arm geloop het toe sy gelê en huil het.

Sy voel nou meer getroos. Die lug is skoon en blou en die gomstrepe lê blinkbruin teen die swart soetdoringstamme. Die groen sprinkaan met sy rooi vlerke skarrel weg.

'n Glimlaggie huiwer byna om haar mond. En wie weet, miskien, ja miskien . . .

Langsaam staan sy op en haar oë dwaal na die Dwarsberge, veraf en blou, blouer as wat sy hulle nog ooit gesien het.

J. Nel van der Merwe

SY VERLORE ATLANTIS

Hy wieg tussen hemel en water,
sy droom is 'n vrou en die wind;
hy vaar deur die ysbloue duister
om verlore Atlantis te vind.

Die skipper sing oor die branding
sy lied van verlore vreugde;
hy soek en soek vol hunkering
oor sewe seë van liefde:

Die eerste se water was blou;
'n eiland met mos en varing
wat om hulle naaktheid vou,
om liggaam se heerlike ronding.

Die tweede se water was swart
met die angs van vereensaming—
en onder haar jonge hart,
die pyn se polsende bewing.

Die derde se water was grys
met die wind van verwildering;
haar kreet die meeue se gekrys
teen die rooi van die skemering.

Die vierde se water was wit
met branders van verlossing.
. . . In stilte kon hulle bid,
sy kind tot haar borste bring.

Die vyfde se water was goud
van helder betowering;
sy skip voel skielik heel oud:
'n ark bo alle vertwyfeling.

Oor die sesde see het gekom
'n swarte, swarte sloep.
„Atlantis, Atlantis . . . kom . . .”
—het sirenestemme geroep.

Hy vaar oor die sewende see,
sy droom is 'n vrou en die wind:
hy vaar oor die sewende see
om sy verlore Atlantis te vind.

'n Vlaamse digter verower Berlyn

MARCEL R. BREYNE

Die paar herinneringe wat ek hier neerskryf, mag 'n late huldeblyk wees aan my vriend en landgenoot Felix Timmermans, die digter van *Pallieter*, wat op 24 Januarie 1947 amper vergete deur sy eie Vlaamse volk in die ouderdom van 61 jaar, stil in die Here ontslape is. Hoe skitterend ook die jare van sy letterkundige roem gewees het, so teleurstellend en eensaam was die laaste maande van sy lewe toe hy soos sy vriend Josef Muls skryf: „die sosiaal-hardvogtige van 'n onverbiddelike en bekrompe tyd” aan sy eie sieklike gestel moes verduur.

Op my skryftafel lê die aandoenlike boekie, wat sy dogter Lia 1951* oor haar vader geskryf het en daarneffens die *Herinneringen aan Felix Timmermans*† wat sy kunsvriend en dorpsgenoot, die Vlaamse toondigter René Veremans, saam met andere vriende en bewonderaars een jaar vroeër uitgegee het. Daardie bladsye het ek hier, ver van die ou vaderland, met veel belangstelling, ek kan sê, met 'n sweem van weemoed in die hart gelees. Dit was vir my 'n deel van my eie lewe wat soos 'n rolprent voor my oë weer afrol.

Net 'n paar jare jonger, het gemeenskaplike literêre werk in Vlaandere my heel vroeg al met die Brabanter Timmermans in verbinding gebring. Amper 45 jare is dit nou, sedert ek, nog student, vir die eerste keer Lier, die dromerige klein stadjie aan die Netherivier, besoek het. Ek kan my nog vaag die magtige toring van die St. Gomarus-Kerk en die dromerige Begynehof herinner. In daardie dae was Timmermans nog die taamlik onbekende skrywer van 'n reeks swarmoedige kortverhale, wat in 1910 onder die titel *Schemeringen van den Dood* die lig gesien het. Die roem van sy latere prosawerk en veral die groot opgang wat sy onsterflike *Pallieter* na 1916 gemaak het, het daardie eerstelinge uit sy digterlike pen al lankal in die vergetelheid laat wegsink.

* Lia Timmermans, *Mijn Vader*, Desclée de Brouwer & Cie, Brugge-Amsterdam, 1951.

† Renaat Veremans, *Herinneringen aan Felix Timmermans*, Vink, Antwerpen, 1950.

Seker sou dit 'n leemte laat in al die herinneringe aan Felix Timmermans wat in die laaste jare verskyn het, moes sy eerste optrede in Berlyn in die begin van 1930, wat sonder twyfel tot die interessantste gebeurtenisse in sy lewe behoort, om een of ander rede verswyg word. Om so meer as die paar bladsye wat Veremans aan 'n gemeenskaplike verblyf enkele jare later in Berlyn in sy boek wy, myns insiens 'n onvolledige om nie te sê, 'n bietjie skewe indruk by die onkundige lesers agterlaat. Sedert die eerste wêreldoorlog het dit blykbaar by sekere seksies van die Wes-Europese volkere mode geword om alles wat met Duitsland saamhang, in 'n sekere verspotte of ten minste onsimpatieke kleur te verf.

Ek ken Felix Timmermans dus al baie lank. Ons het amper tegelykertyd ons eerste stappies gewaag op die glibberige pad van die poësie. Wellig maar min bekend is die feit dat Timmermans eintlik met baie mak gediggies gedebuteer het, wat sowat 'n halwe eeu gelede in die Vlaamse tydskrifte *Vlaamsche Arbeid* en *Nieuw Leven* verskyn het. 'n Paar beskeie digbundeltjies soos *Berijmde Schilderijens* en *Bottende Loverkens* in die aard van die Wes-Vlaming Omer Karel de Laey sal seker vandag maar moeilik nog te kry wees. Toe ek in die jare 1910 tot 1914 te Brugge in Wes-Vlaandere die folkloristiese en literêre maandblad *Nieuwe Wegen* uitgegee het, was ook Timmermans onder die eerste medewerkers, saam met Cyriel Verschaeve, Herman Broeckaert, Julius Filliaert, Warden Oom, Albert Maene, André van Acker en 'ander meestal Wes-Vlaamse jong digters en skrywers.

Soos bekend, wou Timmermans eintlik skilder word en sy aangebore talent het hom al heel vroeg met die groot skilder Isidoor Opsomer, wie se Timmermans-portret eersdaags in die Unie te sien sal wees, en met die begaafde jong kunstenaar Raymond Delahaye bevriend gemaak. Delahaye het blykbaar in daardie tyd 'n baie groot invloed op die geestestoestand van Timmermans uitgeoefen. In die begin van hierdie eeu het in Lier 'n groep soekers en kunstenaars geleef, soos Frans Verschoren, Antoon Thiry, Raymond Kimpe, Isidoor Opsomer, Frans Bogaerts e.a., wat besonder ontvanklik was vir die nuwe gedagtes wat uit Frankryk en Duitsland oorgewaai en hulle neerslag in 'n reeks swaarmoedige publikasies gevind het, soos

Schemeringen van den Dood van Timmermans, *Begijnhof-sprookjes* van Antoon Thiry, *Gekke Sprookjes* van Jef Arras e.a.

Ons in Wes-Vlaandere, die streek van die „Hard Labeur”, soos Streuvels dit in sy meesterlike boeke geskilder het, het ons minder met daardie nuwe geestestrominge besig gehou. Dit mag seker aan die invloed van digters soos Gezelle, Verriest en Rodenbach toegeskryf word, wat nog steeds in die jongere generasies voortgeleef het en byvoorbeeld in digters soos Dosfel, Verschaeve, De Clercq e.a. tot uiting gekom het. Die biskoplike kolleges het hulle altyd sterk van die meer vrysinnige staatsateneums onderskei, wat hom ook duidelik in die verskillende literêre tydskrifte weerspieël wat in die „Vlaanders”, d.i. Wes- en Oos-Vlaandere eenkant en anderkant in Brabant en Antwerpen verskyn het. Dis dan ook nie te verwonder nie dat blaaië soos *Vlaamsche Arbeid*, *Pogen*, *Ruimte*, *Avontuur*, *Het Fonteintje* e.a. in die meer kosmopolitiese sentra soos Brussel en Antwerpen ontluk en meesal na ’n kort bestaan weer verdwyn het. Alhoewel diep gelowig het Timmermans se soekende gees hom eers in daardie tydskrifte tuisgevoel, besonderlik in *Vlaamsche Arbeid*, onder die redaksie van Josef Muls, wat vir Timmermans vanaf sy eerste digterlike pogings tot aan sy swanesang, die aangrypende *Adagio*, ’n troue vriend en raadgewer gewees en gebly het.

Die groot omkeer in die wese en werk van Timmermans het kort voor die eerste wêreldoorlog gekom, toe die gevolge van ’n skynbaar ongevaarlike operasie hom plotseling weer in die hospitaal laat beland, waar hy die dood baie dig in die oë gekyk het. Sy dogter skryf: „In het voelen naderen van den dood, werd hij ineens bewust wat het leven betekende, en al zijn krachten, vooral psychische — want van de rest schoot er niet veel over —, verzetten zich tegen den dood. Hij wilde niet sterven, want plotseling zag hij in, dat het leven zelf, en dat alleen, echt is, en dat hij het schoonste erven had laten liggen. Zijn jeugd was voorbijgegaan met studeren en zoeken naar de waarheid, en nu wist hij, dat die alleen in het leven zelf te vinden is.”

So het *Pallieter*, daardie hartstogtelike lofsang op die aardse lewe ontstaan. Timmermans het gevoel dat hy nou op die regte pad was en het daardie pad gevolg tot aan sy lewenseinde toe.

In die bovermelde *Herinneringen* maak Veremans op bl. 69 en volgende relaas van 'n noenmaal wat destyds in die bekende „Kaiserhof” te Berlyn ter ere van Timmermans in 'n klein kring plaasgevind het. Aangesien ek self aan daardie noenmaal deelgeneem het, wil ek daarop wys dat onder die sogenaamde universiteitsprofessore met hulle „geleerd gedoe”, soos Veremans skryf, ook die bekende professor dr. Petersen was, professor in die geskiedenis van die Duitse letterkunde aan die Berlynse Universiteit, aan wie Timmermans eintlik sy beroemdheid in Duitsland en deur Duitsland vir 'n groot deel in die wêreld te dank het. Dit was prof. Petersen, wat tydens die besetting in die eerste wêreldoorlog Timmermans in Antwerpen leer ken het en hom daarna aan sy invloedryke vriend, professor Anton Kippenberg, die hoof van die beroemde „Insel-Verlag”, bekend gemaak het. Veremans sal seker wel weet dat die uitstekende Duitse vertalings van die werke van Timmermans wat jaar na jaar die „Insel-Verlag” in tien-duisende eksemplare oor die hele wêreld versprei het, baie daartoe bygedra het om Timmermans nie alleen buite die enige grense van sy klein Vlaandere bekend te maak nie, maar hom ook in die wêreldliteratuur 'n plek te laat inneem. Soos Kippenberg aan my self eendag verklaar het, het Timmermans tot die bes betaalde auteurs van die Insel-Uitgewery te Leipzig behoort en aan hom is dit te danke dat na die eerste wêreldoorlog die Vlaamse skrywer die mees gelese skrywer in Duitsland geword het. Dis jammer dat die musikus Veremans in plaas van daardie onbenullige bykomstighede ons nie 'n diepere kyk in die ware wese en geaardheid van sy boesemvriend Timmermans gegee het nie, aangesien, soos Ernest Claes dit in die voorwoord skryf: „Niemand hem als mensch en kunstenaar zoo waarachtig had doorvoeld.”

Betreurenswaardig is verder die feit dat in die *Herinneringen* aan Timmermans nie eens die naam vermeld word van die man wat die meeste boeke van Timmermans vir die „Insel-Verlag” vertaal en sodoende 'n groot deel tot sy roem bygedra het, die Vlaming Pieter Mertens, wat na die eerste wêreldoorlog soos baie andere sy land moes verlaat en in die „Insel-Verlag” te Leipzig, onder leiding van Anton Kippenberg dertig jaar van sy lewe gewerk het. Ongetwyfeld sou daardie begaafde en stille werker wat vir die

Duitse uitgawes so baie met Timmermans te doen gehad het, en wat in lange nagtelike ure die eiewillige dikwels lokaalgetinte prosa van die Brabanter Timmermans in die meer formele en strawwere Duitse taal meesterlik omgeskep het, 'n interessanter kapitel as die noenmaal in die „Kaiserhof” vir Veremans se *Herinneringen* kan gelewer het. Ek hoop as tydsomstandighede dit toelaat dat die ou vriend Pieter Mertens nog eenmaal 'n kans daartoe sal kry.

* * *

In my verhouding tot Timmermans lê tussen die jare van ons jeug en besonderlik tussen die eerste en tweede wêreldoorlog 'n groot leemte. Daar is egter, soos reeds aangestip, een episode wat myns insiens in die veelvuldige publikasies oor Timmermans nie mag ontbreek nie, naamlik sy eerste optrede in Berlyn aan die begin van 1930.

'n Vooraanstaande vereniging vir kuns en letterkunde te Berlyn wat jaarliks in die wintermaande 'n reeks voordrage en leesaande deur bekende skrywers en geleerdes georganiseer het, het in die winter 1929/30 ook Timmermans uitgenooi om in die groot sittingsaal van die Pruisiese Hoërhuis, die „Herrenhaus”, uit sy werke te kom voordra. Timmermans het toegestem en die bestuur van die organisasie het my gevra om hom in sy hotel te gaan groet en hom daardie aand aan die Berlynse publiek voor te stel. Timmermans het tuisgegaan in die bekende „Hospiz”, in die Karlstrasse, nie ver van die Friedrichstraat-stasie nie, waar dit rustiger was as in een van die groot Berlynse hotelle en waar hy vry en ongestoord sy pyp kon rook. Hy was bly om 'n landgenoot te ontmoet, des te meer daar ons mekaar al van vroeër geken en baie gemeenskaplike belange ons verbind het. Ons het in die ruim sitkamer in gemaklike stoele gesit en Timmermans het my talle vrae gestel oor dinge wat hom in die wêreldstad besonder opgeval het. Verder het ons oor die lotgevalle van 'n paar Vlaamse vriende gepraat wat na die eerste wêreldoorlog na Duitsland moes uitwyk. Vir elkeen het Timmermans 'n diep meegevoel gekoester, alhoewel hy persoonlik nooit vir een of ander politieke tema stelling geneem het nie. In elk geval het hy hom destyds baie in sy skik gevoel en my bedank vir die artikels wat ek oor hom en sy werk in die Duitse pers gepubliseer het. Ek het hom ook terloops oor my eerste reis na Suid-Afrika vertel en oor my optrede aan die

Universiteit van Pretoria in Novembermaand 1924, toe ek vir die senior-studente van die afdeling Lettere oor hom en oor René de Clercq 'n lesing gegee het. Dit het hom sigbaar baie geïnteresseer om iets oor daardie verre land aan die Kaap, die land van die stamverwante Boere, te verneem en 'n glans van tevredenheid het in sy flikkerende oë geblink toe hy hoor hoe sy boeke ook aan die uithoek van Afrika gelees word.

In die laat namiddag van die 12e Februarie 1930 het Berlyn die gevierde Vlaamse skrywer 'n geweldige ovasie gebring. In die groot vergadersaal van die Pruisiese „Herrenhaus" was nie een plekkie meer vry nie en baie moes met 'n staanplek tevrede wees. Mense uit alle sosiale lae van die volk, van die hoogste tot die laagste, het vol verwagting op die verskyning van die gemoedelike Vlaamse skrywer gewag. Saam met die voorsitter van die Duitse Skrywerskring, Hans Friedrich Blunck, het ek die voorreg gehad om Timmermans aan die talryke publiek voor te stel. Ek herinner my nog goed watter geweldige spanning in die groot historiese sittingsaal in die Leipzigerstrasse geheers het. Seker wel oor die duisend mense was aanwesig en dit het my voorgekom of dit 'n groot familie was wat, vervul van die Timmermanse gees, hier saamgestroom het.

Toe ons die saal binnestap, het stilte plotseling oor die groot koepelsaal neergedaal. In naam van die Duitse skrywers het Hans Friedrich Blunck van agter die swaar eikespreekgestoelte die woord gevoer en die Vlaamse digter verwelkom. Dan het ek sy plek ingeneem en my ou vriend en landgenoot in ons eie moedertaal begroet. Ek het ongeveer dit vir hom gesê: „In deze welkomgroet dien ik hier in onze dierbare moedertaal tot u richt, ligt voor ons Vlamingen vreugde en dankbaarheid besloten. Vreugde omdat wij tot de menschen van onze omgeving, tot de millioenen in deze wereldstad wijzend op Felix Timmermans en zijn kostelijke boeken mogen zeggen: ziet, hij is 'n Vlaming! Neffens onze vreugde ligt ook de dankbaarheid. Vooral wij Vlamingen in Duitsland zijn Timmermans heel besonders dankbaar daarvoor, dat hij in en door zijn heerlijke werken de geuren en kleuren, het groeien en bloeien van ons geliefde Vlaanderen in onze harten weer heeft doen opleven. Moge zijn werk ertoe bijdragen, Vlaanderen, het oude land aan de Noordzee, beter bekend te maken en de

banden, die Duitsland met Vlaanderen sedert oeroude tijden samenbinden en door de ongelukkige oorlog afgebroken en verscheurd werden in 'n nuwe en betere wereld weer vaster saen te knopen."

Met 'n glimlag op sy rondbollige, ietwat bleek gelaat het hy my hand gedruk en dan die spreekgestoelte opgeklim. In die saal kon 'n mens 'n naald hoor val toe Timmermans op sy skugtere wyse met 'n half dowwe stem uit sy eie lewe in Vlaandere begin vertel het. Soos gewoonlik natuurlik eers van Marietjie, sy vrou, wat hy ongelukkig by die huis moes laat, maar wat hy met 'n volgende reis seker na Berlyn sou meebring, waar die mense so braaf is en hom so goed ontvang het. Met veel liefde het hy dan van sy vader vertel, wat met sy Vlaamse kante van dorp tot dorp getrek het en by sy tuiskoms altyd een of ander interessante gebeurtenis van sy reis vir sy kinders vertel het. Meesal het hy ook een of ander lekkernytjie vir hulle meebring. Een aand, toe hy maar min verkoop het, het hy van 'n boer 'n paar simpele rape gekry, wat hy dan vir sy kinders in kleurige papiertjies ingewikkel het. Dit het daardie knolle vir hulle besonder waardevol laat skyn, omdat dit, soos vader gewigtig vertel het, nie Vlaamse nie, maar Russiese rape was. Die kinderoë het geblink en hulle hartjies het van vreugde geklop, want „Russiese" rape moes tog iets heel besonders wees.

Dit alles het Timmermans daardie aand in 'n snaakse mengelmoes van Brabants-getinte Vlaams en gebroke Duits vir die duisend toehoorders vertel. Golwe van begeestering het van die begin af uit die stampvol saal opgebruis en ook Timmermans het langsaam onder die invloed geraak. Daar het vuur in sy stem gekom en sy wilde haarbos het met iedere beweging van sy rondbollige Vlaamse kop sommer geskud. Een uur lank het hy so uit sy lewe vertel en die begeesterde publiek het hom nie losgelaat nie tot hy vir die laaste dan die bekende storie van die varkies gelees het en hoe dit aan sy kort krom stertjie gekom het.

Seker het die reusestad Berlyn, met sy $4\frac{1}{2}$ miljoen mense, 'n digter nooit so begeesterd ontvang en so dankbaar toegejuig as die Vlaming Felix Timmermans nie, dié man, wat na die verwoesting en ontgoëlinge van die eerste wêreldoorlog die mense weer op die heerlikheid van die aardse lewe gewys het, dié man, wat in sy adamiese

daemelker *Pallieter* die bewys weer gelewer het, dat die lewe met sy daelikse ellende tog nog lewenswerd is en wat so aan duisende deur die oorlog bedrukte mense, besonderlik in die diep beproefde Duitsland, weer lewensmoed geskenk het.

Na die merkwaardige lesing in die „Herrenhaus” het iets gebeur wat Timmermans diep ontroer het en wat hom van die verering en dankbaarheid wat hy onder die Duitse volk geniet het, ’n tasbare bewys gelewer het. Hy was verplig om meer as ’n volle uur in een van die kamers neffens die groot raadsaal aan ’n tafel plaas te neem en aan honderde bewonderaars, wat skouer aan skouer in die lang groot gang gestaan het, autogramme uit te deel. Met Timmermans het ek daar gesit en het die groot verbasing op sy gemoedelike gesig gesien toe al daardie mense by hom verbyskuif. Hoogs in sy skik het hy al die eksemplare van sy boeke wat aan hom voorgelê is, nie net met sy handtekening nie maar self nog met ’n vlugtige, tipiese prentjie soos ’n blompotjie, ’n engeltjie of ’n sterretjie versier. Die meeste was vrouens, oueres en jongeres, maar ook baie mans, meesal studente, en toe ek vir die soveelste keer ’n nuwe punt aan die potlood skerp en eindelijk die laaste van die lang tou mense verdwyn het, het Timmermans my vraend aangekyk en gesê dat hy waaragtig nie geweet het nie dat hy so baie lesers in Duitsland het nie. „My uitgewer in Leipzig het my nooit iets daarvoor meegedeel nie,” het hy verwonderd bygevoeg.

Die eerste optrede van Timmermans in Berlyn was ’n ware triomf. Die Vlaamse digter het op daardie aand die miljoenestad vir hom verower. Selfs in sy eie Vlaamse land het hy seker nooit soveel waardering gevind nie.

* * *

Aansluitend by daardie lesing het ’n gesellige byeenkoms met Duitse skrywers, kunstenaars en professore plaasgevind in die „Muschelsaal” van die bekende Kempinski-restaurant in die Leipziger Strasse. Wie almal daarby was, weet ek vandag nie meer so presies nie, aangesien al my dokumente in die inferno van Berlyn vernietig is, maar ek herinner my aan die digter Hans Friedrich Blunck, die Tiroolse beeldhouer Hitzberger, die kunsskilder Frans Eichhorst en sy Vlaamse vrou, die portretskilder Ferdinand Spiegel, verder professor Anton Kippenberg en professor

Petersen en baie andere. Die beste Ryn- en Moeselwyne het in die glase gevonkel en daar is lekker vis- en vleispasteitjies opgedis. Timmermans het dit baie geniet en hy was in 'n goeie humeur sodat hy onder andere meer op die keersy van my spyskaart ter herinnering aan daardie aand 'n skets geteken het met die titel „Ladder tot God”, sinspelend op een van die beste wynsoorte uit die kelder van *De Pastoor uit den bloeienden Wijngaardt*.

Die Tirolse beeldhouer Hitzberger wat aan die Kunsakademie te Berlyn gedoseer het, en wat hom besonder wesensverwant met die Vlaamse digter Timmermans gevoel het, het daarop aangedring om die heuglike dag saam met 'n paar kunsvriende in sy eie huis te besluit. Timmermans het die uitnodiging nie van die hand gewys nie en in 'n klein kring van kuns- en wesensverwante mense het hy tot laat in die nag sy hart kon ophaal en oor kuns kon gesels. Die ryk versierde kaste en houtpanele met Bybelse motiewe van Hitzberger het genoeg aanleiding daartoe gegee. Daardie aand het Hitzberger ook van sy verblyf in Suid-Afrika vertel, waar hy in sy jeug om geld te verdien van plaas tot plaas getrek en die ou ossewaens op Tirolse wyse met bont kleure beskilder het en hoe hy baie dikwels op pad onder die heerlike sterrehemel van die sonnige land aan die Kaap, êrens op die vlaktes in die gras geslaap het.

Merkwaardig is dit hoe die twee kunstenaars, elk op sy gebied, met voorliefde dieselfde onderwerpe behandel het. So bv. die bekende Franciskus-figuur, wat Timmermans die mooiste heilige genoem het, „omdat hy naïef en vrolik” was en wat tot die voëls en die visse soos tot sy broers en susters gepraat en die elemente met sy seënende hand bedaar en bedwing het. Destyds was Timmermans se bekende Franciskusboek nog nie geskryf nie en wellig het die storie, wat Hitzberger dié aand oor sy eie Franciskusbeeld, wat die pastoor in sy kerk nie wou laat opsit nie, vertel het, meegehelp om Timmermans se idee van 'n Franciskusboek in die werklikheid te laat omsit.

'n Sekere dag het Hitzberger die opdrag gekry om vir 'n nuwe kerk in die weste van Berlyn 'n lewensgroot houtbeeld van die heilige Franciskus te sny. Hitzberger het daardie figuur heel modern opgevat en die seënende regterhand in verhouding tot die hele regstaande figuur baie groot gemaak. Dit het dadelik die aandag nie alleen van

die pastoor, maar ook van die kerkraad gewek. Die onthulling het op die 4e Oktober, die patroondag van die heilige Franciskus, plaasgevind en wat die pastoor gevrees het, het dan ook gebeur. Die volgende dag reeds het 'n deputasie van die kerkgemeente hulle misnoë by die pastoor so duidelik te kenne gegee dat hy verplig was om die nuwe beeld uit die Godshuis te verwyder en Hitzberger te ontbied om met hom te beraadslaag.

„Die gemeente beskou dit as 'n bespotting van die groot heilige,” het die pastoor gesê, „die hand moet kleiner gemaak word.”

„Kleiner!” het Hitzberger gesê, „mnr. Pastoor, die hand is nog te klein, te klein om al die wonderwerke te simboliseer wat Franciskus met daardie hand verrig het. Die hand het die branders van die oseane bedaar, die goddelose skare weer tot God gelei en 'n sondige wêreld tot boete en gebed laat terugkeer. So het ek my Franciskus, die wonderdoener, voorgestel.”

Jarelank het daardie Franciskusbeeld verban in 'n donker hoekie van die kerk gestaan, vergete deur die gelowige, alledaagse kerkgangers, maar opgesoek deur talle kunsbegeesterde mense uit die grootstad Berlyn wat Hitzberger se ekspressionistiese Franciskus met die groot hand wou sien. Soos Barlach het Hitzberger se kuns tot die groot naturalistiese skool behoort, waarmee Timmermans steeds gedweep het, en wat hy terugvoer tot die heerlike volksgebonde kuns van die onsterflike Breughel.

* * *

Dit was die eerste besoek van Felix Timmermans aan Berlyn aan die begin 1930. Seker het Fé, soos Timmermans onder sy vriende genoem is, steeds 'n hekel gehad aan enige „geleerd gedoe”, soos die meeste van ons, en aan alles wat styf en offisieel was, maar ware vriendskap en egte waardering van sy werk het sy groot menslike hart steeds laat „lekker” voel en so het hy in daardie dae sy verblyf in Berlyn onder die Duitse mense ten volle geniet.

Laat my nou sluit met 'n indruk wat ek gekry het by die lektuur van sy laaste boek oor die Vlaamse skilder Adriaan Brouwer.

Seker is dit nie sonder 'n dieper rede nie dat Timmermans daardie roman in die „ik-vorm” geskryf het. Gewis

het hy hom steeds tot daardie skilderwêreld van Brouwer aangetrokke gevoel, maar in die dae van oorlog en siekte met 'n onsekere toekoms voor oë het hy 'n kans gesien om sy eie siel en sy eie gedagtes daarin uit te giet. Dit blyk dan ook dat hy aan daardie boek besonder graag geskryf en self gesê het: „Dit zal een krachtig maar onbeleefd boek worden. Het is in den ik-vorm geschreven en ge kunt denken, dat mannen zooals Brouwer geen blad voor hun mond namen.”

Wou Timmermans ook hierdie keer geen blad voor die mond neem nie? Daar het 'n sekere verwantskap tussen Breughel en Timmermans bestaan en daar is vroeër dikwels op gewys, maar soos ek hom geken het, was Timmermans tog anders. Timmermans laat Brouwer dinge sê wat na die bevestiging van sy dogter werklik sy eie menings was. Was dit die gevoel van die naderende dood wat hom beweeg het om sy diepere gedagtes neer te skryf?

Die hier volgende woorde wat Timmermans vir Brouwer op sy sterfbed in die mond lê, is m.i. 'n aanklag wat hy self teen sy ondankbare en onbarmhartige omgewing gerig het: „Nu lig ik hier in het gasthuis, neergeslagen op het strooi van den arme . . . Ik voel het, het is er mee gedaan en afgelopen. Het is zó goed . . . Geen van de vrienden komt mij bezoeken. Alleen Dupont komt in de twee dagen eens horen en mij troosten op zijn eigen wijze manier, en brengt mij de groete van Ruebens: die zal ook wel eens komen en de anderen zullen ook wel eens komen. Ge kent dat. Maar 't vriest en 't sneeuwt en ze zouden eens een valling kunnen pakken . . . En nu wacht ik naar het toevallen van mijn ogen. Zo tegen den dood begint het stil te worden. En die stilte komt, ik voel ze als drup voor drup immer voller in mijn geest opstijgen.”

Meer as ses jaar is dit al sedert Felix Timmermans van ons heengegaan het, 'n innerlik goeie mens, 'n fynbesnaarde digter, sonder twyfel 'n skitterende ster aan die firmament van ons gemeenskaplike Dietse letterkunde. Tientalle van jare het sy werke die boekemark beheers en sy naam het weerklink gevind tot in die verste uithoeke van die wêreld-rond. Felix Timmermans was die „Sanger van die lewe, van die natuur, ja van alle mooie dinge op Gods aarde”. Maar sy inwendige „ik” het hy eintlik nooit geheel en al verraai nie.

Ons is dankbaar vir Felix Timmermans, wat ons as afskeid nog „Adagio”, ’n krans gediggies, geskenk het, wat in hulle eenvoud en hulle diepte tot die mooiste behoort wat ons in ons Dietse letterkunde besit. Sy laaste woorde was: „Ik heb gaarne geleefd, ik zal ook gaarne sterven.”

Adèle Naudé

KAT OP DIE VENSTERBANK

Snags lê hy buite op die vensterbank,
Geheimenisvolle oë op die koel
Gedig van tuin, waar maan haar silwer stort
Totdat dit oor my erf se kelkie spoel.

Vaag deur die ruit voel ek die poësie,
Maar hy wat deel is van die skadu-nag,
Het hy alreeds die volle sin begryp
Waarop ek, oningewyde mens, nog wag?

Pond vir 'n Perske

DIRK RICHARD

Die stuk speel in oom Melt de Kock se voorhuis af. Hy is 'n kleinboer sowat tien, twaalf myl van Johannesburg. Die vertrek is netjies maar nog ouderwets gemeubileer, familieportrette teen die mure. Deur die een venster is 'n perskeboord sigbaar, deur die ander 'n stuk boord wat reeds deur nuwe, swierige huise verdring word.

Oom Meltjie is sowat 65. Hy het 'n kakiehemp aan wat sonder das by die nek toegeknoop is; kruisbande oor die skouers; kakiehemp en bruin stewels; bokbaard en snor netjies geknip; forse voorkoms.

Sy vrou, Kowie, is 'n jaar of vier jonger as hy; donker katoentabberd en -kouse, oprygskoene.

Hulle jongste dogter, Ryna, 22.

Eiendomsagent Wilkens.

Welvarende sakeman Douglas.

As gordyn opgaan, is oom Meltjie en Wilkens druk aan die gesels, terwyl tant Kowie eenkant sit en hekel.

MELT: Maar my liewe kêrel, wil jy nou my laaste grondjies onder my kom uitkoop?

WILKENS: (*Na jongste mode geklee in lang, slipbaadjie; helder das, hare na agter gekam en geolie; aan die uitspattige kant.*) Maar my liewe mnr. De Kock, kyk die prys wat u kry: oor die drieduisend pond vir minder as twee morg... Ai, en ek soebat al lank: die derde keer hierdie maand, en vanoggend al twee uur.

MELT: Dis my laaste grond! Jy het die een morg ná die ander hier weg. Ek het meer as twintig gehad. Wat sal ek dan oorhê?

WILKENS (*terwyl hy hande oopgooi*): Sê 'n halwe acre of so.

MELT: 'n Halwe acre!

WILKENS: Soos die ander erwe in Northwards. Meneer moet ook nie vergeet nie: jy is vandag 'n ryk man en daarvoor moet Meneer ons eiendomsagentskap dankie sê. Saam met hierdie offer, het die nuwe aanleg u meer

as £25,000 in die sak gebring. Vyf-en-twintig duisend pond vir twintig morg is goeie geld, mnr. De Kock.

MELT: Asof julle aginte ook nie julle sakke vol gestop het nie. Ek versta' glo julle jaag die mense tot £750 en £1,000 vir 'n erfie uit die sak waarop nie eens 'n span osse kan draai nie. Dis mos verneukery, man!

WILKENS (*met glimlag*): Business is business. En buitendien, dis die rykes van Johannesburg wat hier kom nes maak het, dis hulle wat besluit het Oom se plasie is die ware mekaai. Tot ons geluk, mnr. De Kock.

MELT: En nou het Vergesig Nordwards geword? Nee-wat, ek het g'n lus om verder meer te verkoop nie. Ek het genoeg geld in die bank, en ek wil nog 'n klompie van Vergesig se perskes om my hê.

WILKENS: Dit sal die duurste perskes in die land wees, en dit is geen perske werd nie.

KOWIE (*terwyl sy van haar hekelpenne opkyk*): Vir ons is 'n perske baie werd, mnr. Wilkens. Ons het ons hele lewe lank onse bestaan van hulle gemaak.

MELT: En ons was gelukkig. Ons was nooit ryk nie, dis waar ja, maar ons het ook nooit gebrek geken nie.

WILKENS: Maar Meneer behoort baie gelukkig te wees. Tien jaar gelede was hierdie plasie seker nie eens £2,000 werd nie. Vandag het u al meer as £20,000 in die bank.

KOWIE: Kan 'n mens geluk met geld koop?

WILKENS: Vandag moet mens geld hê, Mevrouw. Ek het gesien waar geld mense bring wat eers niks was nie. Vandag sit hulle in die voorste plekke, in die stadsraad, in die provinsiale raad of in die parlement. (*Glimlaggend*) Oom sal ook nou belangrik genoeg word om Kaap se kant toe te staan.

MELT: Jy's verspot man. Ek't g'n sulke bewegings nie. Al wat Kowie en ek wil hê, is 'n rustige plekkie vir ons oudag.

WILKENS: En daarvoor is 'n half acre groot genoeg.

KOWIE: As ons hard praat, sal ons by die buurman se oor in praat.

MELT: Ja, en hoe na sal die bure aan ons kom?

WILKENS (*glimlaggend*): Nog ver genoeg vir 'n hele paar perskes tussenin.

KOWIE: En sal daar plek wees vir 'n paar koeie, my hoenders en ou Kolbooi?

WILKENS (*effens onseker*): Seker . . . Mevrouw . . . ek weet nie wat die stadsregulasies vir hierdie buurt is nie. Northwards is 'n smart locality en hulle sal seker hulle fiemies hê.

KOWIE: Jy lie mos nou, mnr. Wilkens. Ek kan sommer aan jou manier van praat sien hoe jy probeer verbykom. Ek het nog nooit 'n koei in hierdie omgewing gesien en 'n haan hoor kraai behalwe ons eie nie.

WILKENS (*half ergerlik*): Maar Mevrouw sal hier rustig kan leef. Dis 'n stil buurt. Wat meer wil julle hê?

MELT: Stil! Wat praat jy, man? Vandat ek hier beginne verkoop het, is dit 'n gery en ge-lawaaai van busse en karre om mens mal te maak. (*Wilkens kyk hom met spottende ongeduld aan.*) Van die ou stilte is hier g'n stuk meer oor nie. Al wat hier lawaaai het, was die swart haan en ou Witvoet. Maar dit was mooi lawaaie. En dit was te lekker om Sondagsmiddags op die stoep te sit en na die inkele karre te kyk wat hier verbykom. Hoor nou daar! (*die gedreun van 'n motorfiets kom al nader en gaan met oorverdowende slae verby. Kowie en Melt kyk stip na Wilkens asof hulle 'n antwoord van hom verlang.*)

WILKENS (*skouerophalend*): O dit? Dis maar 'n stad se geluide. Ek het 'n flat bo Rissikstraat in die middel van die stad. Ek hoor dit nie eens nie. 'n Stad wat lewe, moet brul en lawaaai. Dis vir my mooi.

MELT: Nou laat ek jou sê: ek wil my eie soort lawaaai hê, en ek wil stilte hê. Die stad was nog maar altyd op 'n afstand, soos 'n opgeefsel, en nou's hy vlak teen my voordeur.

WILKENS (*nou haastig*): Dis Meneer se goeie geluk om in sy pad te kom. Dit help nie om blind te wees vir die tye nie. Die stad sal kom en hy sal hom nie laat keer nie. It's coming and there's no stopping it. Die perskes sal verdwyn, en waarom nie aan my verkoop nie? Het ek Oom nie nog altyd eersteklas behandel nie? (*staan op en maak ongeduldige gebaar.*) Hierdie perskes is goud werd.

MELT: Wanneer hulle afgekap is, as hulle dood is.

KOWIE: Hoor weer daar! (*'n Bus kom in die verte aan en gaan met 'n diep dreuning verby wat selfs die portrette aan die mure laat tril.*) Hier was nou die dag 'n aan-

randing op 'n wit vrou. Dis die eerste keer dat 'n naturel in hierdie buurt so iets doen.

MELT: (*steek sy pyp aan, stap dan na venster links.*) Kolbooi! Kolbooi! Waar's Oubaas se ou perd dan? Is-hy dan weer steeks ve'more? A, die ou rumatiek pla weer in 'n perdeblad, nè? Die konstistusie is ook nie meer te goed nie. (*Draai om en wink vir Wilkens wat nader kom.*) Kom hier, Wilkens: Kyk: wil jy nog hierdie laaste plesiertjies ook van my wegneem?

KOWIE (*by haarself terwyl sy na hekelpenne kyk*): Asof hy sulke dinge sal verstaan.

WILKENS (*verwonderd*): Praat Meneer van daardie ou rammelkas? Die ou ding verhaar dan al.

MELT (*Vinnig*): Jy moet da'rie praatjies uitlos, kêrel. As jy my wil hê, moet jy só van my ou perd praat.

WILKENS (*apologeties*): 'Skuus, mnr. De Kock. Ek't vergeet dis Kolbooi. Is hy al lank by Oom?

MELT: Vandat hy gebore is, twintig jaar gelede. Hy was so 'n lelikerige langpoot vul met 'n kol properlies in die middel (*wys na sy voorkop*). Ai, en die dag toe hy die jong Elbertas so afgevreet het. Vabond! Dê ou perd, kom haal jou suikerklontjie. (*Krap in sak en steek sy arm deur venster.*) Die ou tande wil ook nie meer vat nie. Seker nie meer lank nie, dan's ou Kolbooitjie ook na sy perdehemel. Vreet maar jou genadebrood, my ou perd; Oubaas sal vir jou sorg. (*Wilkens kan kwalik 'n glimlag onderdruk en beskou die toneeltjie met ken in hand.*)

KOWIE: En as jy verkoop, Melt, waar sal jy Kolbooi laat wei?

MELT: Ja-nee, waar? En Wilkens-man, waar gaan ek weer die plesier kry om oor 'n perskeboord te kyk wat vol in die blom staan? Ai-man, om hier vroeg in die more op so 'n groeisame dag op te staan! (*Motors flits af en toe verby.*) Om die perskes te sien rooiwang maak, en die eerstes af te pluk. Dit is altyd 'n Kieliekruietjie of 'n La-Wynkwêr, en dié was altyd Kowie s'n. (*Kyk haar met 'n laggie aan, so effens verleë voor Wilkens.*) Nee neef, en nou wil jy dit van my wegvat (*wys na linkerhandse venster*), en DIT vir my gee (*stap na venster regs.*) Huise, huise, huise en poptuintjies wat met 'n maatstok afgemeet is, Nee wat, ek... dink... jy...

moet (*praat al harder soos motorfiets aankom, en soos dit voor huis verbydreun, moet oom Melt byna skreeu*) maar... *liever... hierdie... laaste stukkie grond vir ons los (soos fiets verder gaan, sak sy stem weer na normaal.)*

KOWIE: Anders het ons die lawaai *agter* ons huis ook.

WILKENS (*met moedelse gebaar*): U sal die grond vermors.

RYNA (*van regs op; sy het laehals-sommerrok en kakelebonte sandale aan, naels gevef; baie aantreklik*): A, more mnr. Wilkens. (*Hulle groet vriendelik. Hy kyk haar met welgevalle aan en glimlag veelseggend.*) En hoe vorder dit?

WILKENS: Letterlik nie 'n duim nie.

RYNA: Ag so? (*teenoor oom Melt*): En waarom is pappie dan so hardkoppig vanmore?

MELT: Dis 'n saak wat jy gerus aan jou pa kan oorlaat. Besigheid hoort by mans, nie by meisies met effense rokkies nie.

RYNA (*half ergerlik*): Alweer die ou storie! (*Kyk met skamper laggie na Wilkens*): Mnr. Wilkens sien seker meer as *dit* op Johannesburg se sypaadjies?

WILKENS: Dis waarom lente vir MY mooi is!

RYNA: En as ek mag vra, Pappie, waarom wil Pa nie verkoop nie?

MELT: Om ek nie wil nie.

WILKENS: Dis nou 'n rede. Juffrou, jou pa sit hier op 'n goudmyntjie en hy wil nie verkoop nie. En dit vir 'n paar perskes se ontwil! Hy gooi £3,000 in die water...

RYNA: Drieduisend pond! Hemeltjie ons. Genoeg vir 'n swembad en 'n tennisbaan.

KOWIE: Wat wil ons met 'n swembad en 'n tennisbaan maak?

RYNA: Hoeveel mense in hierdie buurt het nie 'n swembad en 'n tennisbaan nie?

KOWIE: Hulle's so opmekaar gedruk soos vendusiekrale.

RYNA: En hierdie huis het sommer 'n groot regmaker nodig... Heel beste sou natuurlik wees as hier 'n nuwe in sy plek kan staan... En die badkamer met sy ouderwetse bad en die lang pote... Ugh! Steek dit nie by die ander af nie, mnr. Wilkens?

WILKENS (*draai sy kop met 'n snuiflag weg wat veel sê*):

- Ná Kolbooi moet ek my woorde tel.
- RYNA: Ag toe Pa, verkoop maar. Dan kan ons hier 'n mooi huis laat opsit.
- WILKENS: Maak dit dan 'n hele acre. Al klaar die grootste erf in Northwards.
- RYNA: Pa en Ma kan op die oudag gesiene mense word. En julle verdien dit, hoor! (*Melt en Kowie kyk na mekaar en dan glimlag hulle begrypend.*)
- MELT: Gesiene mense! Jy laat my lag kry, kind. Jou ma en ek wil nie gesien wees nie. Ons is doodgelukkig in ons kampie hier, ons en ou Kolbooi en ons perskes. (*'n Bus kom weer dreunend verby.*) Die vervloekste nuwerwetsigheid is al naby genoeg... Nee Wilkens-man: die Ou-mies en ek pluk nou as 't ware die vrugte van 'n lang lewe.
- RYNA (*sarkasties*): En dit bly maar perskes.
- KOWIE: Toemaar Rynatjie, as jy en die advokaatjie afhaak, gee ons julle die huis wat jy graag hier wil hê.
- MELT (*met 'n laggie*): En dan kan jy aan die perskes dankie sê... Nee, Wilkens-man, kom later, so ná 'n jaar of tien as ek vierstewels in die lug lê.
- WILKENS (*tel sy hoed met ergerlike gebaar op*): Oom maak 'n fout, ek sê vir jou! Hierdie buurt sal al besiger word. Hier kom nog 'n nuwe busdiens, en die main road na Pretoria (*spreek op Engels uit*) gaan voor die deur verby.
- KOWIE: Laat hulle maar kom, solank ons hier agter nog plek het om asem te haal.
- WILKENS: Goed, mnr. De Kock, dan sê ek tot siens, maar nie vir lank nie. Ek kom terug nes die katjie in die song, nè Juffrou? (*Sy antwoord hom met suur glimlaggie want sy is teleurgestel. Dan baie beslis*): Ons sien mekaar weer, Meneer, want die stad sal hom nie laat keer nie. (*Af. Ryna gaan eenkant op 'n stoel sit en steek ingedagte sigaret aan. Haar ouers kyk haar verbaas aan terwyl sy die rook uitblaas, haar oë steeds op die tydskrif.*)
- MELT: Ryna!
- RYNA (*skrik*): Ja Pa?
- MELT: Maak dood darie sig'ret!
- RYNA (*met 'n verleë glimlaggie*): Ag, 'skuus, Pappie, ek't dit ingedagte gedoen. (*Gooi sigaret op konkreetstuk*

voor kaggel waar dit lê en rook. Melt tel sy kierie op en stamp die sigaret daarmee dood.)

KOWIE: En van wanneer rook jy, Ryna?

RYNA: Ag, net so af en toe.

MELT: Nie weer voor ons nie. Dis vir ons 'n lelike ding dat ons dogter rook.

RYNA (*skouerophalend*): Ek sal nie weer nie.

MELT: Rook uit 'n vrou se mond lyk alteveel na iets wat vars in 'n beeskraal is. (*Ryna vererg haar maar bedwing haarself.*)

KOWIE (*vinnig, want sy het Ryna se houding opgemerk*): Ek is bly jy het nie verkoop nie, Meltjie.

MELT (*nors*): Hul sal my nie hier wegkry nie!

RYNA (*stoot tydskrif van haar weg, met inspanning*):

Pa, ek dink darem dis hoog tyd dat pa en ma moet besef ons leef nie meer in die dae van die Boere-oorlog nie. Johannesburg is nie meer 'n mynkamp nie. (*Kowie en Melt kyk haar strak aan.*) Dis 'n stad, 'n wêreldstad, en ons staan nie los van die wêreld nie. Kyk na hierdie buurt, kyk wie's nou ons bure, en kyk wie was eers ons bure: 'n klompie sukkelaars met stukkende windpompe en hulle ewige bicycles, 'n klomp haasmonde wat met hul weglê-snorre perskes loop en verkwansel het. Kyk nou: dis advokate en dokters en sakemanne wat om ons woon. (*Melt en Kowie praat nog steeds nie; net Melt se vingers begin oop en toe maak oor kierie se kop; Kowie krap 'n vuiligheidjie van die tafelblad af. Ryna begin senuweeagtig word.*) Northwards het 'n vooraanstaande voorstad geword: Hier's nie meer perskes en windpompe nie, maar groot huise en duur karre, 'n woonbuurt waarop enige stad trots sal wees. En dis geklik om nie te wil verkoop nie. Hierdie stuk grond is die enigste onontwikkelde kol in 'n vooruitstrewende buurt, hier tussen die teerstrate (*spring op, praat al hoe vinniger, want haar ouers sê nog steeds niks.*) Hemeltjie nee, ons kan nie meer lewe soos ses, sewe jaar gelede nie toe die wêreld hier plaasagtig was nie. Ons is vandag stedelinge met geld in die bank en ons moet leef daarna (*dan met wilskrag*) Pa! . . . Pa! kan ook nie meer so rondloop met kakieklere nie. Pa moet 'n pak klere aantrek en 'n das aansit as Pa op straat kom. Kyk hoe lyk dr. Milford hier langsaan . . . Pa moet aan ons

kinders ook dink. (*Melt begin nou vinnig met kierie op vloer tik. Hy moet hom beheers.*) En dis nie meer nodig vir Pa om fiets deur die strate te ry nie. Pa, die bure praat agteraf as hulle Pa so sien ry met pomp in die hand en die bene toegeclip... Ons kan 'n motor bekostig... Pa! Moenie my so aankyk nie. Sê iets... Is ek reg of verkeerd? (*Begin dan te snik, terwyl sy gesig in hande verberg.*) Ek weet... ek mors... my asem... Wat help dit? (*Snikkend af. Melt en Kowie sit 'n rukkie sprakeloos.*)

MELT: Dis ons dogter, Kowie; dis wat die nuwe buurt van haar gemaak het. Dis die Rynatjie wat ek op my skouer moes tel dat sy die ryp perskes kan bykom. (*Staan met sug op en gaan voor spieël staan. Voel met sy hand oor sy boordjie.*) En hier moet 'n das sit. 'n Boer met 'n das! Ek met een van Wilkens se bont affêres tussen my perskes. Kowie, kan jy jou so-iets indink? Ek sal lyk soos 'n Dietsemmerpeertjie in Juniemaand.

KOWIE (*sê eers niks, maar toe sy Melt se blik vraend op haar voel, begin sy versigtig*): Melt... is Ryna heeltemal verkeerd?

MELT: Hoe meen jy?

KOWIE: Met die manier wat ons aantrek... Weet Ryna nie dalk beter as ons wat reg is in hierdie buurt nie?

MELT: Wil-jy vir my kom sê dat jy Ryna se part vat?

KOWIE: Wag nou Meltjie, stadig. Ek vra maar 'n simpele vragie: Weet ons so mooi wat die stadsmense wil hê?

MELT: Ek willie weet nie. Vir my is ek goed genoeg, en ek het altyd gedag vir jou ook. En nou beginne dit vir my lyk of my eie vrou...

KOWIE: En ek dink nie net aan jou nie, aan jou manier van aantrek nie. Ek dink aan my eie sisrokkies en die ander dinge waarvan ek nie eens weet nie. Is dit goed genoeg, ou man?

MELT (*met stygende ergernis*): Natuurlik! Wat die joos torring aan jou ve'more?

KOWIE: Ryna het gesê die mense sal agteraf lag. Wilkens het in sy vuis gelag toe jy oor Kolbooi en die perskes gepraat het—dit het ek maar te goed gesien—en die dokter hier neffens knik skaars as mens vir hom more sê. Steek daar nie dalk iets in haar woorde nie? Nou wonder ek maar net of jy nie vir Ryna en Trudi

se ontwil so bietjie anders kan aantrek wanneer jy op straat kom nie. Vir my is jy goed genoeg, Meltjie! Ek het nog nooit eers daaraan gedink dat jy nie goed genoeg is nie . . .

MELT (*staan vinnig op*): Dis vir jou 'n affêre! Dis die eerste keer dat jy oor my klere pruttel. Wat die duiwel makeer julle? Het die buurt ook na jou kop gegaan? Wragtig, my eie vrou!

KOWIE: Jy moenie blind wees nie, Melt.

MELT: Blind! Dis julle wat allerhande dinge sien.

KOWIE: 'n Das en 'n baadjie sal jou nie by wyle doodmaak nie.

MELT: Ek kan al sien hoe die nuwe gif by jou ingewerk het. Ek's nie meer goed genoeg nie.

KOWIE: Jy vererger dinge.

MELT: En jy lyk self nie te danig na society nie.

KOWIE (*ontsteld*): Maar Melt! Dis die eerste keer dat ek so-iets van jou hoor.

MELT (*nou half skaam vir sy woorde*): Maar wat sukkel julle dan met my?

(*'n Harde slag kom van buite. Glasskerwe spat en 'n vrou gil. Kowie en Melt spring op.*)

MELT (*terwyl hy vinnig afloop*): Genugtig, wat's dit?

KOWIE (*met hande krampagtig voor haar*): Dit gaan soos 'n ongeluk: ek het maar deurentyd die gevoel gehad so-iets gaan nog gebeur. (*Opgewonde stemme kom nader.*)

STEM: My car smashed! You shall have to pay . . . What the hell is this old nag doing in the street?

STEM (*van Melt*): Olraait, olraait . . . I weel pay: don't make so much noise, kêrel. (*Melt op.*)

MELT: Dis ou Kolbooi, Kowie. Hulle't hom doodgery. (*Dan heeltemal verslae.*) Hy't in die pad van 'n motorkar gekom. (*Gaan op stoel sit.*)

KOWIE: Is hy heeltemal dood, Meltjie? (*Meltjie knik ingedoke en kyk voor hom.*) Hoe't hy dan in die straat gekom? (*Melt trek skouers op.*) Dis seker die verbrande Jerry wat vergeet het om die hek toe te maak. Jy moet hom daarvoor vasvat, Melt. (*Melt staan op en skreeu deur venster.*)

MELT: Jerry! Alfons! Esau! Sleep vir Kolbooi na die onderboord en begraaft hom. Toe maak gou, magtig,

moenie my staan en aankyk of ek uitgeslaan is nie. (*Draai om, neem weer plaas. Kyk gelate na Kowie.*) Nee Kowie, dis nie Jerry se skuld nie, dis die ou perd s'n. Hy't die fout gemaak om oor 'n teerstraat te loop. Hy wou maar net doen wat hy altyd gedoen het: om oorkant die straat te gaan wei.

KOWIE (*staan op en gaan by venster staan.*) Hier kom hulle met hom verby, Melt.

MELT: Laat hulle maar gaan!

KOWIE: Ounooi se ou perd! Ou Kolbooi. Kyk hoe stamp die kop oor die gruis en die klippers...

MELT (*staan vinnig op*): Ja, ja. Sê hulle moet gou maak, vrou. As hulle sukkel, bars hulle.

KOWIE (*gaan weer sit*): En hoe lyk die ander kêrel se kar?

MELT: Dis lelik verniel, Kowie. Dit sal my 'n goeie spulletjie kos. Dis glo daardie Stevens of Stephenson-kêrel wat hier bo in die straat bly: jy weet die een wat kort-kort oorsee met die vliegtuig ry.

KOWIE: Hê-die man dan nie oë nie?

MELT: Weer gejaag! Daarvoor kan jy sweer. (*driftig*) Hulle het g'n respek vir lewende dinge nie. Wat's 'n perd nou? Dis iets uit die ou doos wat moet vrek gery word. Hulle het nie meer tyd vir 'n mooi ding van vleis en bloed nie. Dit moet van yster en glas wees, 'n dooie ding wat met knoppies werk en loop as jy petrol gee... dis 'n vuilgoedse blikding sonder siel, Kowie... Wat's 'n ou perd nou? Wat's ou Kolbooi? 'n Dêm old nêg, dis wat hy is, Kowie, 'n brandmaer ding met geel tande. Laat so 'n ou nikswerd nou in die pad van 'n blink, nuwe motor moes kom. (*Sluit sy oë 'n oomblik; Kowie kyk na hom met bewoë gelaat.*) Ou Kolbooi, my ou perd! (*gryp sy kiere vas; dan, ná 'n oomblik, driftig*): Nou't hulle hul sin gekry! Nou sal daar nie meer 'n dirty old nêg in hulle pad wees nie. Nou kan hulle net mekaar trap!

KOWIE: My ou man! (*'n Oomblik kyk hulle mekaar aan.*)

MELT: (*moeg*): Dit begin nou vir my te lyk of Wilkens kan reg wees. (*stap na venster.*) Hulle graaf al die gat, Kowie. Nie meer lank nie of daar bly net 'n hodie grond oor, en eendag sal hulle 'n huis oor ou Kolbooi bou. Dit sal sy grafsteen wees. (*Gaan op russtoel sit en lê*

agteroor met geslote oë. Kowie gaan by venster staan.
'n Paar oomblikke stilte. Dan klop aan deur. Hulle kyk
albei daarheen.)

MELT: Kom binne! (*Douglas op; middeljarig, smaakvol
gekleë; gee indruk van welvarende, ontwikkelde persoon.
Praat met sterk Engelse aksent.*)

DOUGLAS (*met vriendelike glimlag*): Verskoon my, ek is
lastig, maar u is mister Dè Kôck? (*Melt knik.*) Ek is
Douglas, mister De Kock.

MELT: Dag, mnr. Douglas (*gee hand.*) En dis my vrou,
hie'rie. (*Kowie en Douglas knik na mekaar.*) Kry vir
jou 'n stoel. (*terwyl hy gaan sit.*)

DOUGLAS: Hoe is jy, Mevrouw?

KOWIE: Niks te kla nie, en met mnr. Douglas?

DOUGLAS: Alles van die beste, Mevrouw.

MELT: Maar ek't jou mos al voorheen in hierdie buurt
gesien.

DOUGLAS: Dis reg, Meneer. Ek woon hier naby in Craw-
ford-avenue.

KOWIE: In daardie groot huis met die baie rose?

DOUGLAS: Dit is net so, Mevrouw.

MELT: En wat kan ek vir jou doen, mnr. Douglas? Soek
jy perskes?

DOUGLAS (*verleë*): Nee, Meneer!

MELT (*glimlaggend*): Of kom jy sommer call?

DOUGLAS: Ja, of hoe ek sal sê. Ek kom oor 'n saak...

MELT: Moet net nie kom grond koop nie.

DOUGLAS: Grond koop? I... I... ek weet nie wat Meneer
sê...

MELT: Toemaar, mnr. Douglas, ek grap sommer. (*Skielik
ernstig*) Hê-jy gehoor, hulle't my perd doodgery?

DOUGLAS: So is aan my vertel. Maar gelukkig, hy was
ook al oud, hey?

MELT (*met effense frons*): Laat ek hoor wat ek vir jou
kan doen?

DOUGLAS (*onseker*): Meneer, ek kom oor 'n baie delikate
saak na u... en ek hoop u sal nie kwaad word.

MELT: Wat's dit man, vertel laat ons hoor?

DOUGLAS: Ek doen maar my plig. (*Melt se gesig verstrak
en Kowie kyk op.*) Soos u weet, het ons hier in North-
wards 'n Belas... tiengs... betaals... belastings...

betaal... betalers... ver... eni... ghing... ag, ver-
skoon my Afrikaans!

MELT: Jy bedoel 'n Ratepayers Asso-sjun... Assosiasie
... Ag, my tong kan tog in die Rooitaal verstrik raak.

DOUGLAS: Ja, 'n Ratepayers Association... die inwoners
van Northwards...

MELT: Nou wil jy hê ek moet kom aansluit?

DOUGLAS: Ja... hoe sal ek sê... as u wil.

KOWIE: Dis nie wat hy kom sê het nie, Melt.

MELT: Wat dan, mnr. Douglas?

DOUGLAS: Ek is die voorsitter van die Vereni... ghing.

Ons het gisteraand op ons maandelikse meeting die
volgende besluit geneem. (*Haal papier uit binnebaadjie-
sak.*) Ek sê weer, ek doen maar net my plig. (*Kowie
gee 'n snuiflaggie en gaan hewig aan die hekel.*) Ek lees
hoe ons het besluit. (*Lees*)... Hierdie Vereniging be-
sluit dat mnr. De Kock van Noordlaan 15, Northwards,
versoek word om sy eiendom sodanig te verbeter dat
dit in ooreenstemming gebring word met die ander
eiendomme in Northwards. Die toestand van gemelde
woning is sodanig dat dit die waarde van ander eien-
domme sal afbring. Die vergadering voel oortuig dat
mnr. De Kock die posisie sal begryp, dat sy eie eiendom
daardeur geweldig in waarde sal styg, en dat dit dus
nie meer nodig sal wees om verdere stappe te doen nie.
(*Kyk op en as hy Melt se gesig sien, voel hy dadelik
onseker en begin oor sy woorde struikel.*)

MELT: En wat sal die ander stappe wees as ek mag vra?

DOUGLAS: Ek het gehoop... ek hoef nie daarvoor te
spreek nie...

MELT: Jy moenie loop en hoop nie, mnr. Douglas. Ek hou
van 'n man wat sy sê reguit sê.

DOUGLAS (*nou ook lig gekrenk*): Ek is nie bang nie,
mister De Kock... Daar bestaan 'n regulasie dat eien-
domme in Northwards nie onder 'n sekere waarde mag
wees nie.

MELT: O so nè, en wie was eerste hier? Julle of ek?
(*Staan en wys met kierie*): Julle moet my nie kom
dreig nie, Meneer!

DOUGLAS (*terwyl hy ook opstaan; Kowie kyk hulle
gespanne aan*): En ek hoop jy sal nie so domkop wees
dit te doen.

MELT: Domkop! Genugtig kêrel, as ek nie geweet het dis jou tong wat parte met jou speel nie, het ek jou 'n perskehoutkierie laat proe.

DOUGLAS: I trust Sir, that you will behave like a gentleman. (*Oom Melt kyk hom sprakeloos aan, en sy lippe beweeg soos hy met sy woede worstel.*) Soos ek jou het gesê, ek doen maar my plig. Ek het in vriendelikheid gekom.

MELT: Nou ja man, as jy jou plig gedoen het, wat doen jy dan?

DOUGLAS: Dan ek sal seker gaan moet.

MELT: Ja, gaan dan maar moet. Niks keer jou nie.

KOWIE (*terwyl sy opstaan*): Mnr. Douglas, wil jy nie 'n koppie koffie hê nie.

DOUGLAS (*glimlag hoflik teenoor haar*): Nee dankie, mev. De Kock, in die omstandighede is dit beter ek gaan. (*Loop na deur, draai daar om en kyk na Melt*): Ek het nie geweet dis moontlik ek sal behandel word só in Northwards nie. Ek is nie daaraan gewoon. (*Die twee kyk mekaar 'n oomblik aan, Douglas met frons, oom Melt met gevoude arms sonder om ooglid te verroer. Douglas af. Dan gryp Melt sy kierie en tref tafel met harde slag.*)

MELT: Derduiwels! Wat nog meer! Nou's my huis ook tot agterbuurt verklaar. Eers sê my dogter ek's 'n weggooiperske, dan bly ou Kolbooï in die slag, nou my huis. (*Kyk na deur, skreeu*): Kom vat alles, alles: hier's nog 'n ou hond met stywe pote, 'n koei wat wil kalf, 'n ou vrou met jig. Kom vat, vat alles, julle stadswolwe. (*Staan 'n rukkie stil, draai om na Kowie en sê meer beheersd*): Bel maar vir Wilkens, vrou, sê hy moet kom. (*Gaan op russtoel sit, lê agteroor, en sluit sy oë.*)

KOWIE: Sal ek vir ons 'n koppie koffie gaan maak, Meltjie?

MELT: Dankie Kowie, dit sal lekker smaak.

KOWIE: Jy't genoeg gehad vir een dag, Melt.

MELT: Oorgenoeg, Kowietjie. Dit sal my hart nie goed doen nie. Ek voel stokflou. (*Sit dan regop.*) Ons sal weer 'n plekkie kry waar ons nie meer ouderwets sal wees nie, waar ons weer kan opvang met die geluk van vroeër.

KOWIE: Nou Melt? Waar sal ons twee oues tog weer kan

wortel skiet. Ons sal weer ons plekkie hê, maar dit sal voel soos vreemde grond, waar ander spoor getrap het... Dit was ons ongeluk dat ons op ons oudag in die pad van die stad gekom het. Maar Ryna en hy is vrinne, hulle ken mekaar. Sy sal wil op haar oudag met die nuwe geslag moeilikheid hê. Dis ons twee ou siele wat onnosel was, dis ons wat so verspot was om te dink hier's nog plek vir ou Kolbooi tussen die busse en karre — nes Ryna nou sekerlik nooit sal dink dat sy eendag opsy sal moet staan nie. Ons oudag sal makliker wees, Melt, as ons wil insien ons het oud geword. (*Stap na telefoon en skakel nommer.*) Mnr. Wilkens?... Mnr. Wilkens, dis mev. De Kock wat hier praat, mev. De Kock van Vergesig... ag ek... ek meen, Nordwards... (*Bly 'n oomblikkie stil vir Wilkens se reaksie*)... Kyk mnr. Wilkens, my man het maar besluit om te verkoop (*Melt laat sy gesig in sy een hand rus en sug. Kowie probeer verder praat, maar Wilkens oorval haar met stortvloed van woorde.*) Ja... ja... dit is so... ja... Maar wag nou, voor jy kom, daar is net een ding... dis die huis, die opstal: dié moet saam verkoop word, en hiervoor wil my man £1,500 ekstra hê (*Melt kyk haar verbaas aan*) Oud?... Aikôna, Meneer, die mure is nog vol goeie stene en die sinkplaat se onnerkant blink nog... Nie dit werd nie?... Nou goed dan, dan verval die bod (*Bly 'n rukkie stil, en 'n glimlag kruip oor haar gesig*) Ek't geweet jy sou verstaan, mnr. Wilkens: £1,500 ekstra vir die huis... Goed, dan sien ons jou oor 'n rukkie: ek sal die koffie en die tertjies reg hou. (*Sit gehoorbuis op mikkie terug. Terwyl hulle mekaar aankyk, kom motorfiets en dreun met harde slae verby. Hulle glimlag in mekaar se oë, terwyl Melt stadig sy kop skud.*)

MELT: Wie sou dit nou kon dink? (*Kowie kyk deur venster en haar gesig word ernstig.*)

KOWIE: Kolbooi is klaar begraaft, Melt. (*Melt sug, maar daar is nog 'n sweempie van 'n glimlag op sy gesig.*)

GORDYN.

Vincent van der Westhuizen

DIE BETOWERDE TUIN

(In Casarsa, 'n dorpie in Noord-Italië, staan die legendariese kasteel, en die mite hieronder vertolk, word deur die inwoners vertel.)

Daar's 'n mooi ou kasteel in Casarsa,
deur 'n sierlike pronktuin omring,
maar geen vlinder besoek ooit die blomme,
wyl geen voël in die bome ooit sing.

Geen waterstroom murmel daarbinne,
maar geen blomme verwelk ooit, of bloei—
geen blaartjie val ooit na benede,
maar geen saadjie ontkiem daar en groei.

Geen windjie beweeg ooit die lower,
en geen by kom die stilte versteur—
daar is niks wat verander van voorkoms,
daar is niks wat verander van kleur.

Geen sterf'ling betree ooit die poorte
in die dag of die nagt'like uur—
ja, geen mens waag dit in die nabyheid,
selfs geen hond waag dit naby die muur.

Lank gelede, so fluister die boervolk
as hul huiwerend daarnatoe wys,
het die dolk van 'n hatige heerser
in die tuin sy vergelding geëis.

Sy liefste en skoonste besitting,
sy kosbaarste sieraad, sy vrou,
was daar in die tuin in Casarsa
aan haar wettige eggenoot ontrou.

Ontsettend en blitsend in weerwraak,
het sy vlymskerpe wapen met spoed
sy troulose vrou langs haar minnaar
vir die daad van haar liefde laat boet.

Maar 'n wens het ontsnap aan haar lippe
toe sy sterwend haar lushof aanskou,
toe die groen van haar pragtuin se luister
voor haar brekende oë vergrou.

„Mag niks hier verkwyn of verander
in my sierlike fraai paradys,
tot eenmaal my liggaam terugkeer,
uit die lieflike aarde herrys.

Want dan sal ek weer my geliefde
met sy jeugdige fierheid hier vind,
en geen haat sal ons hartstog verhinder,
want geen band sal ons liefde meer bind.

Mag geen mens of geen dier dit betree nie—
wil teen storm en droogte dit hoed;
laat my bloed, wat die grond nou deursypel,
my bome en blomme steeds voed . . .”

Nou slaap die kasteel in Casarsa,
nou sluimer die tuine, en wag
op die oomblik van liefdesherlewing
op die jongste en heerlikste dag.

Die Jong Skrywer

C. M. VAN DEN HEEVER

Vir 'n skrywer is dit altyd gewaagd om oor die skryfkuns te praat, want mense mag dink dat hy as leermeester wil optree. Dit is egter geensins my plan nie. Elke skrywer het bepaalde probleme waarmee hy moet worstel en dit mag waarde vir ander skrywers en vir lesers hê om te hoor waarmee hy te kampe gehad het.

Die eerste moeilikheid waarmee 'n jong skrywer te doen kry, is die inwerking van baie invloede op hom. As hy enigszins gevoelig is, kan dit nie anders nie: hy bewonder die werke van groot skrywers intens en veral van skrywers wie se werke ooreenslaan met sy eie geaardheid. Sodra hy daardie boeke lees, bly sekere woorde, uitdrukkings, situasies of motiewe in sy geheue hang en dit is alleen maar doodnatuurlik dat die spore daarvan sal oorbly as hy probeer om iets te skrywe. Dit is die eerste teken dat 'n mens nog nie jou eie persoonlikheid besit nie en dat jy graag gelykvormig wil word aan die persoonlikheid van groter skrywers wat jy bewonder. Dit is geen doodsonde nie en die meeste skrywers begin maar so. Dit is eers deur te skrywe dat 'n mens bewus word van die groot tekortkominge in jou, en een van die vernaamste tekortkominge is dat jy 'n ander wil naäap. Dit is deur hierdie breiberg wat 'n skrywer moet eet om uiteindelik by sy ware persoonlikheid uit te kom. Beoordelaars van die werk van jong, beginnende skrywers haal soms met groot genoeë voorbeelde aan van die invloede wat op so 'n jong skrywer ingewerk het. Dit is alles goed en wel en het seker sy waarde, maar dit moet net nie gebruik word as 'n stok om die skrywer mee te slaan nie. Terwyl die meester in die oog gehou word, word die eie talent self gevorm en soms is dit verrassend om te sien watter nuwe skakeringe daar gegee word aan wat reeds vir ons bekend is.

Deur navolging kom ons dikwels tot oorspronklikheid, maar wie meen dat hy volslae oorspronklik is, besef nie hoeveel hy onbewus aan navolging te danke het nie.

Ons kom dus deels tot die letterkunde deur ons liefde en hoogagting vir goeie werk. Die kritikus doen dit ook, maar hy besit nie die vermoë om skeppend verder te gaan nie. Die jong skrywer het die vae drang in hom om iets tot stand te bring. Van die vae gevoel af wil hy beweeg na 'n vaste vorm, en dit is die steil pad wat vir elke skrywer voorlê. Hy het sekere dinge opgemerk en sekere dinge belewe. Hy wil dit in woorde weergee en hy wil dit op so 'n manier doen dat mense dit sal goed vind en meen dat hy geslaag het in sy doel.

Die aanvanklike pogings is dan ook ware sukkelwerk, want die beginneling voel dat hy dit nooit so goed sal kan doen as groot skrywers nie. Hy leen 'n beeld hier en 'n uitdrukking daar en wend 'n moedige poging aan om deur die harde dop van gemeenplaisigheid te dring, want vandat hy begin praat het en woorde leer gebruik het, het soveel gemeenplaisigheid op sy taal aangepak dat hy nou verslae voel waar hy die taal as letterkundige werktuig moet gebruik.

In die meeste gevalle is lees maar passief en volg ons lydelik wat daar vir ons voorgeskilder word, maar sodra ons self moet skryf, word ons gees aktief en dan eers ontdek ons watter weerbarstige materiaal die taal is. Ons moet eers die bloot formele oorwin. Ons moet korrek leer spel. Ons moet 'n woordeskat opbou. Ons moet die reëls van die grammatika aanleer. Maar dit maak nog van ons geen skrywer nie. Eers van hierdie oomblik af gaan ons verder en dan wil ons deur die taal 'n hele werklikheid uitbeeld. Ons vorder stadig. Met die neerskryf van die een paragraaf na die ander vind ons dat dit nie presies is wat ons wou sê nie. En daar begin ons gesukkel. Daar moet een woord wees wat reg is maar wat is dié? Ons begin die woord betekenisse, die kleur van woorde sterker aanvoel. Ons wik en weeg tot ons die regte een het, maar vir die eerste keer in ons lewe besef ons dat wie hom aan hierdie moeilike taak gewaag het, nie weer rus sal hê nie, want die taal is eintlik 'n tiran. Dit laat ons nooit met rus nie. Dit tart ons uit om al presieser en noukeuriger te skryf. „Vandat ek jou laas gesien het, het ek vyf-en-twintig bladsye gedoen (25 bladsye binne ses weke!) en dit was moeilike werk!” het die groot Franse prosaskrywer Flaubert aan 'n vriend van hom geskrywe. „Wat my betref, ek het hulle so omgewerk

en gehanteer dat ek op die oomblik daar niks van begryp nie... Ek lei 'n harde lewe ontbloot van alle uiterlike vreugde en waar niks my staande hou as net 'n soort blywende woede wat soms van onmag ween maar nogtans altyd voortduur. Ek het my werk met 'n rasende en perverse liefde lief soos 'n askeet die boetekleed wat sy liggaam krap."

Flaubert het besonder veel moeite gedoen om sy prosa netjies af te werk en hy het 'n voorbeeld en inspirasie vir baie ander geword. Dit is egter nie net die taal en die versigtige regkies van die woorde nie. Baie mense sou dit verwar met mooiskrywery. Dit is net die teenoorgestelde daarvan. Elke opgevoede mens moet natuurlik leer om sy moedertaal korrek te gebruik. Dit is eintlik meer 'n verstandelike inspan van die taal, die aanleer van die grammatikareëls en die vermoë om iets korrek te kan stel. Daar is soiets soos die versorging van die aandag. Die moeilikheid in ons tyd is egter dat met al die haas en die gejaag die vermoë om versigtig en goed te skrywe al meer die wyk moet neem voor 'n joernalistieke vlotheid.

Vir die Afrikaanse romanskrywer is daar natuurlik veel te leer uit die werk van die groot Europese prosateurs en tog moet ons 'n eie rigting inslaan. Die sukses van hierdie rigting sou ek sê hang hoofsaaklik af van ons kennis van die Afrikaanse spreektaal. In die laaste paar jaar het die neiging al meer opvallend geword om die toevlug na 'n kunsmatige boektaal te neem. 'n Hele verhaal word in dié boektaal vol beproefde clichés geskrywe met die gevolg dat dit persoonlike lewe kortkom, en ten slotte is die persoonlike aksent die lewenskrag van die kuns. Die gesonde, springlewendige Boere-Afrikaans met sy rykdom van tekenende beelde is nog altyd 'n goudmyn vir elke skrywer. Dit maak die taal soepel en ons vind daarin die ritme van die lewe self.

Maar as ons nou van prosa praat, dan is dit van die grootste betekenis dat ons die werktuig, ons taal, moet ken; daar is egter 'n ander aspek wat net so belangrik is, en dit is dat ons iets te sê moet hê. Sommige veelgeprese werke van Europese prosaskrywers deug soms net om op leerlinge en studente af te dwing deur hulle voor te skrywe. Ondanks die feit dat die swak skrywer misbruik gemaak het van die verhaal terwille van sensasie, bly die groot vereiste vir die

prosaskrywer dat hy 'n verhaal moet kan vertel en goed kan vertel. Lees die prosawerke van Dickens of Stevenson of Balzac of Maugham en die eerste wat jou opval, is dat hierdie outeurs die vermoë besit om hulle verhaal so boeiend te vertel dat ons nie kan ophou om te lees nie. Die persoon wat op letterkundige gebied aanstellerig is, is geneig om sy neus op te trek sodra 'n boek boeiend is. Hy meen dan dat die verhaal hoofsaak is, maar dit hoef geensins die geval te wees nie. Omdat iets goeds misbruik word, hoef dit daarom nog nie sleg te wees nie. Die goeie romanskrywer of kortverhaalskrywer moet 'n gebore verteller wees, en elke skrywer moet dit onthou. Die jong skrywer wat dus sy voet gesit het op die pad van letterkundige werksaamheid sal dié twee dinge moet onthou. Hy sal lewendig en boeiend moet kan vertel, en daarvoor is nodig dat hy hom op die essensiële moet kan toespits. Hy sal mense met hulle doen en late sorgvuldig moet waarneem, want as hy dit doen, sal hy vind dat daar 'n rykdom van stof is, wat geen einde het nie. As die verhaal goed vertel word, is die karakteruitbeelding en situasies vanselfsprekend oortuigend. Maar die inhoud moet ook die regte vorm kry en daarom is dit dat ek aan die begin van die praatjie soveel nadruk gelê het op die uitdrukkingsvermoë van die skrywer. Daar is eintlik niemand wat vir 'n mens les in hierdie dinge kan gee nie. Die behoefte moet uit jouself kom. In alle kunste is dit so. Daar is die meer populêre, vlot soort skrywery wat mense bevredig wat nie veel aandag aan dié dinge bestee nie. Die goedafgewerkte produk hou soos die waardevolle op alle lewensgebiede sy betekenis en vir dié een wat hom daarmee besighou, is dit ook 'n groot vreugde.

As ons nou na die jong skrywer kyk, dan is sy aanvanklike taak nie benydenswaardig nie. Hy skrywe die een verhaal na die ander en stuur dit aan tydskrifte. Hulle stuur dit weer met of sonder wenke terug en so moet hy dan geleidelik soek totdat hy die regte weg gevind het. Met die jong digter is dit nie anders gesteld nie. In die eensaamheid skryf hy sy eerste werk en in sy onkunde voel hy oortuig dat hy iets gelewer het wat die moeite werd is. Die oordeel van 'n kritikus word dan ingeroep, en vir 'n jong, gevoelige gemoed is dit swaar om te hoor dat hy niks oorspronklik gelewer het nie. Tog moet hy aanhou, want as hy hom sou laat afskrik deur strenge kritiek, sal daar

nie veel van hom word nie. Leer 'n skrywer dan veel uit die kritiek wat daar oor sy werk verskyn? Ek glo dit nie. Veral die soort kritiek waarin die kritikus vir die kunstenaar soos 'n skoolmeester wil leer waaroor hy moet skryf en hoe hy moet skryf, help nie veel. Die beste leermeester skuil in onself. Ons het 'n sekere opvatting van die lewe en ons moet rusteloos strewende totdat ons dit volledig en suiwer uitgedruk het.

Daar is die verhaal van hoe die groot Franse roman-skrywer Flaubert vir die jongere kunstenaar De Maupassant op die regte pad probeer help het. De Maupassant is seker een van die wêreld se grootste skrywers van die kortverhaal, en wat ons veral tref in sy kuns, is die keurige wyse waarop dit afgewerk is. De Maupassant het sy eerste verhale na Flaubert gebring. Dié het dit deurgelees en sonder om 'n woord te sê, het hy dit in die vuur gegooi. De Maupassant is daarna terug huis toe om weer te probeer en om die beste te lewer wat daar in hom is. Sonder om kritiek te lewer, het Flaubert dit dan weer in die vuur gegooi. So het die maande verbygegaan met hierdie groot vooroefening. Toe op 'n dag was Flaubert tevrede en hy het gesê dat De Maupassant nou kan begin publiseer, en met die publiseer van hierdie goedgekeurde verhaal het hy dadelik naam gemaak. Dit is 'n mooi voorbeeld van die erns wat 'n skrywer moet toon wanneer hy iets skep. Dit is egter jammer dat hierdie erns al meer uit die Afrikaanse letterkunde verdwyn het. Vroeër het 'n mens dikwels Afrikaanse kortverhale gelees wat jou getref het. Dit was lewenswaar en goed afgewerk. Hierdie tipe verhaal het egter al meer verdwyn en deesdae is dit uiters selde dat 'n mens iets teëkom wat jou werklik tref. Waarom is dit? Die oorsaak hiervoor moet ongetwyfeld gesoek word in die oppervlakkige gees van ons tyd en die fout dat die skrywer dit nie nodig ag om baie moeite met sy werk te doen nie, aangesien hy dit tog maklik aangeneem kry.

Hier is ons by 'n baie belangrike aspek van ernstige kuns, en dit is die intensiteit daarvan. As 'n mens werklik diep oor 'n saak nagedink het en jy begin daarvoor skryf, het jy vanselfsprekend die drang om dit so goed as wat in jou vermoë is, neer te skryf. En as jy diep ontroer is en met werklike oorgawe skrywe, kom daar vanself intensiteit in jou styl. Ek meen dat dit baie belangrik is. Die leser met

smaak merk dit dadelik en hy toon ook waardering daarvoor. As ons egter net bloot vir die verhaal wil skrywe en allerhande interessante en sentimentele toneeltjies wil bedink om die leser te behaag, dan beweeg ons al meer in die rigting van die verhaal wat gekommersialiseer raak en volgens vaste resepe geskryf word. Dit is eendagsvlieë wat in tydskrifte gelees word en weer gou vergeet raak. Die ware kenmerk van egte kuns is egter dat dit onvergeetlik is.

Vertwyfeling

W. A. HICKEY

„So nou, Neels! Dis genoeg. Netnou sien Gawie ons,” sê tant Mart en slaan haar oë skuldbewus neer, terwyl sy Rooi Kerneels saggies wegdruk.

„Ou Gawie? Hmff!” snuif Rooi Kerneels en tree weer nader. „Jy is tog nie vir hòm bang nie? En noudat hy die grond op jou naam laat sit het, kan jy mos . . .”

„Ja, Neels, dis waar, maar wag nou eers totdat ons hoor wat die perspekter laat weet van die goudsaampels.”

Rooi Kerneels proes weer minagtend en sy dik lippe vertrek in 'n hoonlag, terwyl die wellus in sy oë gloei. Hy probeer egter nie weer om sy arm om tant Mart se lyf te sit nie.

„Nou ja, dan ry ek maar,” sê hy en hou haar stip dop om haar reaksie waar te neem.

„Ja, Neels,” is egter al wat sy sê, sonder om op te kyk.

Tant Mart se gryserige hare is glad oor haar kop gekam en agter in 'n bolla saamgebind. Haar moue is opgerol, want sy was in die kombuis besig toe Rooi Kerneels ingekom het. Haar arms is sterk en haar hande groot en rooi. As 'n kastrol op die stoof begin sis, gryp sy dit met haar voorskootpunt en ruk dit handig eenkant toe. Fyn sweetdruppels pêrel op haar voorkop en neus van die hitte in die klein kombuisie.

Nadat Neels vertrek het, raap en skraap sy 'n klomp vuil wasgoed bymekaar, want dit is wasdag, en bondel dit in 'n laken wat sy met haastige rukke toeknoop. Sy gooi die bondel wasgoed voor die agterdeur neer. Teësinnig dink sy daaraan dat sy vandag moet bak ook. Die brood is gedaan, maar sy gee nie eintlik om nie — sy is een wat weinig brood eet.

„Gawerjal, het jy die karwiel se naaf al reg gemaak?” skreeu sy toe sy oom Gawie by die voordeur hoor inkom.

„Nee, ou Ma. Ek wil juis vanmiddag vir Rooi Kerneels daardie olie'nhoutstomp . . .”

„Gawerjal, jou slegterd! Jy sit en vrek en die meel is klaar. Waarmee gaan jy maalgoed wegbring meule toe as

jy nie die karwiel reg maak nie, hê? Neels het lankal gesê jy kan die olie'nhoutstomp kry."

„Maar, ou Ma . . ." begin oom Gawie verontskuldigend, maar tant Mart val hom ru in die rede:

„Loop! Gaan maak reg die wiel; ek wil knie, Gawerjal!"

Oom Gawie voel gebelg. Sy met haar groot bek en haar ge-,Neels-Neels.' En Rooi Kerneels is net so agterbaks. Wat soek hy by 'n man se huis as jy nie daar is nie? Kan hy nie wag tot 'n mens by die huis is en dan self vir jou sê dat jy die olie'nhoutstomp kan kry vir die karnaaf nie? En buitendien is daar nog genoeg meel in die huis vir 'n dag of wat. Hulle wil hom maar net weer uit die pad hê: Rooi Kerneels en Mart. Maar toemaar, hy weet. Hulle dink hy weet nie, maar hy weet. Effens vooroor, met die hande op die rug gevrou, stap oom Gawie tot by die donkiekar, wat met sy as op 'n klip rus. Eenkant lê die stukkende wiel. Hy sal maar oorstap na Rooi Kerneels toe om die stuk hout vir die naaf te gaan vra.

Iesegrinnig skop hy teen die wiel as hy daaraan dink dat hy sy buurman se saag en beitel ook sal moet leen.

Oom Gawie gaan sit op 'n stomp en gooi sy een been oor die ander. Dan haal hy 'n skeefgerookte ou pyp uit sy sak en druk die as daarin vas met 'n duim waarvan die nael vuilgebars is, terwyl die ander hand in sy hemsak na vuurhoutjies vroetel. As die twakassies vuur vat, en die pyp roggelend begin damp, word die vinnige suiggeluide deur die tuitgetrekte lippe reëlmatiger. Hy sit vooroorgeboë met sy elmoë op sy skoot gekruis, terwyl die een voet ritmies op en af beweeg asof dit die tydmaat vir sy gedagtes aangee.

Die halfmas ‚duiwelsterk' broek is hoog opgetrek. 'n Verweerde plaasskoen is plek-plek, waar dit voue maak, gebars, en is slegs halfpad toegeryg met 'n ontoereikende riempie. Om die enkel gaap dit slordig om die vuil rimpels op die voet se buiging te ontbloot.

Oom Gawie betrag die stukkende karwiel met teësin. Dis 'n groot werk om 'n naaf te maak; miskien moet hy vireers maar net 'n paar sparre aan die speke vaswoel met rou-rieme. Rooi Kerneels sal wel vir hom 'n stuk riemvel gee wat hy dan maar net kan nat maak en stroke sny.

Ja, dis die maklikste, en so 'n spar hou lank. As jy hom net reg aansit, sodat hy weerskante teen die velling lê, kan

hy die stukkende naaf nog lank teëhou. Nou nie dat Rooi Kerneels hom nie die stuk olie'nhout sal gee nie, of weier om vir hom sy gereedskap te leen nie: hy sal soos gewoonlik sy bakkies vroom hou en sê: „Sekerlik! Oom Gawie kan die stomp maar vat. Die beitel is bietjie stomp, maar as Oom hom wil slyp...” Slyp! Sou die vent reken hy sal vir hom sy beitels slyp?

Rooi Kerneels is nie verniet so broederlik nie. En Mart se haatlike gewoonte om hom uit te skel en alewig hul goeie buurman voor sy kop te gooi, het hom lankal dik. Laat die perspekter, wat laas week die klipsaampels hier weg het, net vir hom laat weet die plaas is vol goud, dan kan hulle twee maar stik. Hy sal dadelik Rooi Kerneels se plaas koop en hom soos 'n hond wegjaag. En Mart, ja, Mart sal dan net mooi moet kyk waar sy loop. Hy sal vir hom 'n rooi lorrie koop, een van daardie grotes wat sommer 'n dik spul maalgoed kan oplaai, maar Mart sal hy met die poot laat loop totdat sy soebat.

En laat sy net weer praat van ‚haar grond,‘ dan klim hy in die rooi lorrie, sonder om haar te groet, en hy ry vort, sommer ver weg vort, tot waar niemand hom sal kry nie. En daar in die vreemde land sal hy vir hom 'n mooi huis koop en lekker leef. Dan sal Mart hom nie smorens, dou-voor-dag uit die bed kan foeter om te gaan melk nie. Ja, dan sal sy nie kan sê: „Dis slegtigheid, jou luiaard!” as sy rug so seer en stram is nie. Ja nee, wag maar! Laat daardie telegram net eers kom om te sê hier is goud op die grond.

Goud is duur, en hulle sal baie moet betaal as hulle die goud wil hê, dit sweer hy. Hy was mos op die stoep toe die perspekter en Rooi Kerneels met Mart in die huis gesit en praat het oor die klipsaampels en gedink het hy het die donkies gaan kamp toe jaag. Hy het gehoor die perspekter sê hy sal die opsie koop as hier goud is; en Rooi Kerneels se opsie ook.

Hy wonder wat 'n opsie is. Wat sou so 'n opsie kos? Oom Gawie se pyp is lankal dood. Hy haal dit uit sy mond en vee met sy hempsmou oor sy ou troebel ogies wat gedurig dra. Hy wil weer sy pyp stop maar dan val dit hom by dat sy twak gedaan is.

Driftig, en nog onder die invloed van die welvarendheid

van sy gedagtewêreld, smyt hy die pyp weg. Waarom sal hy sukkel? Hy gaan nou dadelik vir Mart geld vra vir 'n pak sigrêts.

„GawerJAAAL!” kom tant Mart se stem met die deurdringendheid van 'n sweeps slag van die huis af.

Oom Gawie wip van die stomp af, asof 'n skerpioen hom op sy stuitjie gesteek het, en draf styf-styf kombuis toe. Doodluiters kom hy by die agterdeur ingestap toe haar stem die tweede keer deur die kombuisvenster galm.

„Wassit, ou Ma?” vra hy onderdanig.

„Sit jy alweer in die son en slegwees, Gawerjal? Hier's Neels se kaffer weer met jou donkies wat in sy patattaland was. Die verduidelste goed is net so sleg soos jy: vreet net, en werk niks.” Op tant Mart se bolip tril enkele baardhare onheilspellend.

„Maar, ou Ma, ek het die donkies dan nou-nou nog . . .” begin oom Gawie, maar die kluitjie smelt in sy mond weg voor die skroeiende gloed van die grou-groen oë van sy vrou.

„Gawerjal, jy lieg dit! Maak la' jy wegkom, vreksem! En gaan jaag die donkies in die kamp. En tel op jou pote, Gawerjal, la' jy vir my die wasbalie kan kom voldra. Ek wil was en kyk waar sit die son al. Het jy die wiel al reg?”

Oom Gawie antwoord nie, want toe die eerste aantying losbars, het hy by die deur uitgesteier, sy kop moedeloos geskud en met 'n hobbelgang agter die donkies aangeskuifel.

In sy siel smeul dit van verontregting.

Mart moenie dink hy is bang vir haar nie, nie hy nie. En ook nie vir Rooi Kerneels nie. Swêrnoter!

Hy tel 'n klip op en toe die een donkie wil wegdraai, tref 'n nydige slag hom teen die kakebeen. Die donkie knyp sy oë toe en draai sy kop pynlik eenkant toe.

„Ja, toe! Jy wil mos, jou vloek!” sê oom Gawie vals-verheug, asof dit Rooi Kerneels is wat die hou gekry het.

As daar goud op die plaas is, sal hy die lyndraad tussen hom en Rooi Kerneels tospan. Dan sal die pad ook toe wees, en dan sal hy graag wil sien waar Rooi Kerneels gaan deurkom dorp toe.

Oom Gawie sien Rooi Kerneels se kaffertjie met die pos aankom en skuins by hom verbystap. As daar vir hulle briewe is, bring die klong dit gewoonlik saam. Hy druk sy twee pinkies in sy mond en fluit vir die klong, dan wink

hy hom om nader te kom. Die klonkie kom op 'n drafstap nader en oorhandig die briewe aan oom Gawie: 'n tydskrif, twee briewe en 'n telegram.

Hy betrag die telegram met opwinding en vrees. Vir hom was 'n telegram nog altyd 'n simbool van onheil. Solank hy alleen was met sy gedagtes, en die telegram net 'n denkbeeldige faktor, kon oom Gawie fantaseer soos hy wou. Toe was daar geen praktiese hindernisse nie; geen tergende probleme wat hulle aan sy eng begrip opgedring het nie.

Maar nou is die telegram hier. Nou is dit 'n werklikheid. Soos 'n uitdaging aan sy ontoereikende vermoë lê dit in sy hand. Eerbiedig-bang kyk hy daarna. Sou dit nie dalk 'n doodsberig wees nie? Dalk van broer At wat die kanker in die maag het. Maar nee, dit moét van die perspekter wees. Huiwerig draai hy die oranjekleurige koevert om asof hy verwag dat agterop 'n aanduiding van die ding se herkoms sou wees. Onbeholpe staar hy dan weer na die adres, maar . . . oom Gawie kan nie lees nie.

'n Gevoel van minderwaardigheid deurtrek sy wese toe hy met wrewel daaraan dink dat tant Mart of Rooi Kerneels die telegram vir hom sal moet voorlees.

Maar, kom 'n troostende gedagte, as dit van die perspekter is, sal hy mos nou ryk wees. As hy ryk is, sál hy nie lees nie, al kan hy dan lees. Hy wil gan lees nie, hy wil maak soos hy wil. Maar as hy nou darem net hierdie telegram kon lees, as hy na Mart en Rooi Kerneels toe kon stap en sê: „Hierdie grond is vrot van die goud! Hier's die tillegram.” Gierig sal hulle na die telegram gryp, maar hy sal dit mooitjies in sy binnesak steek en sê: „Voert, julle adders! dis my tillegram.”

Die gebarste lippe trek leedvermakerig oop oor 'n mond wat hier en daar 'n bruingerookte tand vertoon. Ja, dan sal hulle mooi praat. Dan sal Mart seker weer vir hom ‚Ou Hart' sê, soos net na hulle troue. En Rooi Kerneels? Die derduiwel!

Met bewende hande skeur oom Gawie die telegram oop. Stadig, met eerbiedige vrees vou hy dit oop en staar aandagtig na die gekrabbelde woorde wat vir hom geen betekenis het nie. Pateties, onbegrypend hang die mond oop. Die klonkie hoes, en oom Gawie kyk afgetrokke na hom. Sou hy dalk kan lees? Maar dan sien hy die onnosel grinnik

op die swart gesig, en oom Gawie vererg hom vir sy eie onmag.

„Ek klap jou nou, maaifoelie!” sê hy dreigend en buk om 'n slaanding op te tel.

Die klong neem verwilderd die loop en dan stap oom Gawie met die telegram in sy hand huis toe. Toe tant Mart dit sien, gryp sy sonder aarseling die telegram uit sy hand. Sy vee haar hande aan 'n vadoek af en begin sommer by die teks lees, rukkerig en onseker:

„Gouderts belowend stop besoek u Vrydag opsie.”

Met gelate afhanklikheid het oom Gawie na haar gekyk toe sy die telegram vat. Met onsekere verwagting, soos iemand wat wag vir die regter om sy vonnis te vel, onseker of dit die bestrawwing of kwytskelding van sy sondes sou wees, hou hy tant Mart met gespanne aandag dop.

Toe hy die woord ‚gouderts’ hoor, klink dit soos die vervolmaking van sy drome. 'n Magswoord wat sy ploeteraarsbestaan oombliklik omskep in geluksaligheid. Van hoopvolle blymoedigheid traan sy oë toe hy verheug uitroep:

„Ou Ma! Ou Mamie . . .”

„Gee die komvert hier!” gebied tant Mart streng toe sy opkyk en die koevert nog in sy hand sien.

Die hoop in oom Gawie wil-wil wankel as hy die onverbidlikheid in sy vrou se stem en op haar gesig waarneem. Sy kyk na die koevert, dan weer na die telegram, en dan kyk sy met veragting na oom Gawie, terwyl sy met 'n skel stem skreeu-vra: „Wat maak jy met Neels se tilligram, Gawerjal?”

Soos met 'n vloedgolf van wanhopige verydeling word oom Gawie se droombeelde vernietig.

„Da! Loop gee vir Neels sy tillegram,” hoor oom Gawie toe haar dreigende gestalte naderkom en hom noop om met sy krom, benerige skouertjies, waaroor die ou hemp groot en bakkerig hang, vlugtend by die agterdeur uit te strompel.

Diep ongelukkig stap die verwese figuur weg, sonder dat hy weet waarheen, en hy hoor skaars die ironiese intonasie in tant Mart se skril stem wat hom agterna skreeu:

„En jy moet jou pote optel, Gawerjal! Ek wil nie weer vir jou sê om die wasbalie te kom voldra nie.”

Boekbespreking

JAFFIE, deur Eitemal (A. A. Balkema, Kaapstad, Amsterdam, 1953; 112 bladsye, prys 15/-).

Wat die skrywer 'n „eselsroman-netjie” noem, is 'n reeks kontemplatiewe sketse waarin twee vlakke deureenspeel: die Wes-Transvaalse plaaswêreld van sy jeug en 'n naïewe en uiters bekoorlike herbeleving van die Christusverhaal en -omgewing soos dit sober en argloos deur een eseltjie aan 'n ander vertel word.

Die skrywer se probleem was om 'n sintese tussen hierdie spanningsvlakke teweeg te bring en om die tipiese en lokale kenmerke van sy jeugomgewing organies te laat vergroei met daardie ander, meer eksotiese, wêreld, sonder dat die leser van 'n paradoks bewus word. Daarin het hy m.i. uitnemend geslaag. Sou dit o.a. die gevolg wees van 'n gelykgestemdheid in karakter tussen Afrikaanse Boer en Bybelse Israeliet? Ek meen dat hierdie verklaring moontlik is, maar dat 'n ander tog waarskynliker is. Eitemal het in sy opset geslaag omdat hy *con amore* skryf, omdat die eseltjies, by alle krinkbyte en stertwortelbyte en dies meer, die spreekbuise word van sy eie diepgevoelde en konsekwent-deurgevoerde godsdienssin.

Die handeling beweeg voort deur middel van gesprekke tussen Jaffie en sy Oom Vaaltyn. Jaffie stel die vrae en Oom Vaaltyn antwoord uit die rykdom van sy lewenskennis en tradisiebe-

wustheid. Elkeen het daarby 'n heel duidelike persoonlikheid: Oom Vaaltyn as „landelike aristokraat” met 'n fyne humorsin, pligsgetrouheid, 'n eenvoudige pittige lewensfilosofie, teenoor Jaffie, die voortvarende jongeling, dikwels onbedagsaam en selfsugtig, maar opreg in die wandel en van adellike inbors.

Die boek het 'n etiese waarde wat des te dieper tref daar dit geen opsigtelike didaktiek is nie, maar 'n warme eerbied vir die skone en goeie in die lewe. Die Boeredeugde van eenvoud, bedagsaamheid, hoflikheid, eerbied teenoor die vrou, praktiese godsdienssin en naasteliefde kom telkens op die voorgrond en word met 'n voorbeeld uit die ervaringswêreld van die Boerseun bellig. Maar telkens word hierdie diepere „boodskap” van die boek afgewissel met die beminlikste „algemeen-menslike” swakheidjies aan die kant van die sprekende „karakters.”

In die skrywer se styl is daar subtiele aksent- en ritmeveranderinge. Die plaasbedrywighede word in 'n pittige, uiters virtuose Boere-Afrikaans gestel (soms nie van oordaad vry te pleit nie); die bespiegelende gedeeltes vervloei dikwels in 'n strakker soort Bybelse prosa wat soms hoogtes van liriese skoonheid bereik. Ek dink veral aan die ontroerende moment by die verskietende ster van Bethlehem (bl. 29), aan die beskrywing van die vreugde-en-smart van die moederskap (bl. 86), aan die talryke flitse van Vaaltyn se gerypte en diep-mens-

like lewenswysheid (bl. 71-72, 81, e.a. plekke).

Die taal waarin hierdie verhaal vertel word, is ryk en geskakeerd en verdien meer ruimte as wat hier tot my beskikking is. Die vergelykings is gedrenk in die plaassfeer, soos bv. „Oom Vaaltyn het so 'n droë sluk gegee, dat sy gorrelpyp eintlik 'n kinkel maak, soos 'n molslang wat 'n hoender-eier afwerk ondertoe.” (bl. 74); „. . . toe die donderweer rol van wolk tot wolk, soos swaargelaai-de bokwaens stamp oor 'n klip-perige pad” (bl. 108); „. . . maar hy slinger bietjie dronkerig heen en weer soos 'n kaffervoetpaadjie oor die bult . . .” (bl. 67).

Nie alleen is daar dikwels episodes wat aanduidend is van die skrywer se jeugherinneringe nie, ook sy taal het 'n boerse, gemeensame, archaïese kwaliteit: *dis sommer pure betjoingsgeid* (22); *die verbasenis het hom te vasgevat* (23); *dis maar beste om so maatsurig langs sy Oom Vaaltyn te loop* (38); *oerroom Hakon (het) in die vreemde land so pylreguit gehardloop na 'n huis wat hy gladdental nie geken het nie* (51); *uit respekte het hy maar stilgebly* (106), e.d.m.

Eitemal het bepaald 'n gawe om dinge pittig en ráák te stel ('n enkele keer wel ook plat). Ek haal enkele voorbeelde aan: „Daarna het hulle ook die kamele gesien, en mense wat met hulle hande afdak bo hulle oë maak . . .” (55); „Jaffie was nog vies en kwaad. Sy onderlip het gehang. Kort-kort het dit wiebelig opgewip-wip oor sy tande, as 'n vlieg hom pla . . .” (60); „'n Eseldier se stert word lam in die wortel van al die woerwoerdery en die vinnig toeklap.” (9).

'n Paar van sy beskrywende

werkwoorde is so uiters doelmatig en onvervangbaar dat hulle wel „digterlike” waarde kry: „Die maan het drie maal vol geword en drie maal uitgekalkwer tot 'n dun blink skilletjie . . .” (70); „. . . 'n lang traan (het) in die uitloop van Jaffie se oog afgedrup en 'n klompie vlieë verwilder wat daar gesit en brak het.” (89).

As die skrywer se kensketsing van sy werk as 'n „eselroman-netjie” 'n bietjie selfspot inhou, is daar by die leser nie die minste twyfel oor die waarde van hierdie boek in die Afrikaanse prosa nie. Na jare het ons weer 'n werk waarin wat onvervals en eenvoudig, mooi en goed in ons Afrikanerlewe is, duidelik spreek en dit op 'n heel besondere en oorspronklike wyse.

Die inset van die verhaal waar die twee eseltjies in die skaduwee van die windpomp staan, gee 'n getroue aanduiding van die sfeer waarin die hele werk afspeel: „'n stil groepie, byna onsigbaar in die warreling, waar die lewe se lig en donker òm hulle speel.” En só is dit dwarsdeur die boek: die lewe se lig en donker, vreugde en smart, verlange en vervulling. Hierdie kontraswerking kom nie alleen uit in 'n opvallende teenstelling soos dié tussen die voorstelling van die hemel („Wetevrede se botterblomvelde”) en die hel (Bokveld — „waar jou stert net na jou aankoms afval kort onderkant jou stuitjie, en waar dit dwarsdeur die jaar vlieëtyd is!”) nie. Dit behoort tot die wese van Eitemal se werk, tot sy hele wyse van die wêreld en die lewe sien.

Ek reken dat Jaffie en Oom Vaaltyn diep spore in die Afrikaanse prosa getrap het.

ERNST VAN HEERDEN

ZWOLSE DRUKKEN EN HER-
DRUKKEN VOOR DE MAAT-
SCHAPPIJ DER NEDER-
LANDSE LETTERKUNDE
TE LEIDEN.

1. *Middelnerlandse Stichtelijke Exempelen* (versamel en uitgegee deur Dr. C. G. N. de Vooys): Hierdie bundel is bedoel as aanvulling by die uitgewer se proefskrif, „Middelnerlandse Legendes en Exempelen” (Leiden 1900). Die „exempelen” (die Mariolegendes is reeds vroeër uitgegee) moet dus saam met die proefskrif geles word vir die nodige toeligting. By hierdie uitgawe ontbreek dus kommentaar, bronne-onderzoek, tekskritiek en taalkundige aantekeninge. Kortom, soos dr. De Vooys self erken, dit voldoen nie aan streng filologiese eise nie. Ook is die interpunksie gemoderniseer. Die vraag ontstaan onmiddellik vir wie die uitgawe nou eintlik bedoel is. Gebrek aan verklarende aantekeninge maak dit ongeskik vir die leek wat nie altyd ’n proefskrif van vyftig jaar of meer gelede kan bekom nie. En vir gevorderde studente en „kenners” is modernisering onwenslik. Die vernaamste verdienste van die bundel is dat dit ’n verteenwoordigende beeld gee van ’n genre wat vir baie belangstellendes haas ontoeganklik is.

2. *Poësy van J. Six von Chandelier* (*Bloemlesing uit sy digwerk met inleiding en aantekeninge deur Dr. G. A. van Es*): Hiermee wil die samesteller reg laat geskied aan ’n minderbekende digter uit die sewentiende eeu wat volgens hom tot op hede deur die literatuurgeskiedenis afgeskeep is. Dr. Van Es gee ’n deeglike inleiding oor die lewe van hierdie digter, asook die aard en kwaliteit van „deze alleszins

merkwaardige zeventiende eeu-se poëzie.” Die leser sal veel vind wat hoogs interessant is, veral in die digter se reisindrukke en beskrywings van stede, maar tog kan hierdie bloemlesing aan hierdie „ster” slegs ’n floue glans gee teen die agtergrond van die skitterende sterrehemel van die sewentiende eeu. Dit neem natuurlik nie weg nie dat hiermee ’n waardevolle aanvulling gegee word tot daardie agtergrond.

3. *De Bekeeringe Pauli* (Ingelei, uitgegee en toegelig deur Dr. G. Jo Steenberg): Hierdie rederykerspel word voorafgegaan deur ’n breedvoerige inleiding waarin die uitgewer agtereenvolgens die genre, datering, die outeur en sy rederykerskamer, die bronne, literêre kwaliteite en die verhouding van die stuk tot die godsdienstryd bespreek. Verder is die uitgawe ruim voorsien van taalkundige aantekeninge wat dit sonder veel moeite leesbaar maak ook vir die leek. Ongetwyfeld moet ons die uitgewer toegee dat hierdie apostelspel (tewens ’n spel van sinne) buitengewoon fris en lewendige dialoog bevat.

4. *Aarnout Drost: Schetsen en Verhalen* (Uitgegee, ingelei en van aantekeninge voorsien deur G. Kamphuis): Van die skrywer van „Hermingard van de Eikenterpen” word vier sketse en verhale hierin herdruk. Die stukkies is almal interessant en waardevol en verdien die aandag van enigeen wat ’n volledige indruk wil verkry van die Romantiek in Nederland.

5. *Jan van der Noot: Epitalameon, oft Houwelycx Sanck*. (Inleiding en aantekeninge deur Dr. W. A. P. Smit met ’n bylae oor die drukgeskiedenis deur Dr. W. Gs. Hellinga):

Hierdie huweliksang is seer

sekerlik nie 'n hoogtepunt in die oevre van die interessante digtersfiguur uit die vroeg-Renaissance nie. Tog is die herdruk uiters waardevol want die feit dat dit 'n facsimilé-herdruk is wat 'n goeie indruk gee van die luukse uitgawes van Van der Noot se bundels, en ook omdat die werke van genoemde digter uiters seldsaam is. 'n Mens wag met groot belangstelling die verskyning van „Het Theatre” en „Het Bosken” af, wat versorg sal wees deur Dr. W. A. P. Smit met 'n inleiding van alle inligting wat tot dusver beskikbaar is oor die lewe en werk van Van der Noot. Die drukgeskiedenis deur Dr. Hellinga bevat insiggewende kykies in hierdie vorsingsmetode.

6. *Lanceloet en het Hert met de Witte Voet*. (Teksuitgawe met inleiding en woordverklaring deur Dr. Maartje Draak):

Die teks word voorafgegaan deur 'n uitvoerige uiteensetting van die netelige problematiek i.v.m. die herkoms van die verhaal. Die (voorlopige) konklusie is dat hierdie teks en die verwante Franse „Lai de Tyolet” terugwys na 'n originele teks X waarvan ons nie weet of dit Frans of Nederlands was nie. Die „huidige” uitgawe is 'n kompilatie van Lodewijk van Velthem wat met 'n ouere teks vryhede geneem het. Behalwe die filologiese en kultuurhistoriese belang van die stuk, bevat dit die maklike en verfrissende verhaaltrant van meeste van die Arthurromans.

Genoemde uitgawes is die eerste ses nommers van 'n skema wat hom skynbaar ten doel stel om skaars en moeilik bekombare tekste uit die Nederlandse letterkunde vir 'n ruimer publiek beskikbaar te stel. Dit is 'n onder-

neming wat ons goedkeuring afdwing, veral daar die versorging onderneem word deur deskundiges. Die nommers wat tot dusver verskyn het, is meestal van „middelmaat en minder” wat literêre waarde betref, maar tog almal noukeurige studie werd.

E. LINDENBERG

BEELDE EN STEMME. Joernalistieke Essays deur Jannie Kruger. (Voortrekkerspers Beperk, Johannesburg 1953.)

Behalwe die essays van C. M. van den Heever in die bundels *Die Stryd om Ewewig* en *Mens en Woord* het daar in die afgelope tyd ook verskyn versamelings soos *Van Man tot Man* en *Van Mens tot Mens*. Nou word by hierdie genre bygevoeg die joernalistieke essays *Beelde en Stemme* van Jannie Kruger. Sommer uit die staanspoor kan ons sê dat hierdie bundel opstelle bevat wat bekoor deur hulle ongekunstelde opregtheid, eenvoudige en tog treffende vormgewing en die oorspronklike visie wat die skrywer openbaar in sy benadering van verskillende aspekte in ons kulturele en volkslewe.

Die bundel bestaan uit vyf afdelings nl. *Oor Persone*, *Oor Dae en Dinge*, *Oor Volk en Taal*, *Oor Skrywers en Boeke* en *Epiloog*. Hy bring hulde aan Totius waar hy in die „skemering” van sy lewe en van sy digtersarbeid staan. Hy sien hom as die man wat met verlange bly hunker na die ou Boerebeskawing wat onder nuwe lewensvorme verduister word, die man wat in krisis-momente manend en leidend opgetree het. Sy hulp en leiding sal steeds met waardering aanvaar word. Hy dink met weemoed terug aan die herfsdag toe Jan Celliers in sy graf gelê is, maar in sy hart gloei

ook trots en waardering vir die groot geestesarbeid wat die volksdigter verrig het. Vervolgens bring die skrywer hulde aan D. F. Malherbe op sy sewentigste verjaardag en gee daarna 'n intieme beeld van die werk en strewe van dr. J. D. Kestell.

Die volgende afdeling, *Oor Dae en Dinge* is in 'n ligter trant geskrywe. Die opstelletjies vertolk dan ook die skrywer se persoonlike kyk op alledaagse dinge: hy skryf oor die klaery van die mens, oor droogte, oor die kosmos — blommetjies wat in die najaar die Hoëveldse vlaktes versier, oor die pers en openbare mening, bome, familienaam e.d.m. En telkens spreek daaruit sy liefde vir eie bodem en tradisie, sy bewondering vir die ongeskondenheid van die veld en sy fyn aanvoeling vir die humoristiese en luimige in ons volkslewe.

Die groep opstelle onder die opskrif *Oor Volk en Taal* handel oor aangeleenthede wat betrekking het op kulturele en historiese toestande en gebeurtenisse in ons land. Eerstens skets hy sy indrukke van die fees by die ont-hulling van die Voortrekkermonument op Dingaansdag 1949; dan gesels hy oor die aantrekkingskrag en assimilasieremoë van die Afrikanervolk. Verder bespreek hy die vraag: Wanneer

kom ons gulde eeu? Behandel dan die Afrikaanse letterkunde as moontlike bron vir films en kritiseer die opvattinge van vreemdes oor ons kuns.

In *Oor Skrywers en Boeke* bespreek die skrywer 'n aantal digbundels, o.a. *Belydenis in die Skemering* deur Elisabeth Eybers, *Gestaltes en Diere* deur N. P. van Wyk Louw, *Heilige Beeste* deur D. J. Opperman en *Duine en Pioniere* deur D. F. Malherbe. Die prosawerk wat hy bespreek, is *Sy kom met die Sekelmaan* deur Hettie Smit, *Talana* deur dr. G. S. Preller, *Vlam van die Suurveld* deur D. F. Malherbe, en *Marthinus se Roem* deur C. M. van den Heever. Alhoewel mens nie met al sy opvattinge en gevolgtrekkings saamstem nie, toon hierdie kritiese beskouing dat Kruger die onderhawige werke indringend gelees en benader het. Hy probeer en slaag in 'n groot mate daarin om 'n eerlike en onbevooroordeelde oordeel oor die werke te vel.

As geheel is die bundel 'n welkome aanvulling van ons essayistiese literatuur. Die styl is deurgaans sprankelend en helder en die stof wat die skrywer aanbied, interessant en prikkelend. Dit sal oteenseglik sy weg tot 'n groot leserskring vind.

S. C. HATTINGH

Uit die Tydskrifte

Ons Eie Boek, Jg. xix, Nr. iv: Hierin publiseer Hugh Finn Engelse vertalings van Eugène Marais se *Winternag* en *Skop-pensboer*. A. P. Grové vind *Grou Mure* van S. J. Pretorius enigsin tweeslagtig, terwyl C. J. D. Harvey groot waardering toon vir Alan Paton se *Too late the Phala-rope*. C. W. Hudson meen dat C. M. van den Heever met *Dirk se Oorwinning* 'n trilogie voltooi het oor „die sosiaal-maatskaplike groei van die Afrikaner in die stad,” en dat „Van den Heever die intellektueel” hierin aan die woord is. Verder verskyn beskouings oor musiekboeke (Jan Bouws), prof. J. L. M. Francken se *Taalhistoriese Bydraes* (S. P. E. Boshoff), *Oom Gert Vertel en ander Gedigte* (T. T. Cloete) en D. F. Malherbe se *Die Bergstroom Ruis* (A. P. Grové).

Standpunte 30, Jg. 8, Nr. 2: Die redaksie het 'n aantal vooraanstaande persone genader om hul standpunt uiteen te sit in verband met die wenslikheid van binnelandse sensuur. In 'n volgende nommer sal 'n samevattende ontleding gegee word van die verskillende menings en sal van die redaksielede of kroniekskrywers hulle ook oor die kwessie uitlaat. In sy artikel *Geskiedenis en Politiek* wys F. A. van Jaarsveld op die moeilik bereikbare ideaal van objektiwiteit. As reaksie op die denkrigting van dr. Van Jaarsveld in sy vorige artikels, verskyn van T. S. van Rooyen die artikel *Filosofie en Geskiedenis*.

Rob. Antonissen bespreek in sy kroniek o.a. die romans *Die Uur van Verlange* van W. A. de Klerk, *Dirk se Oorwinning* van C. M. van den Heever en die bundel kortverhale *Goede Dood*, van I. D. du Plessis. Hy wy ook aandag aan enkele aspekte van Totius se poësie wat ons „tans erken as in onderdele die ‚modernste’ van die Driemanskap.” *Kuns is Boos!* is die prikkelende tema van 'n algemene kunsbeskouing deur D. J. Opperman.

Helikon, Jg. 3, Nr. 14: Dr. S. C. Hattingh gee oorsigtelike beskouings oor Jochem van Bruggen en Ernst van Heerden, terwyl prof. A. J. Coetzee Van Melle herdenk. G. A. Watermeyer is vol bewondering vir *Twee Lande*, die nuwe digbundel van S. Ign. Mocke, terwyl hy *Grou Mure* van S. J. Pretorius van ongelyke formaat vind en ook nie juis entoesiasies kon raak oor Ernst van Heerden se *Reisiger* nie. Hierdie uitgawe bevat talryke nuwe gedigte, o.a. van A. J. J. Visser, Rud. P. Visser, G. A. Watermeyer, S. V. Petersen en J. Nel van der Merwe asook 'n eenakter van Dirk Richard. Dr. W. Hesse begin met 'n reeks artikels oor die moderne Duitse poësie.

Critisch Bulletin, Nov. 1953: Anthonie Donker bespreek die bloemlesing uit gedigte van die na-oorlogse digtergenerasie onder die titel *Stroomgebied*, terwyl Karel Jonckheere aandag skenk aan *Mijn Aap Lucht* en *De Medeminnaars*, romans van Albert

Helman. S. P. Uri meen dat *The Romantic Agony* van Mario Praz ook lig werp op werk van Kloos, Van Deyssel, Van Eeden en Van Eyck. Jeanne van Schaik-Willing toon groot simpatie vir die talent van Harry Mulisch na aanleiding van sy bundel verhale, *Chantage op het Leven*.

De Nieuwe Taalgids, 6e aflewering, 46e jaargang: Onder die opskrif *Stilistiek en Vergelyking* bespreek F. I. J. van Rensburg T. T. Cloete se Amsterdamse proefskrif *Trekkerswee en Joernaal van Jorik*. Hy ontwikkel allerlei besware, veral teen gemeende gebrek aan linguïstiese skoling, maar vind die studie tog 'n „markante verskyning” in die literatuur oor strukturele analise. W. A. P. Smit bespreek die vyfde deel van die *Geschiedenis van de Letterkunde der Nederlanden* en in die besonder dr. Van Es se bydrae *In de Schaduw der Groten*. Naas waardering, betreur hy die feit dat deurgaans „gestaltes” geteken word, waardeur bepaalde strominge nie tot hul reg kan kom nie. Hy maak ook ernstig beswaar teen die ontbreek van 'n register. S. P. Uri bespreek die beeldende kuns as bron van inspirasie vir Van Eyck se *Medousa*. C. G. N. de Vooy toon

groot waardering vir die vierde deel van Knuvelder se *Handboek tot de Geschiedenis der Nederlandse Letterkunde*, veral vir die beskouinge oor Geerten Gossaert, Van Eyck, Dér Mouw en Nijhoff.

De Vlaamse Gids, Jan. 1954: Die 38ste jaargang van hierdie tydskrif word ingelui met 'n nuwe tipografie en stofomslag. Albert Gevaert skryf oor *Cosma Tura en de Vlaamse Kunst uit de XVe Eeuw*.

Dietsche Warande en Belfort, Nov. 1953: Albert Westerlinck gee 'n kort karakteristiek van August Vermeylen na aanleiding van die verskyning tot dusver van vier dele van sy *Verzamelde Werken*, terwyl Willem Enzinck die hedendaagse letterkunde van Switserland in oënskou neem. Hubert van Herreweghen publiseer nuwe gedigte.

Nieuw Vlaams Tijdschrift, 7e jaargang, p. 1121-1232: *Deemstering over het Bos* is die titel van 'n lang verhaal in oorspronklike vorm deur Louis-Paul Boon. Karel Jonckheere publiseer nuwe gedigte en Marcel Coole 'n verse-siklus onder die titel *Gentleman Boxer*.

E. LINDENBERG

Nuwe Afrikaanse Boeke

P. J. NIENABER

DRAMA

- MALHERBE, D. F. Hulle het 'n boom afgekap; en, Goue appels. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1953]. 86 bl. 18½ sm. karton.
- ROMANS EN VERHALE**
- BEER, W. de. Die geheime motief. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1953. 222 bl. 19 sm. 10/6.
- BERGH, Kas van den. Vlieë teen die ruite. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1953]. 257 bl. 18½ sm. karton.
- BEUKES, Dricky. Gebarste mure. Johannesburg, Voortrekkers, 1954. 210 bl. 17½ sm. karton. 11/- (11/6).
- BEUKES, Jan. Grille van die noodlot. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1953. 207 bl. 19 sm. 10/6.
- BOSMANN, Forona. Die dagboek. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1953. 223 bl. 19 sm. karton. 10/6.
- , Ongelyke paaie. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1953. 224 bl. 19 sm. 10/6.
- BOTHA, Anna S. Adriana. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1953]. 201 bl. 18½ sm. karton.
- FOUCHÉ, BRAND. Skend nie ons heiligdom. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1953. 231 bl. 18½ sm. karton. 11/6.
- FRASER, E. J. M. Toe die aalwyne roof was, Kaapstad, Tafelberg uitgewers, 1953. 224 bl. 19 sm. karton. 10/6.
- FULA, Arthur. Jóhannie giet die beeld. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 162 bl. 19 sm. 10/6.
- HEEVER, Maura van den. Die wit lig. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 203 bl. 19 sm.
- JORDAAN, Johann. Vors van die vlakke. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1953. 232 bl. 18½ sm. karton.
- KIRSTEN, Ryno. Nooientjie van Parsland. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 192 bl. 18½ sm. karton.
- KLOPPER, J. Beskaafde wildernis. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1953. 224 bl. 19 sm. karton. 10/6.
- KRÜGER, Francois F. Moord by Johnson en Johnson. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1953. 238 bl. 19 sm. 10/6.
- MALHERBE, D. F. Boerprofeet. Bloemfontein Sacum, s.j. [1953]. 288 bl. 18½ sm. karton.
- RADLOF, Gerrie. Die vyf ruiters. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1953. 237 bl. 19 sm. 10/6.
- ROUX, Braam le. Ruiters van die dood. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1953. 164 bl. 7½ x 4½. pap. („Pronk-boeke"). 2/6.
- ROUX, Francois. Adres onbekend. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1954. 223 bl. 19 sm. karton. 10/6.
- ROUX, Sophie. Gevaarlike obsessies. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 236 bl. 19 sm. („Moresterbiblioteek," nr. 83). 11/-.
- SPENCE, Ela. Die blinde orrelis. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1953. 232 bl. 18½ sm. 11/6.
- , Soos 'n goue droom. Johannesburg, Voortrekkers, 1953. 235 bl. 7 x 5. karton. 11/6 (12/-).
- STEYN, Elmar. My neef en ek. Johannesburg, Drostyd boekklub, 1953. 250 bl. 19 sm. 15/-.
- TOIT, Tryna du. Nimmer-nimmer-berge. Johannesburg, Voortrekkers, 1953. 376 bl. 17½ sm. karton. 13/- (13/6).
- WEISS, Hymne. Boumeesters. Johannesburg, Voortrekkers, 1953. 224 bl. 18 sm. karton. 11/- (11/6).
- SKONE KUNSTE**
- MAYER, Erich. Erich Mayer album, Kaapstad, H.A.U.M., en Pretoria, J. H. de Bussy, 1953. 15 bl. 15 ple. illus. 32 sm. 15/-.
- KINDERBOEKE**
- BARR, Noel. Wagter die stoute hondjie. Johannesburg, Central news agency, verspreiders, s.j. [1953]. [50] bl. illus. 17 sm. („Ladybird"-boek). 3/6.
- BYBEL, Verhale. Aan moeder se knie; vertel deur Minnie Postma. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 128 bl. gekl. illus. 23 sm. 15/-.
- , Die apostel Paulus. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 47 bl. illus. 21½ sm. slap linne. („A.P.B.-bybelboekie," nr. 26). 3/6.
- , Bybelverhaaltjies vir die heel kleintjies; vertel deur Ora. Kaapstad, N. G. kerkuitgewers, s.j. [1953]. 15 bl. illus. 18 sm. pap. 1/3.
- , Daniël en Ester. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 47 bl. illus. 21½ sm. slap linne. („A.P.B.-bybelboekie," nr. 15).
- , Dawid en Jonatan. Johannesburg, ibid. 1953. 31 bl. illus. 21½ sm. slap linne. („A.P.B.-bybelboekie," nr. 11). 3/6.
- , Gelykenisse van Jesus, bundel 1. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 34 bl. illus. 21½ sm. slap linne. („A.P.B.-bybelboekie," nr. 21). 3/6.
- , Gelykenisse van Jesus, bundel 3. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 29 bl. illus. 21½ sm. slap linne. („A.P.B.-bybelboekie," nr. 23). 3/6.
- , Gelykenisse van Jesus, bundel 4. Johannesburg, ibid. 1953. 35 bl. illus. 21½ sm. slap linne. („A.P.B.-bybelboekie," nr. 24). 3/6.
- , Geboorte en jeugjare van Jesus. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 42 bl. illus. 21½ sm. slap linne. („A.P.B.-bybelboekie," nr. 16). 3/6.
- , Johannes die doper. Johannesburg, ibid. 1953. 34 bl. illus. 21½ sm. slap linne. („A.P.B.-bybelboekie," nr. 17). 3/6.

- Rut, Samuel en Job. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 32 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ slap linne. („A.P.B.-bybelboekie,” nr. 9). 3/6.
- Gideon en Simson. *ibid.* 1953. 32 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ slap linne. („A.P.B.-bybelboekie,” nr. 8). 3/6.
- Wonderwerke van Jesus, bundel 1. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 42 bl. illus. $21\frac{1}{2}$ sm. slap linne. („A.P.B.-bybelboekie,” nr. 18).
- —. Bundel 2. 1953. 30 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ slap linne. („A.P.B.-bybelboekie,” nr. 19).
- —. Bundel 3. 1953. 35 bl. illus. $21\frac{1}{2}$ sm. slap linne. („A.P.B.-bybelboekie,” nr. 20).
- CARINUS, A. E. Dokter Dwerg. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1953]. [18] bl. gekl. illus. $5\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{4}$ karton. („Kleingoodboekies”).
- Die vrolike springers. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1953]. [18] bl. gekl. illus. $5\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{4}$ karton. („Kleingoodboekies”).
- CENTRAL news agency. Glinsterende ogies; Adoons die apie, *ens.* Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [12] bl. gekl. illus. 30 sm. karton. 2/3.
- Glinsterende ogies. Rooikappie, *ens.* Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [12] bl. gekl. illus. 30 sm. kanton. 2/3.
- Mammie, hoe laat is dit asseblief. Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [12] bl. gekl. illus. $19\frac{1}{2}$ sm. kanton. 2/3.
- My boekie van vonkelende liggies. Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [12] bl. gekl. illus. 22 sm. kanton. 2/3.
- My hasie gesels. Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [] bl. gekl. illus. 21 sm. kanton. 2/3.
- My hondjie gesels. Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [12] bl. gekl. illus. 21 sm. kanton. 2/3.
- My katjie gesels. Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [12] bl. gekl. illus. 21 sm. kanton. 2/3.
- My Teddie gesels. Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [12] bl. gekl. illus. 21 sm. kanton. 2/3.
- Otjie en die betowerde fluit. Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [] bl. gekl. illus. $29\frac{1}{2}$ sm. kanton. 2/3.
- Otjie se skatkissie. Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [16] bl. gekl. illus. $29\frac{1}{2}$ sm. kanton. 2/3.
- Sannie. Johannesburg, Central news agency, s.j. [1953]. [12] bl. gekl. illus. 21 sm. kanton. 2/3.
- DIAMOND, Lucy. Die kind van die tempel; geill. deur Kenneth Inns Loughborough, Wills & Hepworth, s.j. [1953]. [51] bl. gekl. illus. wit. $17\frac{1}{2}$ sm. („Ladybird-boek,” reeks 522). 3/6.
- DOYLE, *sir* Arthur Conan, 1859-1930. Die avonture van Sherlock Holmes. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 195 bl. $6\frac{3}{8} \times 5$. („Libri-reeks,” nr. 10).
- FITINGHOF, Laura. Die kinders van die groot sneeuvel. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 205 bl. $7 \times 4\frac{3}{4}$. („Libri-reeks,” nr. 12).

- KABOUTERLAND. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1953]. ongep. gekl. illus. 21 sm. kanton. 8/6.
- KLERK, W. A. de. Die gésel van Namaland. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 249 bl. 19 sm. 10/-.
- MOUNTEVANS, *adm.* E.R.G.R. Met Scott na die Suidpool. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 307 bl. foto. $6\frac{3}{8} \times 5$. („Libri-reeks,” nr. 8).
- NAUDE, Bettie. Saartjie se slim plan. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 143 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. („Saartjie Baumann-reeks,” nr. 6). 7/6 (8/-).
- PISTORIUS, P. V. Waar Asgard blink: verhaale uit die Germaanse mitologie. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1953. 121 bl. 19 sm. 8/6.
- POSTMA, Minnie. Twee kalantjies; illus. deur M. Meiring. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 120 bl. illus. $23\frac{1}{2}$ sm. kanton. 8/6.
- SPENCE, Ela. Die elfies. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1953]. [18] bl. gekl. illus. $5\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{4}$ kanton. („Kleingoodboekies”).
- Soekie en die Tweeling. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 131 bl. $8 \times 5\frac{1}{2}$.
- Soekie en Kaptein. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 136 bl. 20 sm. 7/6 (7/10).
- TWAIN, Mark. Die avonture van Tom Sawyer. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 242 bl. $6\frac{7}{8} \times 4\frac{7}{8}$. („Libri-reeks,” nr. 6).
- WYSS, J. R. Die familie Robinson. Pretoria, J. L. van Schaik, 1953. 168 bl. illus. $17\frac{1}{2}$ sm. („Libri-reeks,” nr. 7). 7/6.

GESKIEDENIS

- KARASBURG. Historiese oorsig van Karasburg, geleë in die distrik Warmbad, Windhoek, Suidwes-drukkery, s.j. [1953?] 55 bl. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ pap.

TAALKUNDE

- FRANKEN, *dr.* J. L. M. Tentatiewe etimologieë. Stellenbosch, Annale van die Universiteit van Stellenbosch, 1953. 41 bl. bibl. 24 sm. pap. (Jg. 27, reeks B, nr. 1 (1953).) 5/6.

WOORDEBOEK

- AFRIKAANSE filatelistiese vereniging. *Johannesburg*. Engels-Afrikaanse filateliese woordelys/English Afrikaans glossary of philatelic terms. Johannesburg, Afrikaanse filatelistiese vereniging, s.j. [1953]. 32 bl. $19\frac{1}{2}$ sm. pap.

MUSIEK

- AFRIKAANSE sangsterretjies: 17 skool- en kindertuinliedjies vir die kinders van S.A.: deel I. Kaapstad, Müller, s.j. [1953]. 35 bl. 24 sm. 4/-.
- CARSTENS, Nico. Drie gewilde nommers vir die trekklavier. Johannesburg, Musiekuittgewersmy, van Afrika, 1953. 4 bl. 30 sm. pap. (P.A.435). 2/6.
- YALE, Carl *en* Roger. Wie gaan betaal vir die bier? Johannesburg, Musiekuittgewersmy, van Afrika, s.j. [1953]. 4 bl. 29 sm. pap. (P.A.373). 2/-.

OPVOEDKUNDE

- NEL, *dr.* B. F. Die geestesgesondheid van die onderwyser en die invloed hiervan op die wordende persoonlikheid van die kind. Pretoria, Fakulteit opvoedkunde, Universiteit, Pretoria, s.j. [1953]. 194-202 bl. $24\frac{1}{2}$ sm.

POTGIETER, G. J., en SYMINGTON, F. C. Die opvoedkundige en administratiewe implikasies van moderne groot middelbare skole. Pretoria, Fakulteit opvoedkunde, Universiteit Pretoria, 1953. 15 bl. 21 sm. (Opvoedkundige studies, nr. 1).

GODSDIENS

BREEDT, J. M. N. Handleiding vir katisante van die N.G. Sendingkerk in S.A. Elsie-rivier, Nasionale handels-drukkery, *drukkers*, s.j. [1953]. 113 bl. 18 sm.

CALVINISME en liberalisme. Potchefstroom, Calvyn-jubileum - boekfonds, 1953. 63 bl. 21½ sm. 2/6.

CARTER, Mary. Haar eerste liefde; verwerk deur W. F. Loots. Kaapstad, N.G. Kerkuitgewers, s.j. [1953]. 90 bl. 18 sm. pap. 5/6.

GEFEDEREERDE N.G. kerke. Lig en lewe: dagstukies vir een jaar. Kaapstad, N.G. kerkuitgewers, s.j. [1953]. 375 bl. 5¼ x 4¼. pap. 4/-.

HANEKOM, dr. T. N. Kerk en volk: die verhouding tussen Afrikaanse lewenskringe. Kaapstad, N.G. kerkuitgewers, s.j. [1953]. 143 bl. 18½ sm. karton. („Kerk- en volk-reeks,” nr. 10). 11/6.

HOVY, W. Deur geloof alleen: die lewe van Maarten Luther. Kaapstad, N.G. kerkuitgewers, s.j. [1953]. 110 bl. 7 x 4¾. pap. 6/6 (7/-).

KUYPER, Abraham. Vroue van die Bybel. Roodepoort, C.U.M., s.j. [1953]. 243 bl. 18 sm. 10/6.

LANGS groen weivelde: 24 predikasies van predikante in die ressort van die Part. Sinode van Suid-Transvaal en professore. Potchefstroom, Calvyn-Jubileum-boekfonds, s.j. [1953]. 162 bl. 21 sm. 7/-.

MARSHALL, Alex. Gods verlossingsplan. Kaapstad, A.E.B. - boekhandel, s.j. [1953]. 61 bl. 17 sm.

NEDERDUITS geref. gemeente, *Kimberley*. Feesprogram ter herinnering aan die inwyding van die herstelde kerkgebou, *ens*. Kimberley, Nederduits geref. gemeente, 1953. 28 bl. illus. 10¼x7½. pap. 2/6.

NEDERDUITS. Gereformeerde kerkuitgewers van S.A. Die berymde psalms . . . saam met die Evangeliese gesange. Kaapstad, N.G. kerkuitgewers, s.j. [1953]. xv. 314, xi, 325 bl. 10½ sm. kunsleer, 21/-.

NEDERDUITS hervormde of gereformeerde kerk, *Kommissie van Christelike milddadigheid*. Gods woord en ons gawes. Bloemfontein, Sentrale pers, *drukkers*, s.j. [1953]. 16 bl. 21 sm.

PEARSON, B. H. Die monnik 'wat herleef het: 'n verhaal van Suid-Amerika; vertaal deur D. L. du Toit. Kaapstad, Protestantse vereniging van Suid-Afrika, s.j. [1953]. 143 bl. 18½ sm. 5/6.

PIENAAR, B. J. Vyf-en-veertig jaar langs die spoor. Naauwpoort, Die skrywer, „Eureka,” s.j. [1953?]. 189 bl. illus. 21½ sm. 7/6.

RENSBURG, M. J. van. My klas en ek: 'n kort verhandeling oor die werk in ons Sondagskole. Johannesburg, Evangelie-uitgewers, s.j. [1953]. 16 bl. 17 sm.

SCHOLTEMEIJER, Herman. Ons blaai deur die Bybel. Kroonstad, die Skrywer, 1953. 48 bl. 22 sm.

VILLIERS, H. T. de. Die boodskap van die Tabernakel. Kaapstad, A.E.B.-boekhandel, s.j. [1953]. 96 bl. 18 sm.

WOELDERINK, J. G. Belydenis en nagmaal. Krugersdorp, Nederduits Hervormde Weeshuis-pers, bus 171, s.j. [1952]. 64 bl. 20½ sm.

WYK, ds. J. H. van, A.sn. Die doop as verbondsteken. Kaapstad, N.G. kerkuitgewers, s.j. [1953]. 15 bl. 18 sm. pap. 9d.

